

**SUBJEKTIEWE BELEWENIS VAN PRIVAATHEID IN  
DIE INFORMELE-WOONHUISONTWERP ONDER  
TSWANASPREKENDES IN DIE NOORDWES  
PROVINSIE**

**Elizabeth Louise Kempen**

B.Sc. Hons. (Huishoudkunde)

Verhandeling goedgekeur as gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister in Huishoudkunde in die Fakulteit Natuurwetenskappe van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Mnr. T.H. de Koker  
Mede-leier: Dr. L.A. Greyvenstein

Potchefstroom  
1997

Whatever the goal we're pursuing,  
No matter how rugged the climb,  
We're certain to get there  
by trying our best,  
And taking one day at a time.  
"Forever" is hard to imagine,  
"The future" may seem far away -  
But every new dawn  
brings a wonderful chance  
To do what we can on that day.

Emily Matthews

# BEDANKINGS

My opregte dank en waardering word hiermee uitgespreek teenoor:

- Mnr T.H. De Koker as studieleier van die Departement Bedryfsielkunde aan UNISA vir die bekwame leiding, volgehoue ondersteuning en hulp gedurende die studie.
- Dr L.A. Greyvenstein as mede-leier van die Departement Voeding en Gesinsekologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir die onderskraging en konstruktiewe bydrae tydens die studie.
- Dr M.E. Nelson vir die deeglike en noukeurige wyse waarop die taalversorging uitgevoer is.
- Mej. H. Roux vir die statistiese verwerking van die empiriese data.
- Professor J.E. Kruger van die Departement Sosiologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir die hulp tydens die samestelling van die vraelyste.
- Dr G.J.G. Vermeulen van die Departement Afrika Tale aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir die vertaling van die vraelyste.
- Die finalejaar Binneontwerpstudente van die Departement Voeding en Gesinsekologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir die onmisbare hulp met die veldwerk.
- Ds. Moselanie, mede-veldwerkers en respondente van Uitbreiding Een in Boikutsu te Lichtenbrug vir hul insette.

- Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir die puik dienslewering en spesifiek ook Mev. E.J. Van der Walt vir die kontrolering van die bibliografie.
- Mej. C.C.A. Vergeer vir die tik en uitleg van die verhandeling.
- Mnr. S.J. Kempen vir die akkurate en deeglike versorging van die verhandeling.
- Familie en vriende wie se ondersteuning van onskatbare waarde was.
- My ouers vir die aanmoediging en ondersteuning in alles wat op my lewenspad kom.

## **DEO GRATIAS**

Elizabeth Kempen  
1997

**POTCHEFSTROOM**

# INHOUDSOPGAWE

## Bladsy

<b>BEDANKINGS</b>	i
<b>ABSTRACT</b>	x
<b>OPSOMMING</b>	xii
<b>Hoofstuk 1: Oriëntering</b>	
1.1 Inleiding	1
1.2 Probleemstelling	2
1.3 Doelstellings	4
1.3.1 Hoofdoelstelling	4
1.3.2 Subdoelstelling	5
1.4 Konseptuele raamwerk	5
1.5 Terme verwant tot die studie	7
1.5.1 Informele woonhuis	7
1.5.2 Informele nedersetting	7
1.5.3 Plakkers	8
1.6 Empiriese metode van hierdie studie	8
1.7 Veronderstelling van die studie	8
1.8 Uiteensetting van die hoofstukke	8
<b>Hoofstuk 2 : Privaatheid en die Self</b>	
2.1 Inleiding	10
2.2 Definisies en omskrywing van privaatheid	11
2.2.1 Komponente van privaatheid	13
2.2.2 Opsomming	14
2.3 Individu se behoefte aan privaatheid	15
2.3.1 Oriëntering	15
2.3.2 Basiese toestande van privaatheid	15
2.3.3 Verwantskap tussen die komponente en toestande van privaatheid	19
2.4 Funksies van privaatheid	20
2.4.1 Oriëntering	20
2.4.2 Ontwikkeling van 'n self-identiteit	21
2.4.3 Beheer van sosiale interaksie	24
2.4.4 Opsomming	25

2.5	Gedragmeganismes van privaatheid	25
2.5.1	Oriëntering	25
2.5.2	Verbale gedragmeganisme	26
2.5.3	Nie-verbale gedragmeganisme	27
2.5.4	Persoonlike ruimte as omgewingsgedragmeganisme	28
2.5.5	Kultureel gedefinieerde norme en waardes	28
2.5.6	Dialektiese aard van gedragmeganismes	31
2.5.7	Opsomming	32
2.6.	Teoretiese modelle van privaatheid	33
2.6.1	Oriëntering	33
2.6.2	Altman se dialektiese model	33
2.6.3	Kritiek op Altman se benadering van privaatheid	36
2.6.4	Simboliese interaksionisme-model	39
2.6.5	Simboliese interkasionisme en die verband met Altman se dialektiese model van privaatheid	43
2.6.6	Gevolgtrekking	45
2.7	Algemene faktore wat privaatheid beïnvloed	45
2.7.1	Oriëntering	45
2.7.2	Persoonlike faktore	46
2.7.3	Situasionele faktore	49
2.7.4	Opsomming	53
2.7.5	Gevolgtrekking	53
2.8	Belangrikheid van privaatheid binne die woonhuis	54
2.8.1	Oriëntering	54
2.8.2	Samedrukking	55
2.8.3	Opsomming	58
2.9	Slot	59
<b>Hoofstuk 3 : Ontwerp van die ruimtelike omgewing</b>		
3.1	Inleiding	61
3.2	Gedrag binne die ruimtelike omgewing	62
3.2.1	Oriëntering	62
3.2.2	Omskrywing van gedrag	62
3.2.3	Omskrywing van die omgewing	63
3.2.4	Verwantskap tussen gedrag en die ruimtelike omgewing	64
3.2.5	Gedrag binne die transaksie-model	77
3.2.6	Gevolgtrekking	80
3.3	Ontwerp van die woonhuis as ruimtelike omgewing vir die handhawing van privaatheid	81

3.3.1	Oriëntering	81
3.3.2	Ruimtelike organisering in die woonhuis vir die handhawing van privaatheid	82
3.3.3	Ontwerpalternatiewe vir die handhawing vir privaatheid	89
3.3.4	Gevolgtrekking	95
3.4	Die rol van die professionele en onprofessionele ontwerper in die ontwerp van die woonhuis as ruimtelike omgewing	96
3.4.1	Oriëntering	96
3.4.2	Aard van ontwerp	96
3.4.3	Die ontwerpgaping en die verwantskap met privaatheid	98
3.4.4	Rol van verbruikersdeelname in die voorkoming van die ontwerpgaping	100
3.4.5	Rol van verbruikersbehoeftebepaling in die voorkoming van die ontwerpgaping	101
3.4.6	Post-okkupasie evaluasie (POE) in die voorkoming van die ontwerpgaping	102
3.4.7	Gevolgtrekking	104
3.5	Slot	104
<b>Hoofstuk 4 : Empiriese metode</b>		
4.1	Inleiding	107
4.2	Studie-ontwerp	107
4.2.1	Beskrywende studie	107
4.2.2	Populasie	108
4.2.3	Steekproef	109
4.2.4	Metode van data-insameling	111
4.2.5	Loodsstudies	116
4.2.6	Aanvang van die navorsingsprojek	119
4.3	Metode van data-verwerking	120
4.3.1	Invoer van data	120
4.3.2	Tweerigting-frekwensietabelle	120
4.3.3	Voorstelling van data	121
4.3.4	Chi-kwadraatpassingstoets	121
4.4	Slot	121
<b>Hoofstuk 5 : Bespreking van resultate</b>		
5.1	Inleiding	122
5.2	Biografiese profiel van die respondente van informele woonhuise	122
5.3	Profiel van die geboude informele woonhuis	127

5.3.1	Fisiese waarneming van die huidige geboude informele woonhuis	127
5.3.2	Ontwerp van die huidige informele woonhuis	132
5.3.3	Voorkeur in behuising en vloerplansamestelling	134
5.3.4	Ontleding van die vloerplan van die huidige informele woonhuis	136
5.4	Profiel van die belewenis van privaatheid van die respondente van informele woonhuise	139
5.4.1	Deel van kamer	140
5.4.2	Alleenwees	142
5.4.3	Beheer van inligting	151
5.5	Profiel van die toekomstige woonhuisontwerp	161
5.6	Slot	167
<b>Hoofstuk 6 : Gevolgtrekking</b>		
6.1	Inleiding	168
6.1.1	Die samestelling van 'n biografiese profiel van die inwoners van informele woonhuise	168
6.1.2	Die samestelling van 'n profiel van die geboude informele woonhuis	169
6.1.3	Die bepaling van die belewenis van privaatheid in die informele woonhuis	174
6.1.4	Profiel van die toekomstige woonhuisontwerp vir privaatheid	177
6.1.5	Omskrywing	178
<b>Hoofstuk 7 : Samevatting</b>		
7.1	Inleiding	179
7.2	Doel van die studie	179
7.3	Empiriese metode van die studie	179
7.4	Bevindings	180
7.5	Aanbevelings ten opsigte van privaatheid in die woonhuisontwerp	181
7.6	Moontlike leemtes betreffende hierdie studie	182
7.7	Aanbevelings vir verdere navorsing	183
7.8	Slot	183
<b>Bibliografie</b>		185
<b>BYLAE A</b>		
<b>BYLAE Aa</b>		
<b>BYLAE B</b>		
<b>BYLAE Bb</b>		
<b>BYLAE C</b>		
<b>BYLAE D</b>		

## LYS VAN TABELLE

Tabel 5.1	Frekwensies van die biografiese profiel van respondente van informele woonhuise	123
Tabel 5.2	Frekwensie van fisiese waarneming van die informele woonhuis	128
Tabel 5.3	Frekwensie van afwerkingsmateriaal van venster- en deuropeninge aan die binnekant van die woonhuis	129
Tabel 5.4	Frekwensies van die ontwerp van die slaapkamers en skeidingsmateriaal wat tussen slaapkamers in die informele woonhuis voorkom	130
Tabel 5.5	Frekwensies van die verbruikersbetrokkenheid van die inwoners	133
Tabel 5.6	Frekwensies van die aktiwiteite wat in die geïdentifiseerde vertrekke plaasvind	134
Tabel 5.7	Frekwensies van voorkeur in behuising, inwoning en vloerplansamestelling	135
Tabel 5.8	Frekwensies van die profiel van die vloerplan van die huidige informele woonhuis	136
Tabel 5.9	Standaardwoonhuis van die L - vorm, reghoek/vierkant - vorm en T, U en Z - vorm.	139
Tabel 5.10	Frekwensies van die deel van 'n slaapkamer	141
Tabel 5.11	Frekwensies van die respondente om as individue alleen te wees	142
Tabel 5.12	Frekwensies van gereserveerdheid van die individu om alleen te wees	145
Tabel 5.13	Frekwensies van gesin se vermoë om alleen te wees	147
Tabel 5.14	Frekwensie van respondente se interpretasie van toe en oop deuropeninge en ongenooide gesinslede/vriende	149
Tabel 5.15	Frekwensies van die respondente se vermoë om alleen te werk	152
Tabel 5.16	Frekwensies van die respondente se vermoë om persoonlike besittings privaat te hou	154

Tabel 5.17	Frekwensies van die respondente se belewenis van aan - en uittrek	155
Tabel 5.18	Frekwensies van die respondente se belewenis van persoonlike versorging	157
Tabel 5.19	Frekwensie van skoolgaande kinders ten opsigte van skoolwerk	158
Tabel 5.20	Frekwensie van volwassenes ten opsigte van leeswerk en skryfwerk	160
Tabel 5.21	Frekwensies van toekomstige woonhuisontwerp ten opsigte van alleen wees van die individu en gesin en ongenooide vriende en gesinslede	162
Tabel 5.22	Frekwensies van toekomstige woonhuisontwerp ten opsigte van die beheer van inligting	164

## LYS VAN FIGURE

Figuur 1.1	Konseptuele raamwerk van die subjektiewe belewenis van privaatheid in die informele-woonhuisontwerp onder Tswanasprekende inwoners van die Noordwes Provinsie	6
Figuur 2.1	Dialektiese aard van gedragsmeganismes (Altman, 1977:69)	31
Figuur 3.1	Verwantskap tussen gedrag en die ruimtelike omgewing (Aangepas uit Russel & Ward, 1982:653)	66
Figuur 3.2	Gedrag binne die transaksie-model (Porteous, 1977:135)	78
Figuur 3.3	Ontstaan van die ontwerp-gaping (Bell <i>et al.</i> , 1996:421)	98

# ABSTRACT

The informal housing situation is part of the housing problem in South Africa which was partially caused by the abolishment of the Group Areas Act and the Influx Control Act which contributed to rapid urbanisation and the establishment of informal settlements. To alleviate the housing backlog, the government has undertaken to erect 1 000 000 formal houses by 1999. While this process is being undertaken, many residents are still housed in informal houses in the North West Province. Research on the living conditions of the residents of informal houses is extremely limited. Furthermore, virtually no research has been done in South Africa on privacy behaviour with regard to housing design of the Tswana speaking residents of the North West Province.

The aim of this study was to (a) compile a biographical profile of the residents of informal houses; (b) compile a profile of the design of informal houses; (c) determine the experience of privacy in informal houses with regard to certain privacy scenario's and (d) determine the profile of future housing design for privacy.

In order to achieve the objectives, a descriptive study was undertaken using 100 homogeneous informal houses in Extension One of Boikutsu in Lichtenburg in the North West Province. The informal houses were selected by means of a non-randomised, non-proportional, stratified sampling method. Two structured questionnaires were developed concerning privacy and housing design. Field workers and co-field workers were responsible for the data collection. A floor plan of the informal house was also compiled, after which four housing categories were identified. Before the actual study took place two pilot studies were conducted. Data were analysed by means of two-way frequency tables and Chi-square tests.

It was found that the nature of the informal household is partly responsible for the respondents' housing situation in the North West Province. Results also indicate that the structural nature of the construction material, the design of the floor plan and also the size and quantity of rooms per house may influence privacy. The response to questions on the experience of privacy by residents of informal houses indicates that cultural factors may also influence this psycho-ecological phenomena. It was also found that the spatial nature of the housing environment does not accommodate privacy behaviour, which causes respondents to use other privacy mechanisms.

Although the informal housing design consists of the three Western zone components, namely the private, social and work zones, which could accommodate privacy, it was found that these components do not function effectively. The lack of spatial design in the informal house may have an effect on the experience of privacy by the residents. This was especially found in the smallest housing category.

The research results indicate that future housing design should include spatial and structural changes to accommodate privacy. This should improve the personal experience of privacy. The changed spatial environment should also accommodate privacy more effectively.

# OPSOMMING

Die informele behuisingsituasie is deel van die behuisingsprobleem in Suid-Afrika wat gedeeltelik veroorsaak is deur die afskaffing van die Groepsgebiede Wet en die Wet op Instromingsbeheer wat in 'n mate tot versnelde verstedeliking en die ontstaan van informele nedersettings gelei het. Om die behuisingsagterstand te help oplos, het die regering onderneem om 1 000 000 formele woonhuise teen 1999 op te rig. Terwyl hierdie proses in wording is, word inwoners steeds in informele woonhuise in die Noordwes Provinsie gehuisves. Tot dusver fokus min navorsing op die lewensomstandighede van die inwoners van informele woonhuise. In Suid-Afrika bestaan daar ook feitlik geen studies wat die privaatheidsgedrag van Tswanasprekendes van die Noordwes Provinsie ten opsigte van woonhuisontwerp ondersoek nie.

Die doel van hierdie studie was om (a) 'n biografiese profiel van die inwoners van informele woonhuise saam te stel; (b) 'n profiel van die beboude informele-woonhuisontwerp saam te stel; (c) die belewenis van privaatheid in die informele woonhuise ten opsigte van voorgestelde scenario's te bepaal en (d) 'n profiel van die toekomstige woonhuisontwerp vir privaatheid saam te stel.

Om hierdie doelwitte te bereik, is 'n beskrywende studie onder 100 homogene informele woonhuise van Uitbreiding Een te Boikutsu in Lichtenburg in die Noordwes Provinsie onderneem. Die informele woonhuise is deur middel van 'n nie-ewekansige, nie-proporsionele, gestratifiseerde steekproefneming bepaal. Twee gestruktureerde vraelyste is oor privaatheid en woonhuisontwerp ontwikkel. Veldwerkers en mede-veldwerkers was verantwoordelik vir die invordering van die data. 'n Vloerplan van die informele woonhuis is ook saamgestel, waarna daar vier woonhuiskategorieë geïdentifiseer is. Die werklike navorsingsprojek is voorafgegaan deur twee

loodsstudies. Data is deur middel van tweerigting frekwensietabelle en Chi-kwadraatpassingstoetse ontleed.

Daar is gevind dat die aard van die informele huishouding gedeeltelik verantwoordelik is vir die respondente se behuisingsituasie in die Noordwes Provinsie. Resultate dui ook daarop dat die strukturele aard van die konstruksiemateriaal, die ontwerp van die vloerplan sowel as die grootte en aantal vertrekke per woonhuis moontlik privaatheid beïnvloed. Die respons op die privaatheidsbelewenis van die respondente van informele woonhuise is ook 'n aanduiding dat kulturele faktore moontlik hierdie psigo-ekologiese fenomeen beïnvloed. Daar is ook 'n aanduiding dat die ruimtelike aard van die woonhuisomgewing nie privaatheidsgedrag akkommodeer nie, wat veroorsaak dat respondente moontlik ander privaatheidsmeganismes gebruik.

Alhoewel die informele-woonhuisontwerp die drie Westerse sonekomponente, naamlik die private, sosiale en werksone bevat wat privaatheid kan akkommodeer, is daar gevind dat die komponente nie effektief funksioneer nie. Die gebrek aan ruimtelike ontwerp in die informele woonhuise het moontlik 'n effek op die privaatheidsbelewenis van die inwoners van die informele woonhuis. Dit was veral die geval met die kleinste woonhuiskategorie.

Die navorsing dui daarop dat toekomstige woonhuisontwerp vir privaatheid behoort ruimtelike en strukturele verbeteringe in te sluit. Hierdeur sal die persoonlike belewenis van privaatheid vir die individu verbeter en die ruimtelike omgewing privaatheid beter akkommodeer.

# HOOFSTUK 1

## ORIËTERING

### 1.1 INLEIDING

Die informele woonhuis is die spieëlbeeld van die behuisingvraagstuk in Suid-Afrika, wat onder meer toegeskryf word aan die afskaffing van die Groepsgebiede Wet en Wet op Instromingsbeheer, wat 'n versnelde verstedeliking tot gevolg gehad het (Anon., 1990a:124; Anon., 1990b:28; Anon., 1992:26; Botes *et al.*, 1996:454; Crankshaw & Hart, 1990:65; De Beer 1989:72; De Beer, 1991:61; Harrison, 1992:14; McKendrick & Senoamadi, 1993:214). Volgens AlSayyad (1993:37) en Glenn *et al.* (1993:249) word die informele woonhuis verduur as die oplossing tot die behuisingkrisis in Derde Wêreldlande wat nie in staat is om geskikte behuising aan die verstedelike te verskaf nie. Poggenpoel *et al.* (1994:131) beskou die informele nedersetting as 'n permanente instelling in Suid-Afrika, wat ook in die toekoms sal bestaan. Volgens die Witskrif van die Departement van Behuising (SA, 1994:9) bestaan daar ongeveer 1,5 miljoen verstedelike informele woonhuise in Suid-Afrika, waarvan die studiepopulasie van die Noordwes Provinsie 'n deel uitmaak.

Die woonhuis volgens die Westerse benadering word as 'n omgewing beskou wat deur ontwerp aan bepaalde vereistes moet voldoen. Alhoewel die informele behuisingopset wêreldwyd erken word, bly die feit bestaan dat die aard van die informele woonhuis nie aan die Westerse behuisingstandaarde voldoen nie, maar dat dit tog individue, gesinne en bepaalde aktiwiteite huisves. Een van die aspekte wat geassosieer word met die woonhuis as residensiële omgewing en wat deel van die fisiese beboude omgewing is, is die mate waarin privaatheid gehandhaaf word. Hierdie psigo-ekologiese fenomeen is afhanklik van die wyse waarop die ontwerp van die fisiese beboude omgewing privaatheid handhaaf (Bell *et al.*, 1996:424). Volgens die

Westerse benadering van residensiële ontwerp word spesifieke areas in die woonhuis as private ruimtes ingerig om sodoende die privaatheidsbehoefte van die individu of gesin te akkommodeer (Nissen *et al.*, 1994:256). Die behoefte aan privaatheid kan ook as privaatheidsgedrag beskou word. Hierdie gedrag het ten doel om die individu die geleentheid vir die ontwikkeling van die self te bied. Die aard van privaatheid is ook kultuurgebonde. Die waarde en implementering van privaatheid word deur kultuur bepaal en dit beïnvloed dus ook die privaatheidsgedrag.

Dit word aanvaar dat gedrag binne 'n ruimtelike konteks plaasvind (Brebner, 1982:127; Germain, 1991:31; Liben, 1981:21). Dit is die woonhuis as ruimtelike omgewing wat verantwoordelik is vir die handhawing van privaatheidsgedrag deur die implementering van suksesvolle privaatheidsontwerp. Oseland en Donald (1993:251) beweer ook dat die ruimtelike aspekte wat met die woonhuis verband hou onder meer die privaatheidsbeleving van die inwoners insluit. Die ontwerp van die fisies beboude gedragsomgewing lewer dus 'n bydra tot die akkommodering van privaatheidsgedrag wat die individu ondersteun in die ontwikkelingsproses. Om privaatheid binne die ontwerp van die ruimtelike omgewing suksesvol te laat funksioneer, is dit ook belangrik dat die noodsaaklikheid van privaatheid in die ontwerp van die residensiële omgewing in ag geneem word. Smith (1994:31) beweer dat privaatheid een van die essensiële eienskappe van die woonhuis as tuiste is.

## **1.2 PROBLEEMSTELLING**

Die behuisingsbeleid van die regering sedert 1994 het ten doel om die behuisingstekort op te los deur 1 000 000 formele woonhuise teen die jaar 1999 te verskaf (Robinson, 1994:4; SA, 1994:6). Alhoewel die regering poog om hierdie standaard te handhaaf, is daar inwoners wat wel in informele woonhuise op 'n gediensde erf woon wat deel van die formele residensiële ontwikkeling is, wat ook as tydelike informele "waghuis" bekend staan (Strydom,

1997:3). Hierdie inwoners word verplig om onder die huidige behuisingsvoorsieningsbeleid vir formele woonhuise te wag.

Alhoewel informele behuising deel van die Suid-Afrikaanse behuisingsituasie is, bestaan daar min Suid-Afrikaanse literatuur wat vanuit 'n wetenskaplike oogpunt die omstandighede van die inwoners van informele woonhuise bestudeer. Studies is wel onderneem om die redes vir die ontstaan, samestelling en huidige omstandighede van die Vlakfontein informele nedersettings soos deur Crankshaw en Hart (1990:65) bestudeer en Phola Park wat deur Adler (1994:98) ondersoek is. De Beer (1993:112) het ook die behuisingsomstandighede in Mamelodi met spesifieke verwysing na informele en plakkersbehuising bestudeer. Botes *et al.* (1996:453) het wel 'n waardevolle bydrae gelewer tot die wyse waarop opgradering van informele nedersettings in die Bloemfontein - Mangaung area suksesvol uitgevoer is. Die veld van informele navorsing is egter baie wyd en nie spesifiek gerig op die informele woonhuisomstandighede van die Noordwes Provinsie nie.

Privaatheid word beskou as 'n belangrike psigo-ekologiese fenomeen wat die individu ondersteun in die ontwikkeling van die self. Dit is veral die privaatheid wat die woonhuis as ruimtelike omgewing vir die individu bied, wat 'n invloed op die ontwikkeling van die individu met betrekking tot die self mag hê. Die literatuur wat hierdie studie-onderwerp aanhaal word deurgaans vanuit die Westerse kulturele perspektief benader terwyl etlike observasies deur Altman en Chemers (1984:75) onder ander kulture ten opsigte van privaatheid gemaak is. Weens die feit dat privaatheidsgedrag tussen kulture verskil is die veronderstelling dat die Tswanakultuur ook die privaatheidsgedrag van die studiepopulasie kan beïnvloed. Die Tswanasprekende populasie van die Noordwes Provinsie se belewenis van privaatheid is tot op hede nog nie ondersoek nie. Hul belewenis van privaatheid ten opsigte van die woonhuis is ook nie bepaal nie. Dit is daarom nie moontlik om 'n sinvolle bydrae tot die subjektiewe belewenis van privaatheid ten opsigte van die Tswanakultuur te maak nie.

Die woonhuis word beskou as een van die fisies beboude omgewings wat privaatheidsgedrag akkommodeer. Volgens Omata (1992:259) is dit ook moontlik dat hierdie fisiese struktuur die lewenswyse van die inwoners bepaal. Die ontwerp van die woonhuis word grootliks onderneem vanuit 'n Westerse ontwerpperspektief wat ruimtes insluit wat aan bepaalde eienskappe en funksies geken word (Nissen *et al.*, 1994:140). Binne die woonhuis het elke individu die behoefte aan sy/haar eie ruimte, maar die wyse waarop die behoefte binne 'n spesifieke kultuur hanteer word verskil (Omata, 1992:259). Die perspektief van die informele inwoner op woonhuisontwerp is tot op hede nie genoteer om sodoende 'n bydrae te lewer tot die toekomstige woonhuisontwerp wat sal voldoen aan die privaatheidsbehoefte van die individu van die informele woonhuis nie.

Die probleem is dus dat daar min feitelike inligting met betrekking tot die ontwerp van die huidige informele woonhuis bestaan wat die Tswanasprekende se belewenis van privaatheid binne die informele-woonhuisontwerp omskryf. Hierdie studie sal poog om feitelike inligting aangaande die belewenis van privaatheid binne die informele-woonhuisontwerp van Tswanasprekende inwoners van die Noordwes Provinsie te bekom. Daardeur word gepoog om die aard van privaatheidsgedrag onder die Tswanasprekende inwoners van informele woonhuise vas te stel. Dit kan 'n bydrae tot die toekomstige woonhuisontwerp en die akkommodering van privaatheid onder Tswanasprekende inwoners van die Noordwes Provinsie in Suid-Afrika lewer.

## **1.3 DOELSTELLINGS**

### **1.3.1 Hoofdoelstelling**

Die hoofdoelstelling van hierdie studie is om die subjektiewe belewenis van privaatheid in die informele-woonhuisontwerp onder Tswanasprekende inwoners van die Noordwes Provinsie te ondersoek, met die doel om 'n beter

begrip van die privaatheidsbelewenis in die informele woonhuis te vorm en sodoende 'n bydrae tot die toekomstige woonhuisontwerp vir privaatheid te lewer.


### **1.3.2 Subdoelstellings**

Om die subjektiewe belewenis van privaatheid in die informele-woonhuisontwerp onder Tswanasprekende inwoners van die Noordwes Provinsie te bepaal, moet die volgende aspekte uitgevoer word:

- die samestelling van 'n biografiese profiel van die inwoners van die informele woonhuis;
- die samestelling van 'n profiel van die beboude informele-woonhuisontwerp;
- die bepaling van die belewenis van privaatheid in die informele woonhuis ten opsigte van voorgestelde scenario's; en
- die bepaling van 'n profiel van die toekomstige woonhuisontwerp vir privaatheid.

## **1.4 KONSEPTUELE RAAMWERK**

Die konseptuele raamwerk gee 'n voorstelling van die probleem wat hierdie studie ondersoek.



**Figuur 1.1** Konseptuele raamwerk van die subjektiewe belewenis van privaatheid in die informele-woonhuisontwerp onder Tswanasprekende inwoners van die Noordwes Provinsie.

Die konseptuele raamwerk illustreer die probleem van hierdie studie, naamlik die invloed wat die informele-woonhuisontwerp op die privaatheidsgedrag van die individu het.

Die informele-woonhuisontwerp dien as ruimtelike omgewing waarbinne die individu homself/haarself bevind. Die ruimtelike omgewing is bekend daarvoor dat dit privaatheidsgedrag beïnvloed (vgl. Par. 3.2.4). Die woonhuisomgewing beskik dus oor die vermoë om die privaatheidsgedrag van die individu te bepaal.

Privaatheidsgedrag is prominent in die ontwikkeling van die self van die individu, maar die belangrikheid van privaatheidsgedrag word ook deur die kultuur van die individu bepaal. Die belewenis van die individu se privaatheid binne die informele woonhuis kan 'n bydrae tot die beplanning en akkommodering van privaatheid in toekomstige woonhuisontwerp lewer.

Die ontwerp van toekomstige woonhuise volgens die privaatheidsgedrag van die individu van die huidige informele woonhuis kan ook 'n effek op die toekomstige privaatheidsgedrag van die individu hê.

## **1.5 TERME VERWANT AAN DIE STUDIE**

### **1.5.1 Informele woonhuis**

Die informele woonhuis is 'n vorm van basiese beskutting wat van onkonvensionele laekoste boumateriale wat op 'n informele wyse verkry is, buite die formele verskaffingstegnieke opgerig word. Die term "informele woonhuis" verwys ook na self-help behuising wat nie volgens planne gebou word nie (Anon., 1992:26; Anzorena, 1993:59; Harrison, 1992:14; Holden, 1996:14; Van Wyk, 1996:2).

### **1.5.2 Informele nedersetting**

'n Nedersetting waar die gemeenskap uit informele woonhuise bestaan (Van Wyk, 1996:2).

### **1.5.3 Plakkers**

Die term plakker verwys na die ongemagtigde en onwettige gebruiker van grond of behuising (as skuiling) wat aan ander partye behoort. Plakkers is dus nie sinoniem met die bewoners van informele woonhuise nie. 'n Plakkersnederstelling word gewoonlik in verstedelike areas aan die buiterand van die stedelike area gevind (Anon., 1992:26; Van Wyk, 1996:3).

## **1.6 EMPIRIESE METODE VAN HIERDIE STUDIE**

Ten einde die navorsingdoelstellings te bereik, is 'n literatuurstudie uitgevoer waarna twee meetinstrumente, naamlik vraelyste en vloerplanne gebruik is om die belewenis van privaatheid van die inwoners van informele woonhuise van Boikutsu Uitbreiding Een te bepaal en om die profiel van die informele woonhuis saam te stel. Twee loodsstudies is uitgevoer en daar is van opgeleide veldwerkers en mede-veldwerkers vanuit die gemeenskap gebruik gemaak om die data in te samel. Die data is statisties verwerk en daar is tweerigting frekwensietabelle saamgestel.

## **1.7 VERONDERSTELLING VAN DIE STUDIE**

Dit word aanvaar dat die navorser alles binne haar vermoë gedoen het om te verseker dat die metode van data-insameling konsekwent uitgevoer is, om 'n betroubare en geldige beeld van die subjektiewe belewenis van privaatheid van die inwoners van informele woonhuise te verseker. Respondente het vrywillig aan die studie deelgeneem.

## **1.8 UITEENSETTING VAN DIE HOOFSTUKKE**

Hierdie studie word in sewe hoofstukke uiteengesit.

Hoofstuk 1 gee die oriëntering tot die studie weer deur die probleemstelling, doelstellings, konseptuele raamwerk, empiriese metode en terme verwant aan die studie, asook veronderstelling van hierdie studie kortliks te bespreek.

Hoofstuk 2 handel oor privaatheid en die self, wat onder meer privaatheid definieer en omskryf sowel as die individu se behoeftes aan privaatheid, die funksies van privaatheid, die gedragsmeganismes van privaatheid, teoretiese modelle van privaatheid, die algemene faktore van privaatheid en die belangrikheid van privaatheid binne die woonhuis.

Hoofstuk 3 handel oor die ontwerp van die ruimtelike omgewing deur te fokus op die gedrag binne die ruimtelike omgewing, die ontwerp van die woonhuis as ruimtelike omgewing vir die handhawing van privaatheid en die rol van die professionele en onprofessionele ontwerper in die ontwerp van die woonhuis as ruimtelike omgewing.

Hoofstuk 4 bied 'n kort samevatting van die empiriese metode in die geheel wat gevolg is om 'n beeld te kry van die subjektiewe belewenis van privaatheid in die informele-woonhuisontwerp wat onder Tswanasprekende inwoners van die Noordwes Provinsie gevolg is.

Hoofstuk 5 bevat die bespreking van die resultate van die studie waartydens die opvallendste resultate kortliks uitgelig word

In Hoofstuk 6 word die resultate volgens die subdoelstellings van hierdie studie bespreek.

In Hoofstuk 7 word die gevolgtrekking wat uit hierdie studie gemaak kan word, uiteengesit sowel as aanbevelings vir toekomstige woonhuisontwerp om privaatheid te akkommodeer.

# HOOFSTUK 2

## PRIVAATHEID EN DIE SELF

### 2.1 INLEIDING

Die individu is voortdurend in interaksie met die fisiese omgewing, wat meebring dat die individu bepaalde gedrag of sosiale funksioneringseienskappe toon. Sterk sosiale beïnvloedingsfaktore, wat kontak met ander individue of groepe insluit, het volgens Heimstra en McFarling (1978:3) 'n diepgaande invloed op die gedrag van die individu as respons op stimulasie vanuit die fisiese sowel as ruimtelike omgewing.

Die ruimtelike omgewing word deur Canter (1986:5) as verteenwoordigend van die sosiale interaksiepatrone van die individu gesien, wat aspekte soos privaatheid, persoonlike ruimte, territorialiteit en samedrukking insluit. Die impak wat die fisiese omgewing op die ruimtelike omgewing en die emosies van die individu het, sowel as die effek van hierdie omgewings op die gedrag van die individu, vorm die hoof fokuspunt van die omgewingsielkundige se studieveld (Mehrabian & Russel, 1974:4). Vanweë die bydrae wat die fisiese en ruimtelike omgewing tot die sosiale funksionering van die individu lewer, is Viljoen (1987:87) van mening dat bogenoemde aspekte as psigo-ekologiese fenomene geklassifiseer kan word. Dit is veral die omgewingsielkundige benadering wat tydens hierdie studie gevolg sal word.

Altman (1975:3) se konseptualisering van privaatheid, persoonlike ruimte, territorialiteit en samedrukking as vier psigo-ekologiese fenomene identifiseer 'n interverwantskap tussen hierdie fenomene waarvan privaatheid sentraal is. Privaatheid word gesien as 'n reguleringsproses waartydens die individu of groep homself/haarself meer of minder toeganklik vir ander maak deur die gebruik van individuele persoonlike ruimte of territoriale afbakening as meganismes. Die onsuksesvolle implementering van hierdie meganismes lei tot 'n sosiale toestand van samedrukking of beënging.

Privaatheid, as sentrale fenomeen konsentreer egter op die individu, wat die self insluit. Die self vorm 'n belangrike skakel tussen die mate van openheid of geslotenheid wat deur die individu op 'n selektiewe wyse bepaal word. Die individu word vanuit die fisiese en ruimtelike omgewings aan bepaalde omstandighede onderwerp wat 'n invloed uitoefen op die mate van beheer wat die individu oor die self uitoefen. Vir die individu vorm die woonhuis, as fisiese en ruimtelike omgewing, die simbool van privaatheid, waar die self aan beheerde of onbeheerde interaksie blootgestel word. Die woonhuis se invloed op die individu se belewenis van privaatheid, en veral die belewenis van privaatheid deur die individu van die informele woonhuis, vorm daarom 'n belangrike fokus vir hierdie studie.

In hierdie hoofstuk, sal privaatheid volgens die beskouing van Altman (1975:17) gedefinieer en omskryf word. Daar sal op die individu se behoefte aan privaatheid gefokus word. Die basiese toestande van privaatheid sal geïdentifiseer en bespreek word. Twee belangrike funksies van privaatheid, naamlik die ontwikkeling van die individu se self-identiteit en die beheer van sosiale interaksie sal indringend aandag geniet, waarna die gedragsmeganismes wat die individu gebruik om privaatheid te verseker, bespreek sal word. Binne die konteks van privaatheid, sal Altman se dialektiese model van privaatheid sowel as simboliese interaksionisme as relevante modelle tot privaatheid bespreek word. Algemene faktore wat privaatheid beïnvloed, met inagneming van die verwantskap tussen privaatheid en die residensiële omgewing, sal kortliks bespreek word. Laastens sal privaatheid met betrekking tot die woonhuis aandag geniet.

## **2.2 DEFINISIES EN OMSKRYWING VAN PRIVAATHEID**

Verskeie outeurs beskou Altman se definisie van privaatheid as die mees geskikte en basiese definisie om hierdie fenomeen te omskryf (Gifford, 1987:199; Heimstra & McFarling, 1978:185; Holahan, 1982:240; Veitch & Arkkelin, 1995:267). Die term "privaatheid" word deur Altman (1975:18) gedefinieer as:

"...the selective control of access to the self or to one's group."

Ontleding van hierdie definisie dui daarop dat Altman (1975:18) eerstens deur "to the self or to one's group" van 'n verskeidenheid sosiale groepe melding maak. Individue verkeer met ander individue of groepe in interaksie. Tweedens, word privaatheid as 'n tweeledige proses gesien deurdat die term verwys na die mate waarin toeganklikheid insette vanaf die omgewing en uitsette vanaf die individu of groep beheer (Viljoen, 1987:93). Derdens kan privaatheid as 'n selektiewe beheer, 'n aktiewe en dinamiese proses gesien word wat aan omstandighede en tyd onderwerp word.

Privaatheid, as fenomeen, word deur verskeie outeurs gedefinieer in 'n poging om die essensiële karakter van privaatheid vas te vang. Die volgende definisies gee 'n voorstelling daarvan:

"Privacy, as a whole or in part, represents the control of transactions between person(s) and other(s), the ultimate aim of which is to enhance autonomy and/or to minimize vulnerability."

(Margulus, 1977:10.)

Berscheid (1977:86) is van mening dat Margulus se definisie van privaatheid 'n verskeidenheid standpunte oor privaatheid konsolideer en dat dit konsekwent is met Westin (1970:18) se benadering ten opsigte van die vier toestande van privaatheid (vgl. Par. 2.3.2).

"... control over the amount of interaction we choose to maintain with others."  
(Delerga & Chaikin, 1977:102).

"... regulatory process that serves to selectively control access of external stimulations to one's self or the flow of information to others." (Klopfer & Rubenstein, 1977:53).

"... the claim of individuals, groups or institutions to determine for themselves when, how and to what extent information about themselves is communicated to others viewed in terms of the relation of the individual to social participation. Privacy is the voluntary and temporary withdrawal of a person from the general society through physical or psychological means, either in a state of solitude small-group intimacy or, when among larger groups, in a condition of anonymity or reserve." (Westin, 1970:7).

"... condition of separating from the public domain, which is voluntary and temporary and into which the state, as representative of the public domain, does not justifiably intrude. This includes physical, psychological and information separation and goes both ways." (Newell, 1994:67).

"Privacy is the possession by an individual of control over information that would interfere with the acceptance of his claims for an identity with a specified role relationship." (Foddy & Finighan, 1980:6).

Die ontleding van hierdie definisies dui op die komplekse aard sowel as die verskeidenheid komponente waaruit privaatheid saamgestel word.

### **2.2.1 Komponente van privaatheid**

Alhoewel die bogenoemde outeurs belangrike aspekte soos die verkryging van individuele outonomie, keuse van interaksie en inligtingbeheer, reguleringsprosesse en die onttrekking van interaksiegeleenthede van privaatheid aanraak, is dit die definisie van Altman wat deurslaggewend in die bestudering van privaatheid as fenomeen is. Daar sal vervolgens gepoog word om die komponente van hierdie definisie te identifiseer en omskryf. Altman (1975:18) identifiseer twee belangrike komponente, naamlik onttrekking en die beheer van informasie, as kern tot die konsep "privaatheid". Hierdie komponente word deur Gifford (1987:199), Holahan (1982:240), Marshall (1972:93), Newell (1994:66) en Viljoen (1987:89) soos volg omskryf.

### 2.2.1.1 *Onttrekking*

Onttrekking van die individu of groep vanuit 'n sosiale funksie, word deur Altman (1975:17) as afsondering, intimiteit of vermyding van interaksie deur die individu of groep beskou. Volgens Gifford (1987:199) kan onttrekking ook gesien word as die mate waarin die individu interaksie behartig aangesien "access to the self" ook na inligting oor die self of interaksie met die self of ander kan verwys. Newell (1994:66) beskou onttrekking as 'n belangrike komponent in haar model van privaatheid as 'n sisteem en sien dit eerder as 'n ontwikkelingsfaset wat retrospeksie, self-evaluering en analise insluit. Dit omvat vele ander relevante aspekte tot self-ontwikkeling.

### 2.2.1.2 *Beheer van informasie*

Beheer van informasie, deur die individu of groep, word deur Altman (1975:17) gespesifiseer as die oopmaak en toemaak van die self tot ander, wat dus die vryheid van keuse ten opsigte van persoonlike toegang insluit. Volgens Holahan (1982:240) is die gebruik van die begrip "selective control" van pas wanneer beheer oor informasie van toepassing is, deurdad die individu of groep op 'n sistematiese wyse die openheid van die self beheer, soos wat die omstandighede hulself voordoen. Die beheer van informasie blyk 'n belangrike komponent van privaatheid te wees, weens die impak wat dit op die self het.

Vir die doel van hierdie studie sal Altman se beskouing van privaatheid indringend bestudeer word. Dit sal as grondslag vir hierdie studie dien.

## 2.2.2 **Opsomming**

Uit bogenoemde ontleding van privaatheid, met verwysing na die basiese definisie en die komponente van privaatheid, volgens Altman se beskouing, is dit duidelik dat privaatheid 'n sleutelrol in die sosiale gedrag van die individu speel. Dit is veral die twee komponente, naamlik onttrekking en beheer van

informatie wat in die woonhuis van belang is. Deur die implementering van hierdie twee komponente in die woonhuis is die individu in staat om privaatheid te verkry. Dit is daarom belangrik dat hierdie twee komponente binne die ontwerp van die woonhuis verseker word. Dit is ook opmerklik dat die komponente van privaatheid tot die behoeftes van die individu spreek. Laasgenoemde word deels deur die woonhuis voorsien. Hier volg 'n kort uiteensetting van die individu se behoeftes aan privaatheid.

## **2.3 INDIVIDU SE BEHOEFTE AAN PRIVAATHEID**

### **2.3.1 Oriëntering**

Die individu se behoefte aan privaatheid kan in verskillende kategorieë geplaas word afhangende van die aard van die privaatheidsbehoefte wat die individu ondervind. Hierdie kategorieë staan ook as die basiese toestande van privaatheid bekend. Daar sal gepoog word om die rol te illustreer wat die woonhuis in die handhawing van die basiese toestande van privaatheid speel.

### **2.3.2 Basiese toestande van privaatheid**

Westin (1970:18) het op 'n sistematiese wyse vier tipes of basiese toestande van privaatheid, naamlik afsondering, reservering, anonimiteit en intimiteit geïdentifiseer, wat onder meer deur Altman (1975:18), Gifford (1987:201), Veitch en Arkkelin (1995:68) en Viljoen (1987:93) erken word. Marshall (1972:97) het 'n addisionele toestand van privaatheid, naamlik nie-buurlikheid gedurende die ontwikkeling van die "Privacy Performance Scale", geïdentifiseer. Vervolgens sal die basiese toestande van privaatheid kortliks bespreek word.

### 2.3.2.1 *Afsondering*

Afsondering is 'n ekstreme toestand van privaatheid wat deur die individu verkies word wanneer die individu 'n begeerte het om alleen te wees en vry van enige vorm van waarneming wil wees (Altman, 1975:18; Gifford, 1987:200; Proshansky *et al.*, 1976:174; Veitch & Arkkelin, 1995:68 en Viljoen, 1987:93). Alhoewel die individu of persoon vry van waarneming is en 'n vorm van totale isolasie beleef, is die individu nog steeds onderworpe aan gehoor, reuk en gevoelstimuli, sowel as ander sensasies van pyn en temperatuurveranderinge (Proshansky *et al.*, 1976:174). Volgens Marshall (1974:255) kan afsondering ook as 'n strategie van die individu beskou word, waartydens die vlak van privaatheid verander word, deurdat toegang van ander individue tot die self deur middel van fisiese skeidings of 'n bepaalde afstand tussen die self en ander beperk word. Afsondering skep daarom 'n gunstige atmosfeer vir die ontwikkeling van die self sowel as vir die proses van self-evaluasie wat belangrik is vir die ontwikkeling van die individu se self-identiteit (Taylor & Ferguson, 1979:288) (vgl. Par. 2.4.2). Volgens Kelvin (1973:253) kan afsondering 'n aangename ervaring vir die individu tot gevolg hê, wat 'n gevoel van tevredenheid bevorder.

### 2.3.2.2 *Reservering*

Altman (1975:18), Gifford (1987:69), Marshall (1974:255), Proshansky *et al.* (1976:176) en Viljoen (1987:93) beskou reservering as die daarstelling van 'n psigiese versperring teen ongewenste indringing. Hierdie psigiese versperring is volgens Viljoen (1987:93) die ekwivalent van fisiese versperrings wat onder meer by afsondering voorkom. Reservering kan as 'n toestand van privaatheid geklassifiseer word waartydens 'n individu, selfs gedurende die mees intieme situasies, nie sekere aspekte van 'n persoonlike aard, of waaroor hy/sy skaam is, openbaar nie (Proshansky *et al.*, 1976:176). Die individu verkeer dus in 'n toestand waar heersende stimulasie uitgesluit word en die individu se gedagtes deur ander denke in die teenwoordigheid van ander individue gevul word. Die individu neem dus nie aktief aan die

groepstimulasie deel nie. Proshansky *et al.* (1976:176), sowel as Viljoen (1987:93), maak melding van die feit dat indien reservering in groepsverband plaasvind, die individu daarop moet aanspraak maak en dit in ander individue respekteer.

### 2.3.2.3 *Anonimiteit*

Anonimiteit is volgens Viljoen (1987:93) die mees onpersoonlike tipe privaatheid wat die individu verlang. Proshansky *et al.* (1976:174) beskou anonimiteit as die toestand waartydens die individu nie in 'n publieke omgewing geïdentifiseer wil word nie. Daar is volgens Marshall (1974:255) 'n groot aantal vreemdelinge om die individu, wat sosiale interaksie bewerkstellig, waartydens die individu anoniem bly. Vir die individu, wat deel is van 'n gesin, is anonimiteit nie prakties uitvoerbaar nie. Daar sal dus in hierdie studie, nie aandag daarop gevestig word nie.

### 2.3.2.4 *Intimiteit*

Altman (1975:18), Gifford (1987:201), Marshall (1974:255), Proshansky *et al.* (1976:174) en Viljoen (1987:93) is dit almal eens dat intimiteit deur 'n groep beoefen word wat sodoende hoë eise aan privaatheid stel. Volgens Proshansky *et al.* (1976:174) kan hierdie groep deur 'n man en vrou, gesinslede, portuurgroep en vele ander groepvorme gevorm word. Proshansky *et al.* (1976:174) en Viljoen (1987:93) is van mening dat die vereistes vir privaatheid meer as net vryheid van eksterne waarneming insluit. Die individu wend 'n poging aan om alle sensoriese insette buite die geskikte fisiese omgewing te verminder. Daarstelling van die korrekte omgewing om intimiteit te bevorder word deur Taylor en Ferguson (1979:228) as noodsaaklik vir die ontwikkeling van 'n deeglike verhouding tussen lede van die groep beskou.

### 2.3.2.5 *Nie-buurlikheid*

Marshall (1972:97; 1974:262) beskou nie-buurlikheid as die individu se afkeer van vriende of van bure se geneigdheid om inbreuk op die individu se privaatheid te maak, sonder om die individu te verwittig van hul koms. Die individu het ook, tydens nie-buurlikheid, 'n voorkeur vir nie-betrokkenheid met bure of vriende. Dit verwys dus na die mate waarin betrokkenheid met ander en die openbaring van die self aan ander beheer word (Marshall, 1974:268).

### 2.3.2.6 *Opsomming*

Die tipes of basiese toestande van privaatheid bepaal die wyse waarop die individu beheer oor interaksie en blootstelling van die self aan ander uitoefen. Die behoefte aan privaatheid sluit ook individuele keuse ten opsigte van watter tipe privaatheid geskik is, sowel as wanneer die tipe privaatheid verlang word, in (Marshall, 1972:93). Marshall (1974:255) is ook van mening dat drie van die geïdentifiseerde toestande van privaatheid, naamlik afsondering, reservering en anonimiteit meer van toepassing op die individu is. Dit is veral die woonhuis wat by magte is om afsondering, intimiteit en nie-buurlikheid deur middel van fisiese skeidings in die woonhuisontwerp te akkommodeer. Die woonhuisontwerp is egter nie grootliks verantwoordelik vir die toestand van reservering nie, aangesien dit deur die individu self bepaal word en reservering binne enige van die ander toestande van privaatheid ervaar kan word.

In hierdie studie sal daar gepoog word om die basiese toestande van privaatheid, soos ervaar deur die Tswanasprekendes van die Noordwes Provinsie, te bepaal aangesien geen literatuur hierdie aspek binne die studiepopulasie behandel nie. Dit is veral die ontwerp van die woonhuis wat die toestande van privaatheid moet akkommodeer waaraan aandag geskenk sal word.

Vir die individu om 'n basiese toestand van privaatheid te ervaar, is daar melding van die gebruik van fisiese skeidings gemaak. 'n Ondersoek in groter diepte na die gebruik van fisiese skeidings binne woonhuisontwerp vir die handhawing van privaatheid word in Hoofstuk 3 uiteengesit. Vervolgens sal 'n bespreking die verband tussen die komponente van privaatheid en die tipes of basiese toestande van privaatheid uitlig.

### **2.3.3 Verwantskap tussen die komponente en toestande van privaatheid**

In die ontleding van die tipes of basiese toestande van privaatheid wat die individu vereis, word daar veral klem geplaas op die grootte van verskillende sosiale groepe waarin die individu homself/haarself bevind. In sommige gevalle wil die individu as enkeling privaatheid, soos tydens afsondering, reservering en anonimiteit, ervaar. Intimiteit is egter 'n toestand waartydens 'n aantal individue privaat wil wees. Om die toestande van privaatheid te akkommodeer, word ook bepaalde vereistes gestel waaraan die fisiese omgewing moet voldoen. Tydens afsondering en intimiteit moet die fisiese omgewing waarneming bemoeilik.

Die ontleding van hierdie aspekte vind verder 'n duidelike aansluiting by die komponente van privaatheid (vgl. Par. 2.2.1). Volgens Veitch en Arckelin (1995:279) word die onttrekkingskomponent van privaatheid ondersteun deur die mate van afsondering en intimiteit wat deur die individu verlang word. Hierdie twee privaatheidstoestande sinspeel op die feit dat die individu weg van stimulasie en ander individue of groepe wil wees. Die tweede komponent van privaatheid, naamlik die beheer van informasie, word deur die toepassing van gereserveerdheid, nie-buurlikheid en anonimiteit bewerkstellig. Dit is ook duidelik aan die ontleding van die tipes privaatheid, veral gelet op die funksies wat elkeen verrig, dat die individu verskillende ruimtes of territoria benodig om hierdie funksies suksesvol te implementeer (Taylor & Ferguson, 1979:229). Hieruit is dit duidelik dat die fisiese omgewing 'n rol in die handhawing van die toestande van privaatheid speel.

### 2.3.3.1 Opsomming

Die individu se behoefte aan privaatheid word dus in verskeie tipes of toestande van privaatheid gemanifesteer. Hierdie toestande van privaatheid bepaal ook die wyse waarop die fisiese en sosiale omgewing die privaatheidsbehoefte ondersteun. Binne die konteks van hierdie studie is dit veral die woonhuis, as fisiese en sosiale omgewing, wat die individu se behoefte aan privaatheid kan akkommodeer of nie, binne die komponente van privaatheid, naamlik onttrekking en beheer van informasie.

Die identifisering en omskrywing van die toestande van privaatheid, naamlik afsondering, reservering, anonimiteit, intimiteit en nie-buurlikheid vorm daarom 'n belangrike aspek van hierdie studie. Die mate waarin die woonhuis hierdie toestande van privaatheid kan akkommodeer sal 'n invloed hê op die kwaliteit van privaatheid, wat deur die individu ervaar word. 'n Volgende aspek wat die noodsaaklikheid van privaatheid vir die individu illustreer, is die funksies van privaatheid wat kortliks bespreek sal word.

## 2.4 FUNKSIES VAN PRIVAATHEID

### 2.4.1 Oriëntering

Holahan (1982:243) sowel as Veitch en Arkkelin (1995:270) identifiseer twee hoof funksies van privaatheid, naamlik die **ontwikkeling van 'n self-identiteit** en die **beheer van sosiale interaksie tussen die self, wat 'n deel van die individu is, en die sosiale omgewing** waarvan die individu deel vorm. Volgens Altman en Chemers (1984:82) is hierdie kognitiewe prosesse wat die funksie van privaatheid vorm, deel van die verhouding van individue en kulture met hul omgewing. Daar word dus aanvaar dat hierdie bewering ook op die studiepulasie van toepassing gemaak kan word. Hierdie funksies het ten doel om die individu die geleentheid te gee om interaksie te beperk sodat die individu self-onderzoek kan instel wat tot die ontwikkeling van 'n eie self-identiteit kan lei. Onderliggend aan hierdie twee funksies is Altman (1977:68)

van mening dat privaatheid ook die individu in staat stel om planne en strategieë vir moontlike interaksie met ander individue tot stand te bring, wat verdere verhoudings tussen die individu en sosiale omgewings bewerkstellig (Altman, 1975:45). Privaatheid vorm dus 'n belangrike skakel in die ontwikkeling en vorming van die self, deurdat dit 'n geskikte omgewing daarstel sowel as interpersoonlike grense tussen die individu en ander reguleer, waardeur interaksie bepaal word. Die mate van interaksie wat plaasvind hou ten nouste verband met die ontwikkeling van die self. Die twee geïdentifiseerde funksies van privaatheid, naamlik die ontwikkeling van self-identiteit en die beheer van sosiale interaksie sal vervolgens vanuit 'n omgewingsielkundige perspektief benader en bespreek word.

#### **2.4.2 Ontwikkeling van 'n self-identiteit**

Altman (1975:48) is van mening dat die ontwikkeling van 'n self-identiteit diep binne die self van die individu of groep geleë is. Self-identiteit is 'n individu of groep se kognitiewe, psigiese en emosionele definisies en begrip van wie hulle is. Dit lewer 'n bydrae tot hul menswees binne gemeenskappe, groepe en kulture. Volgens Jordaan en Jordaan (1985:696) gee 'n self-identiteit aan die individu die gevoel van kontinuïteit en eenheid wat betref sy/haar fisieke, sielkundige en sosiale eienskappe. Die ontwikkeling van die self-identiteit van 'n individu begin by die daarstelling van grense wat 'n onderskeid tussen die **ek** en **nie-ek** en tussen die **self** en **nie-self** of tussen die **individu** en die **omgewing** tref (Viljoen, 1987:101). Altman (1975:49) ondersteun Viljoen (1987:101) se standpunt oor self-identiteit en brei verder daarop uit deur self-identiteit te omskryf as "...includes persons knowing where they begin and where they end, which aspects of the physical world are parts of the self, and which aspects are parts of others. It encompasses self-understanding of one's capabilities and limitations, strengths and weaknesses, emotions and cognitions, beliefs and disbeliefs".

Die ontwikkeling van 'n self-identiteit is volgens Gifford (1987:245) daarom alleenlik moontlik nadat die individu geleer het om sy/haar persoonlike

grense en beperkinge te definieer en te identifiseer. Die belang van die ontwikkeling van 'n self-identiteit waartydens die self dimensie kry, word deur Viljoen (1987:101) beklemtoon vir die effektiewe funksionering van die individu. Self-identiteit is dus die ontwikkelingsproses wat die individualiteit van die individu bevorder (Laufer & Wolfe, 1977:26) deurdat dit geleentheid vir verpersoonliking en uitdrukking van die self moontlik maak (Laufer *et al.*, 1976:206). Die self vorm die fokuspunt waarom privaatheid draai. Die self kan alleenlik 'n identiteit deur 'n proses van skeiding vanaf die fisiese en sosiale omgewing ontwikkel (Laufer *et al.*, 1976:206; Laufer & Wolfe, 1977:26). Dit is veral met die woonhuis in gedagte dat die skeiding van die fisiese en sosiale omgewing na vore kom.

Privaatheid impliseer skeiding wat 'n toestand van alleenheid, wat vrywillig of verplig kan wees, insluit. Binne die opset van die woonhuis word hierdie skeiding gehandhaaf deur die fisiese skeidings wat tydens die ontwerp van die woonhuis opgerig word. Wanneer die skeiding vrywillig is, is die individu in staat om binne hierdie toestand te funksioneer en self-beskikking te beoefen (Laufer *et al.*, 1976:206; Laufer & Wolfe, 1977:27). Verpligte skeiding kan volgens Laufer en Wolfe (1977:27) 'n negatiewe ervaring vir die individu inhou omdat dit afgedwing is en nie uit vrye keuse ontstaan het nie. Die skeiding van die fisiese en/of sosiale omgewing stel die individu in staat om die self te beskerm, uit te brei, te versorg en te versterk. Hierdie ervaring van privaatheid het 'n groot invloed op die individu se self-identiteit en gedrag (Laufer & Wolfe, 1977:28). Privaatheid kan daarom volgens Gifford (1987:245) gesien word as daardie fenomeen wat in diens van die ontwikkeling van 'n self-identiteit is. Die ontwikkeling van die individu is dus ten nouste afhanklik van die effektiwiteit waarmee die fisiese skeidings in die woonhuis hierdie proses ondersteun. Die ontwikkeling van 'n self-identiteit word deur die proses van self-kennis en persoonlike outonomie bevorder wat vervolgens bespreek sal word.

#### 2.4.2.1 *Self-kennis*

Self-kennis is volgens Altman (1975:48) die geleentheid vir die individu of groepe om na hulself te kyk, hulself te omskryf en te evalueer sonder die teenwoordigheid van ander. Viljoen (1987:101) asook Jordaan en Jordaan (1985:689) is van mening dat self-kennis deur die handeling van **self-evaluasie** en **sosiale vergelyking** met ander individue plaasvind. Westin (1970:36) sien self-evaluasie as die funksie van privaatheid waartydens die individu homself/haarself van sekere omstandighede verwyder deur die proses van afsondering of onttrekking, inligting vanuit die stimuli prosesseer en bepaalde gedrag antisipeer. Self-evaluasie word daarom bevoordeel wanneer die individu 'n toestand van afsondering beleef. Altman (1975:49) is ook van mening dat self-kennis in diens van die self-identiteit is en dat die verwydering van die individu uit die publieke oog self-evaluasie bevorder. Privaatheid is dus belangrik by die handeling van self-evaluasie en sosiale vergelyking deurdat dit die milieu en omgewing skep vir die uitvoer van hierdie proses.

#### 2.4.2.2 *Persoonlike outonomie*

Westin (1970:37) beskou privaatheid as 'n belangrike sleutel tot die ontwikkeling van 'n **persoonlike outonomie**. Volgens Holahan (1982:245) sluit persoonlike outonomie die individu se persoonlike gevoelens van onafhanklikheid, bewustelike keuse en vryheid van manipulasie in. Persoonlike outonomie verwys dus na die individu wat self op 'n selfstandige wyse funksioneer. Die proses van persoonlike outonomie vervul ook 'n belangrike funksie deurdat dit die individu in staat stel om 'n keuse uit te oefen wanneer privaatheid verlang word (Proshansky *et al.*, 1976:175). Die fenomeen "privaatheid" ondersteun die proses van persoonlike outonomie deurdat dit 'n geskikte omgewing vir die ontwikkeling van die individu se persoonlike outonomie daarstel. Volgens Viljoen (1987:102) is die ontwikkeling van 'n persoonlike outonomie deel van die ontwikkeling van 'n individu se self-identiteit.

Westin (1970:32) is verder van mening dat privaatheid ook die geleentheid vir **emosionele vrylating** op 'n psigiese sowel as 'n fisiese vlak aan die individu bied. Proshanksy *et al.* (1976:175) is ook oortuig dat die individu periodes van privaatheid benodig om uiting aan verskeie emosies te gee weens stressors vanuit die biologiese en sosiale omgewing. Persoonlike outonomie stel die individu dus in staat om self en op 'n selfstandige wyse privaatheid in werking te stel om sodoende emosionele vrylating te bewerkstellig.

### **2.4.3 Beheer van sosiale interaksie**

Die tweede funksie van privaatheid is die beheer van sosiale interaksie. Beheer vorm 'n sentrale konsep tot privaatheid. Privaatheid, soos deur Altman gekonseptualiseer word as die fenomeen beskou wat **beheer** oor interaksie met die sosiale omgewing en die onthulling van persoonlike inligting uitoefen (Viljoen, 1987:103). Volgens Laufer *et al.* (1976:210) is die behoefte en vermoë om hierdie vorm van beheer uit te oefen, kritiek vir privaatheid en die ontwikkeling van die self. Die konsep van "beheer" in privaatheid sluit beheer oor die maak van 'n keuse, beheer oor toegang tot die self of ander en beheer oor stimulasie in, waartydens die individu dus beheer oor die tipe privaatheid, hetsy op 'n fisiese of psigiese vlak, uitoefen (Laufer *et al.*, 1976:211). Die self, met verwysing na die self-identiteit, is afhanklik van die mate van beheer wat die individu uitoefen (Veitch & Arkkelin, 1995:270). Die individu wil stimuli soos interaksie-moontlikhede, informasie (Holahan, 1982:243), tempo van sosiale kontak (Altman, 1979:101), geraas en visuele stimuli beperk (Laufer *et al.*, 1976:211) deur beheer daarvoor uit te oefen. Altman (1975:47; 1977:68) is van mening dat 'n goeie self-identiteit gestimuleer word deur die suksesvolle beheer van interaksie teenoor 'n negatiewe self-identiteit wat die oorsaak van mislukte interaksiebeheer is.

Die beheer van sosiale interaksie vorm ook 'n belangrike komponent van persoonlike outonomie (Gifford, 1987:68) (vgl. Par. 2.4.2.2) deurdad die individu 'n keuse ten opsigte van die mate van interaksie kan uitoefen. Dit is volgens

Laufer en Wolfe (1977:34) juis die jeug wat dit moeilik vind om sosiale interaksie in die woonhuis, veral met gesinslede, te beperk. Die woonhuis is by magte om beheer oor sosiale interaksie uit te oefen veral wanneer daar op die gebruik van fisiese skeidings gelet word.

#### **2.4.4 Opsomming**

Die funksies van privaatheid, naamlik die ontwikkeling van 'n self-identiteit en die beheer van sosiale-interaksie het ten doel om die individu die geleentheid te gee om deur middel van die prosesse van self-kennis en persoonlike outonomie 'n eie identiteit te ontwikkel. Die ontwikkeling van die individu is afhanklik van die mate van beheer wat oor die fisiese en sosiale omgewing uitgeoefen kan word. Privaatheid vorm dus 'n belangrike basis in die ontwikkeling van die individu. Dit is veral die ontwerp van die woonhuis wat die ontwikkeling van die identiteit van die individu binne 'n bepaalde kultuur kan akkommodeer deur die individu in staat te stel om beheer oor die woonhuisomgewing uit te oefen.

Daar is in die voorafgaande paragrawe na die konsep van "beheer" met betrekking tot privaatheid verwys. Vir die individu om beheer uit te oefen, waardeur privaatheid verseker kan word, moet sekere gedrag as meganismes dien. Hierdie meganismes word ook deur die individu binne die woonhuisomgewing gebruik om privaatheid te verkry. Daar sal vervolgens 'n kort uiteensetting en bespreking oor die verskillende gedragsmeganismes volg.

## **2.5 GEDRAGSMEGANISMES VAN PRIVAATHEID**

### **2.5.1 Oriëntering**

Privaatheid word as 'n toestand beskou wat die individu op 'n bepaalde tyd verlang. Om privaatheid te verkry, toon die individu spesifieke gedrag. Hierdie gedrag wat as meganisme dien, stel die individu in staat om 'n optimale vlak van privaatheid te bereik. Weens die feit dat hierdie studie op die

ontwerp van die woonhuis met betrekking tot privaatheid fokus, kan hierdie gedragsmeganismes ook binne die woonhuis van toepassing gemaak word, asook in die algemeen gebruik word om privaatheid te verkry. Altman (1975:32) identifiseer vier gedragsmeganismes wat die volgende insluit:

- verbale gedragsmeganisme
- nie-verbale gedragsmeganisme
- persoonlike ruimte as omgewingsgedragsmeganisme en
- kultureel gedefinieerde norme en waardes.

Die gedragsmeganismes kan as 'n sisteem benader word wat volgens Margulus (1977:13) mekaar vervang of aanvul, met mekaar reageer, dinamies teenoor heersende omstandighede optree en wat in kombinasie of enkel, van watter aard ook al, geïmplementeer word om vir die individu 'n aanvaarde vlak van privaatheid te verseker. Die werking van hierdie gedragsmeganismes is wel aan tyd en bepaalde omstandighede onderworpe (Altman, 1975:32). Altman en Chemers (1984:80) is van mening dat verskillende kulture hul eie gedragsmeganismes ontwikkel. Wanneer die gedragsmeganismes van privaatheid in afsondering bestudeer word vanuit die navorser se verwysingsraamwerk, is Altman en Chemers (1984:81) oortuig dat die privaatheidsgedragsmeganismes van ander kulture nie verstaan sal word nie.

Elkeen van die bogenoemde gedragsmeganismes sal vervolgens in die algemeen en nie kultuurspesifiek ten opsigte van die studiepopulasie, bespreek word. Daar sal spesifiek op die funksies van hierdie meganismes gefokus word terwyl hierdie gedragsmeganismes in die opsomming op die woonhuis van toepassing gemaak sal word.

### **2.5.2 Verbale gedragsmeganisme**

Een van die mees algemene meganismes om insette en uitsette van inligting van of na die self te beheer, is die verbale gedragsmeganisme (Delerga &

Chaikin, 1977:103). Viljoen (1987:98) sowel as Holahan (1982:250) is van mening dat die inhoud sowel as die strukturele aard van verbale gedrag gebruik kan word om privaatheid te verkry. Dit is egter die inhoud en strukturele aard van verbale gedrag wat bepalend as gedragsmeganisme vir privaatheid is.

#### 2.5.2.1 *Inhoud van verbale gedrag*

Die inhoud van verbale gedrag verwys volgens Altman (1975:33) na die kern van verbale kommunikasie en is dus wat gesê word. Holahan (1982:250) wys daarop dat die individu ander inlig of daar interaksie met die omgewing sal plaasvind en of privaatheid deur die individu gehandhaaf sal word.

#### 2.5.2.2 *Strukturele aard van verbale gedrag*

Die strukturele aard van die verbale gedragsmeganisme verwys na die para-verbale of taalkundige aard van spraak wat taalstyl, stemdinamiek, woorde-skat, uitspraak en dialek insluit (Viljoen, 1987:98). Volgens Holahan (1982:250) is die strukturele aard van die verbale gedragsmeganisme net so effektief om interaksie of privaatheid vir die individu te verseker.

Die individu kan deur wat gesê word sowel as die wyse waarop iets gesê word die aard en vlak van privaatheid wat verlang word, bewerkstellig. Die verbale gedragsmeganisme is dus 'n effektiewe reguleringsmeganisme van privaatheid alhoewel Altman en Chemers (1984:80) beweer dat verbale gedragsmeganismes nie noodwendig in alle kulture gebruik word nie, maar dat ander gedragsmeganismes sterker binne hierdie kulture figureer.

#### **2.5.3 Nie-verbale gedragsmeganisme**

Altman (1975:34) verwys na die begrip "nie-verbale gedragsmeganisme" as lyftaal wat 'n aanduiding is van die wyse waarop die individu arms en bene posisioneer, liggaamshouding sowel as gebare en kopbewegings gebruik om

'n aanvaarde vlak van gemaklikheid in persoonlike of sosiale omstandighede aan te dui (Viljoen, 1987:98).

Die nie-verbale gedragmeganisme of lyftaal waarna verwys is kan wel 'n bydrae lewer om te verseker dat die individu 'n optimale vlak van privaatheid beleef. Die interpretasie van hierdie meganisme is egter kultuurgebonde en dit is moontlik dat dit verskillend geïnterpreteer kan word (vgl. Par. 2.5.5).

#### **2.5.4 Persoonlike ruimte as omgewingsgedragmeganisme**

Viljoen (1987:87) het reeds melding gemaak van persoonlike ruimte as psigo-ekologiese fenomeen (vgl. Par. 2.1). Persoonlike ruimte word as die omgewing verder weg van die individu beskou wat 'n onsigbare grens om die self vorm (Altman, 1975:37). Dit vorm daardie skeiding tussen die self en ander en is 'n integrale deel van die self-identiteit en outonomie van die individu (Viljoen, 1987:106). Volgens Altman (1975:36) is persoonlike ruimte 'n omgewingsgedragmeganisme wat toegepas word om die gewenste vlak van privaatheid vir die individu te verseker.

Elke individu beskik oor 'n persoonlike ruimte wat verander na gelang van die omstandighede. Hierdie psigo-ekologiese konsep kan dus 'n waardevolle bydrae lewer tot die verkryging van privaatheid, deurdat die aard en omvang van privaatheid deur die grootte van die grens wat deur persoonlike ruimte verseker word, bepaal word. Alhoewel hierdie gedragmeganisme minder opsigtelik is as die verbale en nie-verbale gedragmeganismes, kan dit wel effektief as privaatheidsreguleerder gebruik word. Persoonlike ruimte, as gedragmeganisme, word beskou as 'n kultureel spesifieke meganisme wat privaatheid kan verseker (Altman & Chemers, 1984:107).

#### **2.5.5 Kultureel gedefinieerde norme en waardes**

Kultuur verwys na die sosiale nalatenskap van individue wat die geleerde patroon navolg van denke, gevoel en handeling wat eie aan 'n gemeenskap

is, wat ook deur materiële voorwerpe uitgebeeld word (Vander Zanden, 1990:62). Volgens Wallace en Wallace (1985:46) sluit kultuur ook die waardes en norme van die gemeenskap in. Altman en Chemers (1984:79) is van mening dat hierdie norme, waardes en reëls van 'n bepaalde kultuur as meganismes dien om kontak met ander te bewerkstellig. Hierdie meganismes word deur almal van 'n bepaalde kultuur verstaan.

Vanuit 'n antropologiese benadering is kultuur 'n produk van die mens wat gekenmerk word deur denke, handeling en verhoudings binne 'n kollektiewe geheel van mense wat dit onderhou en handhaaf (Pauw, 1981:13). Kultuur sluit dus volgens Pauw (1981:13) nie alle produkte van menslike aktiwiteite in nie, maar slegs dit wat algeheel deur die mense aanvaar word. Die konsep van kultuur sluit die norme of standarde in wat deur denke, spraak en ander aksies sowel as materiële voorwerpe gehandhaaf word. Pauw (1981:14) beweer verder dat kulturele norme nie vir alle individue dieselfde is nie en dat verskillende norme vir mans en vrouens, persone van verskillende ouderdomme, ensovoorts geld, maar dat kultuur wel 'n belangrike rol in die vorming van 'n individu se persoonlikheid speel (Pauw, 1981:17). Pauw (1981:24) maak ook melding van die feit dat kommunikasie 'n belangrike faktor binne 'n kultuur is deurdat gesigsuitdrukings, liggaamshoudings, gebare en ander aksies gemeenskaplik deur 'n bepaalde kultuur herken word.

Kulturele norme, tradisies en gewoontes speel 'n belangrike rol in die daarstelling van gewenste vlakke van privaatheid (Viljoen, 1987:99) deur taal, tradisie en waardes wat grense van privaatheid vir die individu vorm (Laufer & Wolfe, 1977:28). Holahan (1982:251) is van mening dat gedragsmeganismes, wat interpersoonlike grense tussen die individu en die omgewing reguleer, in alle kulture teenwoordig is, maar wat volgens Viljoen (1987:99) verskil ten opsigte van waar, hoe en wanneer die individu privaatheid ervaar. Dit beklemtoon die feit dat gedragsmeganismes wat vir die skeiding tussen die self en ander verantwoordelik is, universeel is en in alle gemeenskappe, wat uit verskillende kulture saamgestel word, teenwoordig is (Altman, 1975:42). Altman en Chemers (1984:83) postuleer

dat die proses van privaatheidsregulering, sentraal tot menslike funksionering is wat in alle kulture teenwoordig is, in so 'n mate dat die vermoë van die individu om interaksie te beheer, bestuur en handhaaf kultureel universeel is. Die outeurs postuleer verder dat alle kulture meganismes het wat hulle in staat stel om privaatheid te reguleer, maar dat die wyse waarop privaatheid gereguleer word, wel van kultuur tot kultuur verskil (Altman & Chemers, 1984:84).

Die identifisering van kulturele gedragse meganismes binne die Tswanakultuur is egter beperk tot slegs 'n vorm van isolasie wat tydens inisiasie van seuns en dogters toegepas word (Shaw, 1974:105). Alhoewel daar tot op hede geen noemenswaardige inligting aangaande die Tswanakultuur se privaatheid en die toepassing daarvan binne die woonhuisontwerp bestaan nie, kan dit aanvaar word dat hierdie konsep wel van belang vir Tswanas is. Hierdie stelling vind aansluiting by die feit dat die noodsaaklikheid van privaatheid vir die ontwikkeling en vorming van die individu reeds bespreek is en die hipotese van Altman en Chemers (1984:84), dat privaatheid kultureel universeel is, ook hier geld.


'n Vorm van privaatheid wat wel onder die tradisionele Tswana-gemeenskap beleef word, is waar die getroude paartjies 'n eie hut met jonger kinders deel of waar adolose kinders van beide geslagte saam 'n hut deel of waar die adolose kinders 'n hut met 'n ouer vroulike familielid deel. Ongetroude volwassenes het ook aparte hutte vir aparte geslagte. Die hutte is hoofsaaklik as slaapkamers gebruik aangesien alle ander aktiwiteite in die openbaar in die binneplaas plaasgevind het (Shapiro, 1971:40).

Kultuur speel 'n belangrike rol in die belewenis van privaatheid. Weens die omvang en komplekse aard van kultuur sal hierdie gedragse meganisme nie in aanmerking vir hierdie studie gebring word nie, maar sal slegs die onderliggende rol van kultuur as gedragse meganisme erken word. Kultuur kan wel as 'n gedragse meganisme gebruik word om privaatheid vir die individu te verseker.

Die verskillende gedragsmeganismes wat bespreek is, vind aansluiting by die dialektiese model van Altman (vgl. Par. 2.6.2) en daar sal gepoog word om hierdie verband in die daaropvolgende bespreking te illustreer.

### 2.5.6 Dialektiese aard van gedragsmeganismes

Privaatheid word deur Altman (1977:67) as 'n interpersoonlike grensreguleringsproses tussen die self en ander beskou wat 'n netwerk van gedragsmeganismes insluit. Soos reeds bespreek in die voorafgaande paragrawe, gebruik die individu hierdie meganismes om gunstige vlakke van sosiale interaksie te bewerkstellig en daardeur 'n optimale persoonlike privaatheid te handhaaf (Holahan, 1982:249). Die gebruik van veelvoudige gedragsmeganismes om privaatheid te verseker (vgl. Par. 2.5) word deur Altman in 'n sirkeldiagram uitgebeeld (vgl. Fig. 2.1). Die sirkeldiagram stel ook die dialektiese aard van privaatheidsregulering voor (vgl. Par. 2.6.2).



**Figuur 2.1: Dialektiese aard van gedragsmeganismes (Altman, 1977:69).**

Die model bestaan uit verskillende klein sirkels wat verskillende gedragsmeganismes, wat verbale, nie-verbale, omgewings- en kulturele gedrag vir die beheer van privaatheid insluit. Die verdeling binne die sirkels

verteenwoordig die dialektiese aard van openheid (toeganklikheid) of geslotenheid (nie-toeganklikheid) wat die individu verkies (Altman, 1977:69). Die gebroke lyn rondom die sirkels is 'n aanduiding van die veranderende deurlaatbaarheid van die self en ander grense (Altman, 1979:98). Hierdie model is wel deur Altman voorgestel vir privaatheidsregulering van verskillende kulture alhoewel Altman (1979:99) van mening is dat hierdie model ook oor die algemeen vir privaatheid gebruik kan word. Weens die algemene aard van Altman se reguleringsmodel en die feit dat dit nie op 'n spesifieke kultuur van toepassing is nie, maar wel ruimte laat vir verskillende kulture, kan dit aanvaar word dat hierdie model ook op Suid-Afrikaanse gemeenskappe sowel as vir hierdie studie van toepassing gemaak kan word.

### **2.5.7 Opsomming**

Die individu het 'n behoefte aan 'n optimale vlak van privaatheid. Die toepassing van hierdie gedragsmeganismes stel die individu in staat om privaatheid te verkry. Wanneer die individu binne die konteks van die woonhuis geplaas word, word hierdie gedragsmeganismes gebruik om privaatheid te verkry en is die keuse en gebruik van die gedragsmeganisme kultuurspesifiek. Die dialektiese aard van hierdie meganismes bied die individu die geleentheid om die verkose of die optimale vlak van privaatheid te verseker deurdat die dialektiese vlak van openheid of geslotenheid beheer word. Die konsep van toeganklikheid het 'n noue verband met die vlak van privaatheid wat beleef word. Die individu is dus in staat om deur die toepassing van bogenoemde meganismes binne die dialektiese aard daarvan die behoefte aan 'n bepaalde vlak van privaatheid te bevredig. Binne die dialektiese aard van privaatheid is die kultuurspesifieke wyse waarop privaatheid hanteer en geakkommodeer word wel ter sprake wanneer die belewenis van privaatheid ondersoek word.

Privaatheid word as 'n gedrag beskou wat die individu in staat stel om die self as 'n outonome entiteit te ontwikkel. Vervolgens sal daar gepoog word om

die gedrag van die individu sowel as die ontwikkeling van die self te bekyk binne teoretiese modelle wat 'n rol in die konsep van privaatheid speel.

## **2.6 TEORETIESE MODELLE VAN PRIVAATHEID**

### **2.6.1 Oriëntering**

Verskeie teoretiese modelle van privaatheid as 'n gedragsfenomeen is ontwikkel. Volgens Viljoen (1987:94) konsentreer 'n aantal van hierdie teoretiese modelle op die dinamika van privaatheid wat onder meer Altman se Dialektiese Model en die Simboliese Interaksionisme-model insluit. Hierdie teoretiese modelle word deur Viljoen (1987:95) as sosio-psigologiese perspektiewe beskou waartydens die individu met die omgewing in interaksie is. Binne hierdie modelle staan privaatheid sentraal tot die bevrediging van die individu se behoeftes. Vervolgens sal elk van hierdie modelle bespreek word.

### **2.6.2 Altman se dialektiese model**

Binne die definisie van privaatheid (vgl. Par. 2.2) word 'n dialektiese proses geïdentifiseer. Die dialektiese proses word op twee opponerende kragte gebaseer. Die twee opponerende kragte wat in Altman se dialektiese model ter sprake is, is die mate van openheid of geslotenheid wat die individu vir sosiale interaksie toon. Openheid word deur Viljoen (1987:95) geïnterpreteer as die bereidwilligheid van die individu om by ander aan te sluit, om met ander geassosieer te word of om die self aan ander bloot te stel. Geslotenheid is volgens Viljoen (1987:95) die mate waarin die individu die self van ander onttrek of afsluit. Altman (1975:22; 1976:12; 1977:67) beskou die wisselwerking tussen die mate van openheid of geslotenheid van die dialektiese proses as drywende kragte wat individue na mekaar aantrek of afstoot deurdat die individu tye beleef waarop hy/sy alleen of in interaksie met ander wil wees. Die begeerte na sosiale interaksie of nie-interaksie word deur heer-

sende omstandighede en tyd verander of beïnvloed (Altman, 1975:23; Altman, 1977:67).

Dit is duidelik dat die dialektiese proses van privaatheid nie 'n eenrigting-proses is wat 'n "binne hou" of "buite hou" benadering volg soos wat tradisioneel aanvaar is nie. Die dialektiese aard van privaatheid dui daarom op 'n proses wat gedurig aan verandering onderwerp word wat die ideale vlak van kontak, hetsy onttrekking of interaksie, verteenwoordig (Altman, 1976:12). Volgens Viljoen (1987:95) vorm hierdie opponerende kragte, as deel van die dialektiese proses, 'n verenigde psigologiese sisteem.

Verdere ontleding van Altman se dialektiese model identifiseer twee dialektiese komponente wat op privaatheid van toepassing is. Hierdie komponente sal vervolgens bespreek word.

#### 2.6.2.1 *Dialektiese komponente*

Twee dialektiese komponente, naamlik die interpersoonlike grensreguleringsaard van privaatheid en die optimaliseringsaard van die dialektiese model word kortliks bespreek.

##### 2.6.2.1.1 Interpersoonlike grensreguleringsaard van privaatheid

Die kern tot die dialektiese model wat deur Altman voorgestel word, is die proses van interpersoonlike grensregulering waartydens individue of groepe openheid en geslotenheid met die sosiale en fisiese omgewing deur middel van interpersoonlike grense of versperrings reguleer (Altman, 1975:27; Viljoen, 1987:96). Om die werking van die interpersoonlike grense te verduidelik maak Altman (1975:27) van die selmembraan as model gebruik. Volgens Holahan (1982:248) reguleer die selmembraan die sel se openheid tot die eksterne omgewing net soos die interpersoonlike grense die individuele openheid tot die sosiale omgewing reguleer. Holahan (1982:248) verduidelik verder dat soos wat die selmembraan 'n respons op veranderinge in

die interne en omliggende omgewings toon, net so reguleer die individu sy/haar interpersoonlike grense wanneer sosiale omstandighede verander. Viljoen (1987:96) is van mening dat die selmembraan dus die insette vanaf die eksterne omgewing na die sel en die uitsette vanaf die sel na die omliggende omgewing reguleer. Die interpersoonlike grensreguleringsproses van die individu is dus gebaseer op die regulering van insette, wat as die stimuli vanaf mense sowel as ander vorme van stimuli buite die self soos ondermeer telefoonoproepe, radioprogramme of verbale kommunikasie gedefinieer word (Viljoen, 1987:96) en uitsette wat die self se onderneming is om kontak met ander te maak, vanaf die self na die omliggende omgewing (Viljoen, 1987:96). Die interpersoonlike grensreguleringsproses is weereens 'n aanduiding van die plooibaarheid van privaatheid met behulp van die openheid en geslotenheid. Die dialektiese aard van privaatheid is 'n aanduiding dat die interpersoonlike grensreguleringsproses van privaatheid ook aan omstandighede onderwerp word (Altman, 1976:13).

Tydens die werking van die interpersoonlike grensreguleringsproses kan privaatheid vanuit 'n optimaliseringsaard beskou word deurdat die individu volgens Altman (1975:25) na 'n optimale vlak van privaatheid streef.

#### 2.6.2.1.2 Optimaliseringsaard van die dialektiese model

Altman (1977:67) beskou privaatheid nie as 'n enkele proses nie, maar dat daar vlakke van **te veel** of **te min** privaatheid bestaan wat nie vir die individu bevredigend is nie. Daar is dus 'n wisselwerking tussen 'n begeerde en verkrygte vlak van privaatheid. Hierdie wisselwerking is volgens Altman (1977:67) onderworpe aan die dialektiese aard van privaatheid. Wanneer die vlak van privaatheid wat die individu ervaar, gelyk is aan die vlak van privaatheid wat die individu begeer, is Altman (1975:27) van mening dat 'n optimale vlak van privaatheid bereik is. Hierdie vlak word bereik wanneer die individu die vlak van sosiale insette en uitsette wat verlang is, verkry het en sodoende optimale beheer oor privaatheid verkry het (Altman, 1976:14). Wanneer die vlak van privaatheid wat die individu ervaar nie aan die vlak van

privaatheid wat verlang word voldoen nie, beleef die individu 'n situasie van isolasie, wat 'n aanduiding van te veel privaatheid is. Die individu kan ook 'n toestand van oorbesetting beleef wat 'n aanduiding van te min privaatheid is (Altman, 1976:14; Altman, 1977:67).

#### 2.6.2.2 *Opsomming*

Die proses van interpersoonlike grensregulering wat die mate van openheid of geslotenheid is wat die individu beleef, het 'n noue verband met die optimaliseringsaard van die dialektiese model van Altman. Die woonhuis lewer 'n bydrae tot die proses van interpersoonlike grensregulering deurdat dit die individu van ander skei en sodoende die openheid en geslotenheid wat die individu verlang, bepaal. Daar word weereens aanvaar dat hierdie model universeel en nie kultuurspesifiek is nie, weens die universele aard van privaatheid. Die toepassing van die openheid en geslotenheidskomponente kan ook tot gevolg hê dat die individu te veel of te min privaatheid beleef wat deels ook deur die ontwerp van die woonhuis veroorsaak kan word.

Daar bestaan egter kritiek op Altman se benadering van privaatheid. Die aandag sal kortliks daarop gevestig word.

#### **2.6.3 Kritiek op Altman se benadering van privaatheid**

Die meegaande kritiese bespreking van Altman se benadering van privaatheid word vanuit twee outeurs se standpunte gelei. Daar sal eerstens op die kritiek van Margulus ten opsigte van hierdie perspektief gefokus word.

Margulus (1977:13) stel dit eerstens duidelik dat Altman se benadering tot privaatheid 'n omvangryke, oorspronklike, sosio-omgewingsoriëntering ten opsigte van sosiale interaksie is wat privaatheid as kern gebruik. Die outeur vind egter dat die gebruik van konsepte soos balans en beheer van insette en uitsette problematies is. Margulus (1977:14) identifiseer balans as 'n vorm van ekwilibrium waar Altman dit nooit duidelik laat blyk watter vorm van ekwi-

librium privaatheid handhaaf nie. Die probleem wat verder met die konsep van balans ervaar word, is die feit dat Altman 'n onderskeid tussen individuele en groepsprivaatheid tref. Die vraag wat Margulus egter vra is of modelle vir interpersoonlike balans ook vir intrapersoonlike balans geld.

Margulus (1977:14) gaan verder deur die kwessie van beheer te bespreek. Beheer is reeds in verband gebring met insette of uitsette. Volgens die outeur is dit onduidelik of insette (vgl. Par. 2.4.3) tot sosiale stimuli beperk word en/of dit ook nie-sosiale stimuli insluit, soos die geluid wat deur 'n kind wat speel gemaak word.

'n Derde probleemarea wat deur Margulus (1977:15) geïdentifiseer word, is die oordra van inligting vanaf die bron na die ontvanger, met ander woorde uitsette. Alhoewel interaksie hier en nou plaasvind, is die gedragsprodukte van hierdie interaksie geneig om ook na individue buite die interaksieveld te vloei. Margulus (1977:16) is daarom oortuig dat die individu se beheer van inligting verder as net die aanvanklike en ooglopende ontvangsbron strek.

Volgens Margulus (1977:16) is die laaste twee probleme 'n bewys dat daar 'n meer indringende studie oor die kommunikasie-aspekte van privaatheid gedoen moet word. Buiten die drie probleemareas wat Margulus geïdentifiseer het, is die outeur egter van mening dat Altman se benadering 'n relatiewe gesofistikeerde stelling ten opsigte van grensreguleringsprosesse maak.

Die volgende outeur wat Altman se privaatheidsbenadering krities geëvalueer het, is Foddy (1984:298). Hy fokus sy kritiek op die drie belangrike areas van Altman se benadering, naamlik die self, beheer oor die toegang tot die self of ander en die dialektiese proses.

Volgens Foddy (1984:298) gebruik Altman die konsepte self en self-identiteit sonder om dit duidelik te definieer. Hierdie konsepte toon ook 'n multi-dimensionele aard van privaatheid en Altman is ook nie volgens die outeur konsekwent in die gebruik van die konsepte nie. Foddy (1984:299) identi-

fiseer ook 'n dubbelsinnige aard in die gebruik van die konsep van self-identiteit deurdat daar meer as een fenomeen deur hierdie konsep ingesluit word en dit nie duidelik is hoe hierdie konsep binne die dialektiese aard van die model inpas nie.

Foddy (1984:300) beweer verder dat Altman nooit werklik die gebruik van die stelling "selective control over interaction with others" of "control over access to the self" definieer nie. Daar word volgens die outeur egter geïmpliseer dat die term dui op die individu se beheer oor of hy/sy met ander in interaksie wil wees of nie. Volgens Foddy (1984:300) blyk dit dat die vermoë om te beheer in verband met 'n self-grens deur Altman gebring word deurdat die individu homself/haarself kan afsonder van ander. Foddy (1984:300) wys ook daarop dat Altman nooit verklaar wat van die individu afgesonder word nie, anders as die idee dat die afsondering 'n invloed op die self-identiteit van die individu het.

Foddy (1984:304) is egter krities teenoor die dialektiese aard van Altman se privaatheidsbenadering. Dit word beklemtoon dat die dialektiese benadering op teenpole gebaseer word, maar nooit word daar aangedui hoe hierdie pole verwant is nie en dat Altman wil hê dat die oop en geslote benadering waarin die individu betrokke is, aanvaar word. Die oop en geslote benadering word deur Foddy (1984:304) op ekstreme gevalle toegepas en so bring die outeur die miskonsepsies van die oop en geslote benadering na vore. Volgens Foddy (1984:304) beweer Altman dat eensame individue die grootste motiveering sal ervaar om in interaksie met ander te wees. Foddy (1984:304) waarsku egter dat hierdie individue eerder 'n afname in die waarde van die self sal ervaar, wat dit moeilik vir hulle maak om met ander in interaksie te wees. 'n Tweede voorbeeld wat die outeur aanhaal om die dialektiese aard van Altman se perspektief te bevraagteken, is dat waar individue ekstreme openheid beleef hul as vervelig geklassifiseer kan word wat die individu tot kompulsiewe gedrag dwing.

Dit is dus volgens hierdie outeur duidelik dat buiten die feit dat daar nie goeie definisies vir konsepte is nie, die verhouding of verband tussen konsepte nie na wense gedefinieer is nie en dat die dialektiese voorstelling nie rekenskap hou met ekstreme gevalle nie, wat die toepaslikheid van die dialektiese benadering in die weegskaal bring (Foddy, 1984:305).

Alhoewel die twee bogenoemde outeurs relevante kritiek op Altman se persepsie van privaatheid gelewer het, is dit tog duidelik dat hierdie benadering deur baie outeurs aanvaar en gevolg word. Die standpunt wat Margulus handhaaf aangaande Altman se komprehensiewe privaatheidsmodel van sosiale interaksie word ondersteun. Dit is weereens 'n bewys dat hierdie model 'n wye toepassingsveld het en ook binne hierdie studie geakkommodeer kan word. Die universele aard van Altman se dialektiese model kan dus op meer studies binne die Afrikakonteks toegepas word en meer spesifiek Suid-Afrika, om die sosiale interaksiepatrone van privaatheid binne kulture te bestudeer. Die omvangryke aard van die model van privaatheid vind ook byval in die ontwerp van die woonhuis, waardeur die individu se behoefte aan privaatheid volgens die oop en geslote hoedanigheid van privaatheid geakkommodeer word.

'n Tweede model wat die ontwikkeling van die self-ondersoek en daardeur privaatheid ondersteun, is simboliese interaksionisme. Dit sal in die meegaande paragrawe geïllustreer word.

## **2.6.4 Simboliese interaksionisme-model**

### **2.6.4.1 Oriëntering**

Simboliese interaksionisme is volgens Wallace en Wolfe (1995:183) eienaardig en kenmerkend van die interaksie tussen individue (Blumer, 1975:307) en word as 'n sosio-psigologiese perspektief benader (Viljoen, 1987:95). Wallace en Wolfe (1995:183) is van mening dat daar vanuit hierdie perspektief gefokus word op die individu, met 'n self, en op die

interaksie tussen 'n individu se persoonlike denke, emosies en sosiale gedrag, sowel as die prosesse waarvolgens die individu besluite neem en menings vorm, tesame met die verduideliking waarop die individu bepaalde besluite en aksies toon. Die individu in interaksie met die sosiale omgewing (Rothman, 1991:151; Thio, 1992:17) sowel as die vorming van betekenisvolle simbole (Rothman, 1991:156) is sleutelbegrippe tot hierdie perspektief.

Gedurende simboliese interaksionisme heg die individu betekenis aan simbole (Thio, 1992:17). Simbole verwys na die betekenis wat 'n voorwerp volgens die individu het. Blumer (1975:307) wys daarop dat die individu hierdie simbole en hul betekenis interpreteer en dat dit nie 'n direkte reaksie teenoor die stimuli toon nie. Die individu se reaksie sal direk verband hou met die betekenis van die stimuli wat die eienaardigheid van interaksie verklaar. Vir die individu om enigsins betekenis aan simbole te heg en dienooreenkomstige interpretasie te toon, is kommunikasie nodig wat deur interaksie bewerkstellig moet word (Rothman, 1991:152).

In die geval van simboliese interaksionisme is die self die kern tot hierdie model (Wallace & Wolfe, 1995:185). Altman het in die dialektiese model van privaatheid die self sentraal tot hierdie model geplaas aangesien dit privaatheid is wat die individu geleentheid gee tot die ontwikkeling van die self as outonome entiteit. Blumer (1975:308) maak melding van die feit dat die self as deel van elke individu gesien word. Dit is die konsep van die self van 'n individu wat verder aandag sal geniet as kern tot die betekenis en doel van privaatheid.

Die Simboliese Interaksionisme Model heg waarde aan vier belangrike elemente, naamlik die self en ontwikkeling van die self, betekenisvolle simbole en interaksie. 'n Bespreking van elk van hierdie aspekte sal voorts volg.

## 2.6.4.2 *Elemente van simboliese interaksionisme*

### 2.6.4.2.1 Die self

In die geval van simboliese interaksionisme word die self as aktief en kreatief beskou (Wallace & Wolfe, 1995:189) wat op 'n bewuste sosiale proses binne die individu dui (Ritzer, 1988:179; Rothman, 1991:156). Volgens simboliese interaksionisme kry die self betekenis deur interaksie wat met die sosiale omgewing plaasvind (Rothman, 1991:156) en vorm hierdie proses deel van die ontwikkeling van die self. Deur verskillende interaksiegeleenthede word verskeie vorme van die self gedefinieer deur die verskillende verwysingsgroepe waarmee die individu in kontak kom.

Simboliese interaksionisme identifiseer die self wel as 'n proses maar wat uit twee komponente saamgestel is, naamlik die **ek** en **my**. Die **ek** verwys na die subjektiewe vorm van die self wat impulsiewe spontane gedrag toon. Terwyl die **my** objektief tot die self is, en dit wat rigting aan die **ek** gee (Ritzer, 1992:345; Rothman, 1991:156). Die self kan dus volgens Rothman (1991:156) as 'n interaktiewe proses binne die individu gesien word waarvan die **ek** en **my** onderskeid tussen die fases van die aaneenlopende self-ontwikkelingsproses tref.

### 2.6.4.2.2 Ontwikkeling van die self

Die ontwikkeling van die self is volgens Ritzer (1992:341) baie afhanklik van die bewussyn. Die self kan eers betekenis kry wanneer die bewussyn van die individu ontwikkel het. Die self en die bewussyn kan nie van mekaar onderskei word nie omdat die self 'n bewuste proses is. Om 'n self te ontwikkel moet die individu in interaksie met ander wees en "buite homself kom" om homself te evalueer (Ritzer, 1992:342). Hierdie proses staan ook as die "looking glass self" bekend. Die self het ook nodig om in self-interaksie te wees waarin die individu homself organiseer tot aksie en perspektief. Deur die proses van interaksie, hetsy sosiaal of op 'n individuele vlak, word die

individu aan bepaalde simbole bekend gestel wat 'n bydrae tot die ontwikkeling van die self lewer.

#### 2.6.4.2.3 Betekenisvolle simbole

Simbole word as tekens beskou (Ritzer, 1992:336; Wallace & Wolfe, 1995:195) wat betekenisvol word wanneer dit dieselfde respons by die individu, wat dit uitdra as die een wat dit ontvang, ontlok. Slegs deur betekenisvolle simbole kan kommunikasie volgens Ritzer (1992:336) plaasvind. Rothman (1991:153) maak melding van die feit dat betekenisvolle simbole waardeur kommunikasie plaasvind van 'n verbale en nie-verbale aard kan wees. Die simbole van 'n verbale en nie-verbale aard is ook deur Altman geïdentifiseer as 'n kommunikasiemiddel of gedragsmeganisme om privaatheid te verkry. Simbole vervul 'n belangrike funksie deurdat dit die bewussyn en psigiese proses van die individu moontlik maak. Hierdie betekenisvolle simbole stel die mens in staat om te dink en in interaksie te verkeer (Ritzer, 1992:338). Dit is juis die interaksieproses wat deur betekenisvolle simbole verseker word en daardeur die individu in die ontwikkeling van die self bystaan.

#### 2.6.4.2.4 Sosiale interaksie

Interaksie is 'n belangrike faktor in die ontwikkeling van die self. Deur sosiale interaksie (sosialisering) word die individu die geleentheid gegee om denke te ontwikkel en uit te druk (Ritzer, 1992:349). Sosiale interaksie gee vorm aan betekenis en simbole wat deel van simboliese interaksionisme is wat op sigself weer betekenis aan die individu se sosiale aksies en sosiale interaksies gee. Dit is daarom belangrik dat die individu wel sosialiseer en deur middel van interaksie 'n betekenisvolle self ontwikkel. Interaksie gee die individu die geleentheid om betekenis aan simbole te heg wat 'n belangrike kommunikasiemedium in die samelewing is.

#### 2.6.4.3 Opsomming

Simboliese interaksionisme lê klem op die self wat die ontwikkeling van die self insluit. Ontwikkeling gaan gepaard met die aanleer van betekenisvolle simbole deur die proses van interaksie. Hierdie simbole lei ook die individu tot die betekenisvolle aksie en interaksieproses. Simboliese interaksionisme beklemtoon die feit dat die individu nie tot 'n outonome self in isolasie kan ontwikkel nie maar dat interaksie en daarmee die ontwikkeling van betekenisvolle simbole op individuele of sosiale vlak van kardinale belang is. Die waarde van hierdie model is dat dit binne die ontwerp van die woonhuis geakkommodeer kan word, deurdat die woonhuis as omgewing vir interaksie ontwerp word wat die individu sodoende bystaan in die ontwikkeling van die self. Dit kan ook aanvaar word dat simboliese interaksionisme kultuurspesifiek is en die simbole bepaalde betekenis binne sekere kulture sal hê, wat meebring dat die individu vanuit daardie kultuur waarde aan sekere simbole heg en daarom as individu binne die kultuur ontwikkel. Vanuit die perspektief van simboliese interaksionisme sal daar gepoog word om die verwantskap met privaatheid aan te dui wat belangrik is vir hierdie studie.

#### 2.6.5 Simboliese interaksionisme en die verband met Altman se dialektiese model van privaatheid

Privaatheid word deur Foddy en Finighan (1980:6) vanuit die perspektief van simboliese interaksionisme benader. Hulle beskou eerstens privaatheid as die "process by an individual of control over information that would interfere with the acceptance of his alarms for an identity within a specific role relationship".

Binne hierdie definisie raak die outeurs die handhawing van 'n individuele identiteit aan. Identiteit word gesien as 'n definisie van die self (Foddy & Finighan, 1980:3) maar fokus meer op die persoon wat die individu, soos gesien deur ander, wil wees (Foddy & Finighan, 1980:4). Hierdie identiteit word verkry deur interaksie met ander, deurdat die sosiale omgewing meer van die

individuele leer (Foddy & Finighan, 1980:4) en die individuum sy/haar identiteit na gelang van interaksie bepaal. Volgens Foddy en Finighan (1980:5) bestaan daar wel 'n verband tussen die self en die individuele identiteit en kan die konsepte verwant wees en wel mekaar wedersyds beïnvloed.

Privaatheid het volgens Foddy en Finighan (1980:6) die funksie om 'n bepaalde individuele identiteit te handhaaf en sodoende beheer oor die mate van interaksie van die individuum met ander uit te oefen. Privaatheid gee die individuum die geleentheid om te onttrek of om fisies teenwoordig te bly (Foddy & Finighan, 1980:7). Die individuum kan dus informasie relevant tot die identiteit beheer en sal dus nie informasie ontsluit wat skadelik vir die identiteit van die individuum kan wees nie (Foddy & Finighan, 1980:8).

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat simboliese interaksionisme en privaatheid wel 'n verband het. Alhoewel die twee outeurs die konsep "identiteit" van die individuum eerder as die self vooropstel, bly die beginsel van privaatheid steeds konstant. Die benadering van Altman se dialektiese model in terme van die hoeveelheid inligting of kontak wat die individuum wil toelaat of weerhou bring die outeurs in verband met die identiteit van die individuum. Privaatheid dra dus by tot die beheer van toegang wat die identiteit van die individuum mag benadeel of ook bevoordeel. Dit is ook duidelik dat die identiteit volgens die outeurs weereens ontwikkel deur interaksie. Altman lê nie noodwendig klem op die interaksieproses as kardinaal in die ontwikkeling van die identiteit of self nie en die gebruik van die simboliese interaksionisme model is effektief in die verklaring van die belangrike self waarom privaatheid draai.

Dus kan tot die slotsom gekom word dat die self, wat die kern tot privaatheid is, ontwikkel deur interaksie wat deur privaatheid beheer word deur die mate van openheid of geslotenheid wat die individuum verlang. Interaksie is egter kardinaal tot die ontwikkeling van die self en te veel of te min privaatheid kan hierdie ontwikkelingsproses benadeel.

## **2.6.6 Gevolgtrekking**

Die twee modelle wat in die voorafgaande paragrawe bespreek is, het 'n duidelike raamwerk vir die bestudering van privaatheid geskep. Beide hierdie modelle fokus op die individu en meer spesifiek die self. Die dialektiese aard van Altman se model veroorsaak die openheid of geslotenheid waarmee interaksie bewerkstellig word. Die omskrywing van privaatheid binne die konteks van hierdie twee modelle skep 'n duidelike beeld van die belangrike proses betrokke in die ontwikkeling van die self deur simbole wat die kommunikasiemiddel gedurende die interaksie van die individu op individuele of sosiale vlak is. Hierdie modelle is beide universeel van aard en daarom toepasbaar binne alle kulture en dus ook op hierdie studie van toepassing. Dit is veral die rol wat hierdie modelle in die proses van privaatheid speel wat 'n beter begrip van die belang van die woonhuis in die handhawing van privaatheid moontlik maak. Die woonhuis is dus daardie omgewing wat gunstig of nie ten opsigte van die modelle van privaatheid kan wees deur die individu die geleentheid te bied om die self te ontwikkel en betekenis, as individu, deur interaksie te verkry.

Privaatheid, as psigo-ekologiese fenomeen, word deur verskeie algemene faktore beïnvloed. Vervolgens sal hierdie faktore kortliks bespreek word.

## **2.7 ALGEMENE FAKTORE WAT PRIVAATHEID BEÏNVLOED**

### **2.7.1 Oriëntering**

Die bespreking wat volg sal vanuit 'n Westerse perspektief benader word aangesien kulturele verskille, veral met betrekking tot die Tswanapopulasie, nie bekend is nie. Dit word wel aanvaar dat hierdie aspekte binne alle kulture voorkom weens die universele aard van privaatheid. Gifford (1987:202) identifiseer drie hoof-faktore, naamlik persoonlike, situasionele en kulturele faktore wat privaatheid beïnvloed. Hierdie faktore word elk onderverdeel in subfaktore waarvan slegs die wat van belang is vir hierdie studie kortliks

bespreek sal word, aangesien die fokus van hierdie studie op die belewenis van privaatheid binne die woonhuis val. Daar sal ook deurgaans gepoog word om 'n verband tussen die algemene faktore wat privaatheid beïnvloed en die ontwerp van die woonhuis aan te toon.

## **2.7.2 Persoonlike faktore**

Persoonlike faktore hou direk met die individu verband en sluit aspekte soos geslag en die lewensiklus waarin die individu verkeer, in. Elk van hierdie subfaktore sal vervolgens bespreek word.

### **2.7.2.1 Geslag**

Geslag speel 'n deurslaggewende rol in die belewenis van privaatheid. Alhoewel hierdie subfaktor in die algemeen 'n invloed op privaatheid het, kan dit ook vir die doel van hierdie studie op woonhuisontwerp van toepassing gemaak word. Smith (1994:31) het wel in sy studie aangaande die essensiële eienskappe van 'n tuiste tussen 23 heteroseksuele volwassenes wat deel van 'n huwelik of *de facto* verhouding is, gevind dat mans en vrouens hoë konsensus bereik het in hul omskrywings van wat 'n tuiste is. Beide hierdie groepe het privaatheid en vryheid as belangrike aspekte van 'n tuisomgewing beskou. Daar is egter gevind dat daar wesenlike verskille tussen mans en dames is ten opsigte van privaatheid vanuit verskillende kategorieë.

Newell (1994:75) het ook in haar studie onder 243 jong volwasse studente van die Universiteit van Arisona, wat bestaan het uit beide geslagte tussen die ouderdom van 17 en 30 jaar, aangaande die ontwikkeling van 'n sisteemmodel vir privaatheid, wesenlike geslagsverskille in die belewenis van privaatheid gevind. Daar is gevind dat die vroulike geslag sosiale verhoudings as die oorsaak vir die soeke na privaatheid aangevoer het. Daar is ook gevind dat verskille tussen die geslagte bestaan met betrekking tot die vermoë om privaatheid, wanneer benodig, te verkry. Die mans het oorgegaan

tot positiewe aksies en was meer suksesvol in die verkryging van privaatheid as vrouens. Mans het in die meerderheid taakuitvoering as 'n rede tot die soeke na privaatheid gegee.

Pedersen en Frances (1990:734) identifiseer betekenisvolle verskille in hul studie oor die privaatheidsvoorkeure tussen mans en vrouens. Die populasie het hoofsaaklik uit 252 studente verteenwoordigend van kolleges en universiteite vanuit vyf geografiese areas in die VSA bestaan wat ten minste die helfte van hul lewe in hierdie staat woonagtig was. Pedersen en Frances se studie ondersteun die feit dat die vroulike geslag die neiging toon om gedragsreguleringsmeganismes binne 'n sosiale konteks te gebruik om privaatheid te verkry, in teenstelling met mans wat eerder vanuit die sosiale konteks sal onttrek. Die outeurs skryf die moontlike gedrag van die vroulike respondente toe aan hul sosiale aard. Hierdie interpretasie is volgens Pedersen en Frances (1990:735) konsekwent met die feit dat die vroulike respondente meer intiem met familie en vriende wil wees as mans en dat mans eerder verkies om weg te kom van ander, as vrouens. Daar is egter ook geen merkbare verskille in voorkeure vir anonimiteit, afsondering en reservering tussen geslagte gevind nie.

#### 2.7.2.2 *Lewensiklus*

Privaatheid word deur Laufer en Wolfe (1977:31) in verband met verskeie eienskappe van die lewensiklus gebring. Eerstens verander behoeftes, vermoëns, aktiwiteite, begeertes en gewoontes van individue gedurende verskeie ontwikkelingsfases in die lewensiklus wat aanleiding tot 'n verandering in die individu se konsep van privaatheid gee.

Tweedens neem die individu verskeie sosiale rolle van kind, volwassene, vader, moeder, ensovoorts aan wat die individu aan verskeie privaatheid-situasies blootstel. Hierdie rolle wat die individu vervul, word ook vergesel van bepaalde voorregte om interaksie te beheer. Laufer en Wolfe (1977:37) koppel die individu se vermoë om opsies te identifiseer en keuses uit te

oefen, aan die fases in die lewensiklus. Volgens Laufer en Wolfe (1977:38) beleef jong kinders geen of min keuses tot die verkryging van privaatheid. Beheer oor interaksie is dus baie beperk. Alleenlik wanneer kinders beseft dat hul beheer oor hul gevoelens en ervarings het, is informasiebeheer moontlik, wat beleef word weens die indringing in die volwasse wêreld. Wanneer kinders 'n skoolgaande milieu betree en tyd weg van die woonhuis deurbring, word groter keuses ervaar om interaksie te beheer. Vanaf adolessensie is die reeks privaatheidsopsies in vergelyking met die gesin se opsies baie groter as gevolg van die bevryding van gesinswaarneming en toesighouding. Volgens Laufer en Wolfe (1977:37) verhoog die behoefte aan keuse omdat daar meer interaksie plaasvind, meer komplekse rolle voorkom en 'n groter hoeveelheid inligting beheer moet word. Tydens bejaardheid speel die behoefte aan versorging 'n meer prominente rol en gaan die beheerkonsep verlore.

Derdens is die sosiale omgewing in konstante verandering weens tegnologiese en sosiale veranderinge wat intree en is die heersende lewenswyse en gewoontes in konflik met die vereistes van die omgewing wat die individu noodsaak om die nodige veranderinge aan die privaatheidskonsep aan te bring (Laufer & Wolfe, 1977:32). Laufer *et al.* (1976:209) noem ook dat tydens hierdie fases die omgewing ook ander vereistes en eise stel, waaraan die individu moet voldoen. Hierdie konsep hou moontlik verband met die situasionele faktore wat die fisiese omgewing insluit wat wel 'n invloed op die individu se belewenis van privaatheid binne 'n lewensfase mag hê (vgl. Par. 2.7.3.1).

Dit is wel bekend dat die woonhuis verander na gelang van die verandering in die gesin of individu se lewensfases. Die benadering van Laufer en Wolfe is egter universeel van aard en dit kan op Suid-Afrika van toepassing gemaak word. Laufer en Wolfe (1977:38) kom tot die slotsom dat gedurende die fases van die lewensiklus die graad en persepsie van die keuse wat die individu maak 'n funksie is van die rol wat die individu vertolk.

### 2.7.2.3 Opsomming

Die persoonlike faktore, naamlik geslag en lewensiklus wat privaatheid beïnvloed, het direk betrekking op die individu se belewenis van privaatheid. Hierdie subfaktore gee 'n aanduiding van individue se voorkeure ten opsigte van privaatheid sowel as die ontwikkeling van en beheer oor die konsep van privaatheid deur die verloop van die lewensiklus. Dit is belangrik dat hierdie faktore ook tydens die ontwerp van die woonhuis in aanmerking geneem moet word om sodoende te verseker dat privaatheid tydens elke fase van die lewensiklus in ag geneem word. Dit is ook belangrik dat geslagsverskille ook 'n invloed op die individu se belewenis van privaatheid mag hê. Die woonhuis moet dus die groei en ontwikkeling van die individu, veral ten opsigte van die privaatheidbehoefte, ondersteun.

### 2.7.3 Situasionele faktore

Situasionele faktore sluit volgens Laufer en Wolfe (1977:32) daardie omstandighede in wat 'n direkte invloed op die belewenis van privaatheid mag hê. Laufer en Wolfe (1977:32) waarsku ook teen die gevolge wanneer privaatheid nie in bepaalde situasies geakkommodeer word nie. Die outeurs gebruik die voorbeeld waar psigiese onttrekking (reservering) 'n plaasvervanger vir fisiese onttrekking word omdat die fisiese omgewing nie in die behoefte aan privaatheid kon voldoen nie. 'n Breedvoerige verduideliking van die fisiese omgewing, met verwysing na die woonhuis se rol in die handhawing van privaatheid, volg in Hoofstuk 3 aangesien hierdie faktor meer op die ontwerp van die woonhuis as fisiese omgewing betrekking het.

Vir die doel van hierdie bespreking word die fisiese omgewing en gepaardgaande territorialiteit as situasionele faktore geklassifiseer.

### 2.7.3.1 Fisiese omgewing

Die fisiese omgewing is volgens Proshansky *et al.* (1976:170) die term wat na die mensgemaakte omgewing verwys. Dit is die beboude omgewing (Germain, 1991:29) wat deur die mens beplan, opgerig en verander word. Vir die doel van hierdie studie verwys die fisiese omgewing na die woonhuis wat deur die individu of gesin opgerig word. Hierdie fisiese omgewing wat deur die mens geskep word is volgens Canter en Kenny (1975:151) deel van 'n gedragsomgewing waarbinne die individu homself/haarself bevind en waarbinne bepaalde rolle, verhoudings en aktiwiteite plaasvind. Volgens Archea (1977:121) kan die individu ook as 'n dinamiese inligtingsveld beskou word wat deur aktiwiteite en gebeurtenisse omsluit word wat die individu noodsaak om bepaalde gedrag te toon. Die blote rangskikking van die fisiese omgewing is in staat om beheer oor interaksie te bewerkstellig (Schwartz, 1968:746) en sodoende as meganisme te dien wat die vloei en voorkoms van inligting aangaande die individu beheer (Archea, 1977:123). Dit vind aansluiting by die feit dat die fisiese omgewing egter ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die self speel deurdat plekke spesifieke betekenis vir die self inhou (Laufer & Wolfe, 1977:29). Hierdie privaatheidsomgewings mag bydra tot die verryking, definisie of bedreiging van die self.

Laufer en Wolfe (1977:29) is oortuig dat die ontwerp van die fisiese omgewing sowel as die aktiwiteite wat daarin plaasvind tesame met die betekenis van die fisiese omgewing vir die individu 'n bepaalde privaatheidskarakter aan die fisiese omgewing verleen. Die individu is by magte om deur sosialisering te leer dat sekere ruimtes en fisiese strukture meer privaat is as ander en dan daarmee te identifiseer (Laufer & Wolfe, 1977:29).

'n Groep individue kan die gepastheid van die fisiese omgewing op 'n negatiewe of positiewe wyse ervaar. Ter verduideliking hiervan gebruik Laufer en Wolfe (1977:29) die voorbeeld van 'n badkamer wat algemeen as 'n private vertrek bekend is. Vir 'n klein groep inwoners in die woonhuis

behoort die gepastheid van die badkamer as fisiese omgewing positief ervaar te word, terwyl 'n groot groep inwoners 'n negatiewe ervaring sal hê en die badkamer as minder privaat beskou. Die ontwerp en beskikbaarheid van die fisiese omgewing kan dus onbewustelik tot 'n bepaalde vorm of patroon van privaatheid aanleiding gee wat ook die spesifieke tipe en hoeveelheid privaatheid bepaal (Laufer & Wolfe, 1977:30). Die fisiese omgewing is dus in staat om gedrag te handhaaf en tot ervarings van privaatheid te lei. Die tipe privaatheid wat die individu verlang, word deur 'n bepaalde fisiese omgewing en relevante eienskappe daarvan tot stand gebring. Indien hierdie fisiese omgewing die gepaste omgewing is, sal dit voortgaan om privaatheid te ondersteun en aan die vereiste van privaatheid te voldoen.

Binne die raamwerk van die woonhuis as fisiese omgewing is dit duidelik dat die individu 'n terrein identifiseer waarbinne bepaalde gedrag plaasvind. Dit is die afbakening van hierdie fisiese terrein wat die psigo-ekologiese fenomeen, naamlik territorialiteit, na vore bring. Die belang van territorialiteit binne die woonhuis en die handhawing van privaatheid sal kortliks bespreek word.

### 2.7.3.2 *Territorialiteit*

Daar is reeds melding gemaak van Altman se konseptualisering van hierdie fenomeen waarvolgens territorialiteit as meganisme vir die verkryging van privaatheid dien (vgl. Par. 2.1). Die algemeen bekendste definisie van 'n terrein is 'n spesifieke plek of area waarin spesifieke behoeftes bevredig word en wat deur spesifieke gedrag gekenmerk word (Becker & Coniglio, 1975:59). Privaatheid en territorialiteit het volgens Edney en Buda (1976:284) 'n noemenswaardige verhouding deurdat die individu sy privaatheid of terrein wil beskerm en daardeur in beide gevalle sy reg toepas om nie deur ander gesteur te word nie. Hierdie twee outeurs maak ook verder melding van die feit dat die gedrag van 'n individu wie se privaatheid geskend is, soortgelyk is aan die gedrag van 'n individu wie se terrein binnegedring is. Dit is veral in die woonhuis sigbaar waar die individu oor territoriale en private regte beskik.

Edney en Buda (1976:292) beweer in hul studie onder 136 studente in omgewingsielkunde dat 'n kombinasie van privaatheid en territorialiteit 'n gevoel van sekuriteit verskaf. Hulle beweer ook dat die twee fenomene verskillende effekte het, deurdat privaatheid 'n kognitiewe stimulasie toon en territorialiteit die individu se persoonlikheid beïnvloed. Kimmey *et al.*, (1987:733) beweer in hul studie wat die territoriale en ruimtelike gedrag van bejaarde inwoners van 'n aftreeoord bepaal het, dat die persoonlike vermoë van die individu bepaal hoe die individu teenoor private terreine en publieke terreine sal optree. Daar is gevind dat onafhanklike individue groter territorialiteit teenoor private ruimtes openbaar as individue wat ondersteuning nodig het om daaglikse aktiwiteite uit te voer.

Daar bestaan vir Veitch en Arkkelin (1995:272) asook Taylor en Ferguson (1979:237) 'n duidelike verwantskap tussen die fenomene "privaatheid" en "territorialiteit" veral binne die fisiese omgewing waarin die individu homself/haarself bevind. Volgens Taylor en Ferguson (1979:237) is hierdie verwantskap tweeledig, weens die feit dat die individu 'n behoefte aan 'n spesifieke tipe privaatheid het. Die individu word genoodsaak om die opsies wat die fisiese omgewing bied te evalueer, wat die individu tot 'n spesifieke terrein sal lei waar die mate van beheer oor die terrein die behoefte aan privaatheid bevredig en ondersteun. Territorialiteit dien volgens Edney (1976:31) 'n verdere funksie om gedrag te organiseer. Dit is hier waar die fisiese omgewing aan die eise wat die individu ten opsigte van privaatheid stel, moet voldoen. Holahan (1982:250) beklemtoon die feit dat indien die individu genoegsame fisiese ruimte in die woonhuis tot sy/haar beskikking het soos byvoorbeeld 'n slaapkamer of studeerkamer, die individu die nodige privaatheid kan beleef. Volgens Altman (1979:120) hou territorialiteit ook meer met ruimtelike aspekte van die fisiese omgewing verband en is territorialiteit gefokus op die plek in teenstelling met privaatheid wat op die self gefokus is.

Die behoefte aan 'n spesifieke tipe privaatheid speel 'n belangrike rol in die tipe terrein wat benodig word (Taylor & Ferguson, 1979:237). Die woonhuis

besit volgens Sebba en Churchman (1983:208) alleenlik aspekte van 'n territorium wanneer dit gedefinieer word. Die individu sal volgens Holahan (1982:250) verskeie pogings aanwend, byvoorbeeld die gebruik van 'n vertrekverdeler, of die strategiese plasing van meubels, om ruimte of 'n verlangde terrein vir die belewenis van privaatheid te skep. Die beheer wat die individu oor hierdie terrein uitoefen vorm 'n belangrike aspek in die ontwikkeling van die self (Germain, 1991:34). Die verwantskap tussen privaatheid en territorialiteit in die woonhuis is onvermydelik.

#### **2.7.4 Opsomming**

Die situasionele faktore, naamlik die woonhuis as fisiese omgewing en territorialiteit, binne die woonhuisomgewing, het 'n ruimtelike invloed op die individu se belewenis van privaatheid. Die fisiese omgewing skep die terrein waarbinne die individu die nodige privaatheid kan ervaar. Hierdie twee subfaktore is dus ondersteunend tot mekaar en het beide 'n belangrike invloed binne die woonhuis op die ontwikkeling van die self.

#### **2.7.5 Gevolgtrekking**

Die voorafgaande bespreking het die algemene faktore wat privaatheid beïnvloed met betrekking tot die woonhuis ondersoek. Die persoonlike en situasionele faktore wat bespreek is, identifiseer aspekte wat die individu se belewenis van privaatheid beïnvloed. Geslagsverskille en die lewensiklusfase het 'n invloed op die belewenis en beheer oor privaatheid. Die woonhuis as fisiese omgewing en ondersteunende terrein bepaal die ruimtelike omgewing waarbinne die individu privaatheid positief of negatief beleef. Dit is daarom belangrik dat hierdie faktore nie as geïsoleerde entiteite beskou word nie maar as 'n belangrike geheel in die individu se ervaring en belewenis van privaatheid binne die woonhuis gesien word.

Verskeie aspekte van privaatheid is reeds ondersoek wat die individu as die kern identifiseer waarop privaatheid fokus. Deurgaans is daar gewys op die

belang van privaatheid ten opsigte van die ontwikkeling van die self. Daar sal vervolgens 'n kort opsomming oor die belangrikheid van privaatheid binne die woonhuis gegee word.

## **2.8 BELANGRIKHEID VAN PRIVAATHEID BINNE DIE WOONHUIS**

### **2.8.1 Oriëntering**

Privaatheid is van kardinale belang vir die meeste individue, veral met betrekking tot die residensiële omgewing (Finighan, 1980:158) en daar sal gepoog word om die belewenis en belang van privaatheid in die woonhuisontwerp van die studiepopulasie te bepaal, aangesien hierdie stelling vanuit 'n Westerse siening gemaak is. Dit word veral vergestalt in die feit dat die residensiële omgewing waarna in hierdie studie as die fisiese omgewing verwys word, die milieu vir fisiese, psigiese en sosiale groei van die individu bied. Privaatheid stel die individu ook in staat om vryheid van keuse ten opsigte van individuele outonomie en self-evaluering binne 'n gestruktureerde fisiese omgewing uit te oefen (Proshansky *et al.*, 1976:180). Alleenlik wanneer beheer suksesvol binne die gedefinieerde areas toegepas word, is Proshansky *et al.* (1976:176) van mening dat die individu die reg tot die vryheid van keuse het. Die standpunt wat Proshansky uitlig, kom veral binne die residensiële omgewing tot uiting, waar sekere ruimtes gekenmerk word deur bepaalde aktiwiteite en waaroor die individu beheer mag uitoefen (vgl. Hoofstuk 3).

Rachels (1984:292) is van mening dat die waarde van privaatheid lê in die verband tussen die individu se vermoë om beheer oor toegang tot die self uit te oefen en om beheer uit te oefen oor wat ander van hom/haar sal uitvind. Beheer stel ook die individu in staat om verskeie identiteite en rolle met familie of gemeenskapslede beter te kan handhaaf (Finighan, 1980:159). Dit is om hierdie rede dat die individu privaatheid van waarde ag (Rachels, 1984:295).

Privaatheid bied ook aan die individu die geleentheid om betekenisvolle interaksie met gesinslede (Jordaan & Jordaan, 1985:723) te bewerkstellig wat belangrik vir die ontwikkeling van die self sowel as die gesin is. Die residensiële omgewing skep die atmosfeer vir sosiale interaksie met gesinslede wat die individu ondersteun in die aanleer van betekenisvolle simbole en gedrag. Die gesin benodig ook die milieu van privaatheid om 'n betekenisvolle geheel te vorm. Patrone van interaksie word in alle sosiale sisteme vergesel van teenoorgestelde patrone van onttrekking, wat privaatheid is. Volgens Schwartz (1968:746) bestaan daar 'n drempel waar sosiale kontak vir die individu irriterend word en moet daar voorsiening gemaak word vir die verwydering van die individu van interaksie en waarneming. Binne die konteks van die residensiële omgewing word hierdie gedrag ook geakkommodeer veral in die ontwerp van bepaalde ruimtes en vertrekke.

Die belang van privaatheid is egter 'n universele konsep en 'n behoefte wat in verskeie kulture en ook in Suid-Afrika voorkom. Privaatheidswaardes is egter nie universeel nie (vgl. Par. 2.5.5) weens die kulturele invloed. Sekere privaatheidswaardes is egter uniek van die Swart gemeenskappe in Suid-Afrika wat deur die fisiese omgewing en persoonlike eienskappe van hierdie individu bepaal word (Kganakga, 1994:157). Kganakga (1994:216) is ook van mening dat alhoewel kulture verskil ten opsigte van die behoefte aan privaatheid dit nog steeds belangrik bly.

Die belang van privaatheid word ook gemanifesteer in die effek wat samedrukking op die individu het. Die effek van samedrukking veral met betrekking tot residensiële omgewings sal bespreek word.

### **2.8.2 Samedrukking**

Altman (1975:3) gebruik die term samedrukking (beënging) om aan te dui dat die privaatheidsmeganismes nie effektief funksioneer nie en dat die individu ongewenste interaksie beleef. Jordaan en Jordaan (1985:726) beskou hier-

die toestand as oorbesettingsdruk waartydens die individu meer sosiale interaksie beleef en blootgestel word aan meer sosiale informasie (McCarthy & Saegert, 1978:253) as wat hy/sy verlang. Dit is 'n uiters subjektiewe saak wat van individu tot individu verskil (Eoyang, 1974:391). Samedrukking hou dus verband met die mate van beheer wat die individu oor die omgewing kan uitoefen (Walden *et al.*, 1981:206). Die mate van beheer wat hier ter sprake is, is direk van toepassing op die fisiese omgewing.

McCarthy en Saegert (1978:254) beskou die fisiese omgewing as 'n bepalende faktor met betrekking tot die wyse waarop die individu hierdie omgewing kognitief kan hanteer ten opsigte van die beboude omgewing, menslike aktiwiteite, sosiale norme en bande wat bestaan. Wanneer al hierdie faktore saam gegroepeer is en die individu nie in staat is om dit kognitief te hanteer nie, word die individu aan onbeheerde en onvoorspelbare gedrag blootgestel wat 'n sosiaal negatiewe reaksie is. Hoë digtheid in residensiële omgewings veroorsaak kognitiewe oorbelading deurdat die aantal individue met wie daar in interaksie verkeer word, verhoog wat vir die individu moeilik is om te hanteer. Die aantal individue in 'n bepaalde fisiese omgewing is die bepalende faktor in die mate van beheer wat die individu uitoefen om die omgewing suksesvol te bestuur (McCarthy & Saegert, 1978:255).

Die woonhuis blyk 'n bepalende faktor in die belewenis van samedrukking te wees. Duckitt (1983:237) het in sy studie aangaande samedrukking onder 433 inwoners van woonhuise in 'n Suid-Afrikaanse kleurlinggemeenskap gevind dat daar 'n vermindering voorkom in die aantal ure wat die individu in die woonhuis spandeer wat sodoende die kontakure met oorbesetting in die woonhuis verminder. Duckitt (1983:231) het gevind dat hierdie toestand met 'n negatiewe psigiese streseffek gepaard gaan, veral waar die aantal persone bokant een individu per vertrek gestyg het. Evans en Lepore (1993:313) het ook in hul studie aangaande samedrukking in die woonhuis en sosiale ondersteuning onder 72 universiteitstudente wat buite die kampus woonagtig was, gevind dat kroniese residensiële samedrukking tot 'n stressaanpassingstrategie onder individue lei wat sosiale onttrekking tot gevolg het. Hier-

die drastiese strategie van die individu veroorsaak dat gesinne skipbreuk lei en dat daar geen ondersteuning vir sommige lede van die gesin is nie deurdat die behoeftes van gesinslede minder opsigtelik is (Evans & Lepore, 1993:309). Rohe (1982:300) het in sy studie oor die verband tussen digtheid en residensiële tevredenheid, gedrag en gesondheid onder studente van die State College Pennsylvania gevind dat selfs matige huishoudelike digtheid 'n effek op die bevrediging en gedrag van die inwoners het. Die familiegroep ervaar 'n verhoging in samedrukking omdat hulle die langste tyd in die woonhuis deurbring. Die aantal persone per ruimte-eenheid in die woonhuis word verminder deur sosiale veranderlikes en persoonlike veranderlikes (Rohe, 1982:301).

Pedersen (1983:223) het 'n studie onder 48 studente van Brigham Young Universiteit aangaande die effek van gesinsgrootte op die persepsie van die vertrekke wat in sosiale en ruimtelike digtheid verskil het, onderneem. Daar is gevind dat die persepsie van samedrukking deur sosiale en ruimtelike digtheid bepaal word. Hy het verder gevind dat vertrekke laag in ruimtelike digtheid meer aanvaarbaar is maar dat daar ook geen voorkeur tussen hoë sosiale en hoë ruimtelike digtheid was nie.

Die negatiewe effek van samedrukking kan ook by hoëdigheidsboublokke waargeneem word. In die studie wat deur Walden *et al.* (1981:210) onderneem is om die verwantskap tussen oorbesette koshuisomstandighede en die waarde van privaatheid vir 51 eerstejaarstudente te bestudeer, is daar wel gevind dat daar 'n verband tussen die persepsie van privaatheid en oorbesetting is. Oorbesetting van die leefomstandighede in die kombuis het die studente se waarde met betrekking tot die belang van privaatheid geaffekteer, maar dit het nie die studente se verwagting om privaatheid te verkry, verander nie. McCarthy & Saegert (1978:255) het ook in hul studie oor residensiële digthede onder 60 inwoners van laekoste-hoëdigheidsboublokke in die Noordelike Bronx in die VSA, gevind dat die belewenis van oorbesetting sterker word met verlengde ervaring van 'n hoëdigheidsomgewing en dat sosiale onttrekking, soos wat privaatheid

vereis, in die residensiële omgewing op ander aspekte in die daaglikse bestaan van die individu tot uiting kom, byvoorbeeld deur vermindering van sosiale kontak buite die residensiële omgewing weens sosiale oorbelading. Churchman en Ginsberg (1984:39) het in hul studie onder drie middelklaswoonbuurtes in Israel met 344 vroulike inwoners van hoëdigheidsboublokke bevind dat die inwoners van hierdie behuisingsomstandighede dit almal eens is dat hierdie behuisingsopset hulle tog die geleenheid bied om 'n geskikte vorm van privaatheid te handhaaf. Wiesenfeld (1987:144) beweer dat die individu in hoëdigheidsboublokke beheer oor die onmiddellike situasie verloor wat insluit verlies aan beheer van ruimtelike rangskikking, aantal persone en die tipe interaksie, versteuring in doelwitbereiking van privaatheid, gedragsvryheid en regulering van sosiale interaksie. Dit lei tot 'n toestand van samedrukking. Die outeur het in sy studie aangaande die verband tussen digtheid, lokus van kontrole en samedrukking onder 983 inwoners van enkelgesinswoonhuise in Maracy gevind dat die voortgesette belewenis van residensiële digtheid wel 'n belewenis van samedrukking in die woonhuis meebring.

### **2.8.3 Opsomming**

Die belang van privaatheid lê opgesluit in die effek wat dit op die individu en ook op die gesin mag hê. Binne die residensiële of woonhuisomgewing word die individu aan interaksiegeleenthede met gesinslede blootgestel. Dit is binne hierdie omgewing dat die individu deur keuse in staat is om die nodige beheer uit te oefen om 'n toestand van privaatheid te handhaaf. Indien beheer onsuksesvol is, kan die individu samedrukking binne laedigheids- en hoëdigheidsbehuising ervaar. Samedrukking is dus 'n belangrike konsep tot die belewenis van privaatheid binne hierdie studie. Die ontwerp van die woonhuis of residensiële omgewing speel dus 'n belangrike rol in die belewenis van privaatheid deur die individu.

## 2.9 SLOT

Daar is in hierdie hoofstuk gepoog om privaatheid as psigo-ekologiese fenomeen vanuit 'n omgewingsielkundige raamwerk aan te spreek. Hierdie grondslag word ondersteun deur Altman se perspektief op privaatheid soos vervat in sy definisie en omskrywing van privaatheid voor te lê. Dit is egter duidelik dat Altman privaatheid beskou as 'n proses vir die behoefte van die individu om interaksie aan te moedig, deur openheid of toeganklikheid, of om interaksie te beperk deur 'n geslote of minder toeganklike benadering. Die privaatheidsbelewenis hou volgens Altman 'n mate van onttrekking in vir die individu soos deur die geslotenheid van die individu geopenbaar, wat met die gevoel van beheer gepaard gaan. Beheer speel 'n belangrike rol in die verkryging van privaatheid.

Daar is ook op die individu se behoefte aan privaatheid gefokus deur spesifiek na die toestande van privaatheid, naamlik afsondering, reservering, anonimiteit, intimiteit en nie-buurlikheid te verwys. Hierdie toestande van privaatheid is die wyses waarop die individu sy privaatheidsbehoefte manifesteer.

Privaatheid is verder bespreek as deurslaggewend tot die ontwikkeling van die individu se self-identiteit wat die self as outonome entiteit bevorder deur beheer oor sosiale interaksie uit te oefen. Die konsep van beheer in die raamwerk van privaatheid is ook in die gebruik van bepaalde gedragsmeganismes geïdentifiseer soos verbale, nie-verbale, persoonlike ruimte as omgewingsmeganisme en kultuur. Hierdie meganismes word egter gebruik om die individu te ondersteun in die verkryging van privaatheid.

In hierdie hoofstuk is twee modelle, naamlik die dialektiese model van Altman en simboliese interaksionisme en hul verwantskap met privaatheid ondersoek. Die modelle ondersteun mekaar in die ontwikkeling van die self deurdat interaksie aangemoedig word wat deur die dialektiese aard van privaatheid beheer word.

Laastens is daar op die algemene faktore wat privaatheid beïnvloed gefokus, met spesifieke verwysing na persoonlike en situasionele faktore. Hierdie faktore is deurslaggewend in die poging om die individu se belewenis van privaatheid te verstaan. Die belangrikheid van privaatheid binne die residensiële omgewing is ook bespreek en daar is veral ook gelet op die negatiewe effek wat 'n gebrek aan privaatheid binne die residensiële omgewing of woonhuis het.

Ten slotte kan die afdelings wat bespreek is ten opsigte van al bogenoemde aspekte van privaatheid 'n aanknopingspunt tot woonhuisontwerp vind. Die woonhuis kan beskou word as daardie omgewing wat die konsep "privaatheid" en die relevante aard van privaatheid moet akkommodeer, aangesien privaatheid die ontwikkeling van die individu ondersteun. Die woonhuis kan dus die omgewing verskaf wat privaatheid vir die individu verseker.

Die psigo-ekologiese fenomeen, naamlik privaatheid, is essensieël in die ontwikkeling van die individu binne 'n residensiële omgewing. Die volgende hoofstuk het ten doel om die ontwerp van die woonhuis as ruimtelike omgewing te ondersoek met inagneming van die belang van privaatheid as gedragsfenomeen vir die ontwikkeling van die self.

# HOOFSTUK 3

## ONTWERP VAN DIE RUIMTELIKE OMGEWING

### 3.1 INLEIDING

Die voorafgaande hoofstuk het uitsluitlik gefokus op privaatheid wat deurslaggewend is vir die ontwikkeling van die self, deur die beheer van interaksie. Die individu is voortdurend in interaksie met die fisiese omgewing en die beboude omgewing is prominent in hierdie interaksieproses. Die beboude omgewing word beskou as bepalend vir die gedrag wat die individu tydens die interaksieproses openbaar, sowel as die mate waarin die behoeftes en begeertes van die individu geakkommodeer word. Volgens Veitch en Arkkelin (1995:322) is die sukses van die beboude omgewing opgesluit in die mate waarin die struktuur van die beboude omgewing hieraan voldoen. In die lig van die verhouding tussen die individu en die beboude omgewing, sowel as die gepaardgaande gedrag wat ter sprake is, speel die ontwerp van die beboude omgewing 'n rol in die interaksieproses en kan die individu se belewenis van privaatheid hierdeur beïnvloed word. Dit is veral die verhouding tussen die fisiese ontwerp van die beboude omgewing en die gedrag van die individu wat daarin woon wat van kardinale belang is vir die ontwerp van 'n geskikte beboude omgewing vir die individu (Veitch & Arkkelin, 1995:322).

Hierdie hoofstuk het daarom ten doel om die fisiese ontwerp van die beboude omgewing as faktor in die bepaling van die individu se gedrag in 'n beboude omgewing, naamlik die woonhuis, te ondersoek met inagneming van die effek wat dit het op privaatheid as psigo-ekologiese fenomeen. Drie komponente, naamlik gedrag binne die ruimtelike omgewing, die ontwerp van die woonhuis as ruimtelike omgewing vir die handhawing van privaatheid en die rol van die professionele en onprofessionele ontwerper in die ontwerp van die woonhuis as ruimtelike omgewing sal bespreek word. Hierdie drie komponente sal

waar moontlik op die huidige informele-woonhuisontwerp van die studiepopulasie in Suid-Afrika van toepassing gemaak word.

## **3.2 GEDRAG BINNE DIE RUIMTELIKE OMGEWING**

### **3.2.1 Oriëntering**

Die psigo-ekologiese fenomeen "privaatheid" word geken aan bepaalde gedrag wat die individu toon om hierdie fenomeen te handhaaf. Die omskrywing van gedrag is daarom van belang om 'n beter begrip te vorm van die doelgerigte aksie om privaatheid te verkry. Daarna sal die omgewing as handhawer van gedrag bespreek word, waarna die omgewing in verskeie komponente verdeel en bespreek sal word. Daar word ook gefokus op die verwantskap tussen gedrag en die ruimtelike omgewing in die vorm van die fisies beboude omgewing. Hierdie afdeling word afgesluit deur 'n bespreking van gedrag binne die transaksiemodel wat die omgewing-individu-gedrag-verwantskap verklaar. 'n Kort gevolgtrekking gee 'n oorsigtelike geheel van hierdie afdeling.

### **3.2.2 Omskrywing van gedrag**

Die konsep "gedrag" dui op 'n behoefte en/of begeerte wat deur die individu ervaar word (Ittleson *et al.*, 1974:84; Lang *et al.*, 1974:84). Hierdie ervaring dien as dryfveer wat 'n bepaalde handeling of aktiwiteit tot gevolg het (Heimstra & McFarling, 1978:4). Die konsep "gedrag" verwys binne hierdie studie na die handeling wat met privaatheidsgedrag verband hou. Gedrag is doelgerig en ook afhanklik van die invloed van die omgewing (Mehrabian, 1976:18; Moos, 1973:652). Daarom kan aanvaar word dat gedrag plek-, ruimte- of omgewingspesifiek is. Vervolgens sal die relevansie van die omgewing waarbinne gedrag plaasvind, kortliks omskryf word.

### 3.2.3 Omskrywing van die omgewing

Die individu is in konstante verbinding met die omgewing, hetsy van 'n natuurlike of fisiese aard, en gedrag kan daarom nie onafhanklik van 'n omgewing plaasvind nie (Porteous, 1977:133). Die term "omgewing" is baie kompleks, maar beteken binne 'n ruimtelike perspektief die fisiese strukture wat deur die individu opgerig word (Porteous, 1977:138). Perin (1974:32) beskou die individu as 'n aktiewe deelnemer aan die omgewing waartydens die omgewing 'n integrale deel van die individu se gedragspatroon uitmaak (Lang *et al.*, 1974:83). Die impak van die omgewing op die individu word egter bepaal deur die komplekse aard van die omgewing wat vanaf 'n enkelvoudige stimulus en situasie, wat onmiddellik binne 'n bepaalde omgewing plaasvind, tot 'n multisituasie omgewing kan varieer. Hoe meer kompleks die omgewing is, hoe groter is die reeks faktore op psigiese, sosiale, kulturele en argitektoniese vlak wat die individu se verhouding met die omgewing beïnvloed (Stokols, 1981:170). Die omgewing is dus 'n matriks waarin sosiale verhoudings en situasies voorkom waarin gedrag plaasvind (Adamopoulos, 1982:30). Volgens Heimstra en McFarling (1978:3) en Lang *et al.* (1974:83) kan die omgewing as 'n sisteem beskou word wat die individu omsluit. Hierdie sisteem word ondersoek ten opsigte van die ruimtelike en sosiale gebiede waarin aktiwiteite voorkom (Raffestin & Lawrence, 1990:143). Die studie het dus ten doel om die woonhuis as omgewing te bestudeer en daar sal op die privaatheidsgedrag van die individu binne die woonhuis as omgewing gefokus word. Gedrag vind daarom binne 'n omgewing plaas en die omgewing beskik ook oor 'n ruimtelike aard. Vervolgens sal die verwantskap tussen gedrag en die ruimtelike omgewing (as 'n verdere verdeling van die omgewing in die algemeen) bespreek word.

### 3.2.4 Verwantskap tussen gedrag en die ruimtelike omgewing

#### 3.2.4.1 Oriëntering

In die algemeen kan gedrag nie sonder die teenwoordigheid van 'n bepaalde ruimtelike omgewing voorkom nie (Lang *et al.*, 1974:93; Michelson, 1977:23). Hierdie ruimtelike omgewing word deur die fisiese beboude omgewing bepaal en word aktief deur die individu gebruik (Germain, 1991:31). Een van die doelwitte van die ontwerp van die fisiese beboude omgewing is om 'n ruimtelike omgewing te verskaf waarin die verbruiker van die ruimte 'n aantal aktiwiteite kan uitvoer en toepaslike gedrag kan toon om spesifieke doelwitte te bereik (Germain, 1991:31; Kimmey *et al.*, 1987:724; Lang *et al.*, 1974:92). Hierdie proses staan as **ruimtelike gedrag** bekend. Volgens Brebner (1982:130) en Lang *et al.* (1974:93) verwys ruimtelike gedrag ook na die **gedragsomgewing** wat ontstaan tydens die koppelingsvlak van die individu met die omgewing waarbinne die individu homself/haarself bevind en waar die gedrag en belewenis (aktiwiteitspatrone) van die individu 'n weerspieëling van die interaksie tussen die fisiese omgewing en die gedragsomgewing is (Craik, 1977:148; Ittleson *et al.*, 1974:81; Lang *et al.*, 1974:93; Le Compte, 1974:185). Die gedragsomgewing word ook aan voorwerpe, wat ruimtelike grense bepaal, geken soos mure en ander voorwerpe waardeur die patrone van aktiwiteite wat in die gedragsomgewing voorkom, ondersteun word (Le Compte, 1974:189). Lang *et al.* (1974:93) is van mening dat indien die gedragsomgewing nie die toepaslike aktiwiteitspatrone ondersteun nie, die individu die omgewing sal verander.


Aangesien die individu spesifieke gedrag in 'n bepaalde ruimte toon, word ruimtelike gedrag grootliks deur die fisiologie, persoonlikheid, sosiale groepslidmaatskap en kultuur van die individu en die omgewing waarin die individu funksioneer, beïnvloed (Lang *et al.*, 1974:93; Moos, 1973:654; Stokols, 1990:642). Volgens Germain (1991:31) word ruimtelike gedrag ook deur die individu gebruik om sosiale afstand of intimiteit te verkry, status te handhaaf, rolverwagtinge te akkommodeer sowel as om 'n outoritêre en be-

sluitnemingshiërargie vir gesinslede, gemeenskappe en organisasies daar te stel, wat ook deur die gebruik van verbale, nie-verbale en territoriale gedragsmeganismes gekenmerk word (Germain, 1991:32). Die konsep van ruimtelike gedrag word ook ten nouste met die begrip proksemie geassosieer wat deur Stokols (1978:270) gedefinieer word as die wyse waarop die individu ruimte gebruik om sosiale interaksie te reguleer. Binne die studieveld van proksemie plaas Stokols (1978:270) die vier fenomene van privaatheid, persoonlike ruimte, territorialiteit en samedrukking as wyses om die interaksie van die individu met die omgewing te beskryf.

Fuhrer (1990:526) is van mening dat die gedragspatrone van die ruimtelike omgewing ook deur norme, waardes en sosiale gebruike bepaal word, wat daarop dui dat hierdie sosio-kulturele fasette op 'n reël-gerigte aksiestruktuur gebaseer word. Sodoende word beheer oor toepaslike gedrag binne 'n bepaalde omgewing uitgeoefen. Fuhrer (1990:529) gebruik 'n algemene voorbeeld vanuit die Westerse kulturele perspektief dat wanneer die individu in 'n woonhuis voor 'n geslote slaapkamerdeur staan, die privaatheid daarvan gerespekteer word, deurdat die individu 'n begrip vorm van wat die beboude omgewing bied, en dienooreenkomstig sal handel.

Die ruimtelike omgewing word as 'n simboliese betekenisvolle omgewing beskou wat bepaalde aktiwiteitspatrone van doelgerigte handeling wat deur sosio-kulturele riglyne neergelê word, bevat. Die individu se gedrag is afhanklik van die ruimtelike of gedragsomgewing. Binne die konteks van die studie word die woonhuis ook as 'n ruimtelike omgewing beskou waar 'n Westerse perspektief simboliese betekenis aan ruimtes (vertrekke) binne die woonhuis gee. Individue word vereis om dienooreenkomstig binne die ruimtes op te tree en algemene gedrag maar meer spesifiek privaatheidsgedrag te toon. Daar word dus vanuit die voorafgaande besprekings beweer dat die individu (I) soekend na 'n geskikte ruimte (P) binne die woonhuis as ruimtelike omgewing (O) is om 'n bepaalde gedrag (G) wat vir die doel van hierdie studie met privaatheid as psigo-ekologiese fenomeen verband hou, te toon (vgl. Fig.3.1). Daar word ook beweer dat die woonhuis as ruimtelike om-

gewing (O) 'n effek op die privaatheidsgedrag (G) van die individu (I) sal hê in so 'n mate dat privaatheid beleef sal word of nie. Die geldigheid van hierdie gedragsscenario is ook aan 'n sosio-kulturele komponent onderworpe. Wanneer hierdie scenario binne die konteks van die studie geplaas word, is die informele woonhuis as ruimtelike gedragsumgewing die oorsaak van die handhawing van privaatheidsgedrag. Die konsep "ruimte" is belangrik omdat die gedragsumgewing 'n bepaalde ruimte omsluit en gedrag binne hierdie ruimte plaasvind. Vervolgens sal die ruimtelike aard van die woonhuis vir die handhawing van gedrag ondersoek word.



**Figuur 3.1: Verwantskap tussen gedrag en die ruimtelike omgewing**  
(Aangepas uit Russel & Ward, 1982:653).

#### 3.2.4.2 Ruimtelike aard van die woonhuis

Ruimte met betrekking tot die woonhuis word in twee kategorieë verdeel, naamlik absolute ruimte wat die raamwerk van die beboude omgewing is, en relatiewe ruimte wat die verhouding tussen voorwerpe binne die beboude omgewing is (Liben, 1981:4). Volgens Zeisel (1974:296) het ruimte ook 'n visuele en latente aard. Eerstens word die woonhuis as 'n universeel aanvaarde bron van beskutting wat die visuele aard voorstel, beskou. Tweedens gee die latente aard van ruimte aan die woonhuis betekenis. Hier speel faktore soos die lewenswyse en kultuur van die individu wat die woonhuis bebou, 'n rol in die betekenis van die woonhuis as ruimte. Weens die feit dat die individu 'n groot deel van sy lewe in die ruimtelike omgewing deurbring,

moet die omgewing genoegsame ruimte voorsien vir die individu om sosiale interaksie aan te moedig of te beperk (Kellett, 1989:266). Die betekenis van die ruimtelike aard van die woonhuis mag verskil vir individue weens kulturele faktore en lewenswyse en die rol van die ruimtelike aard van die woonhuis in die handhawing van privaatheidsgedrag kan ook binne die woonhuisopset verskil. Die ruimtelike aard van die woonhuis is in breë die beeld van die woonhuis maar die organisering van ruimte aan die binnekant van die woonhuis lewer ook 'n bydrae tot die gedrag van die individu. Die volgende bespreking sal op die organisering van ruimte in die woonhuis fokus.

#### 3.2.4.3 *Ruimtelike organisering in die woonhuis*

Ruimtes binne die woonhuis word georganiseer deur die plasing van mure (wat groot ruimtes verdeel), die plasing van meubels (wat ruimte in beslag neem) sowel as beplanning van ruimtes in die ontwerp van die beboude omgewing (Moos, 1976:115). Hierdie organisering sluit onder meer vaste ruimtes en semi-vaste ruimtes in. Vaste ruimtes sluit die gebou en die interne afskortings wat nie verskuifbaar is nie, in. Dit organiseer ook aktiwiteite wat in bepaalde ruimtes plaasvind (Gutheil, 1992:391). Semi-vaste ruimtes verwys na die rangskikking van die elemente wat verskuifbaar is en sluit meubels in wat die individu gebruik om spesifieke vertrekke te organiseer. Dit kan vinnig en maklik van posisie verander, soos 'n tafel of kas wat verskuif word (Fuhrer, 1990:528).

Die organisering van ruimte in die woonhuis kan ook 'n sosiopetale organisering aanneem wat 'n verwelkomende kwaliteit het wat interpersoonlike verhoudings aanmoedig. Volgens Gutheil (1992:393) het die meeste woonhuise hierdie kwaliteit. 'n Sosiofugale organisering van ruimte het 'n minder verwelkomende kwaliteit wat nie interpersoonlike verhoudings aanmoedig nie. Beide hierdie ruimtelike organisering word bepaal deur die funksie wat die ruimte moet vervul (Brebner, 1982:129). Hierdie twee organiseringmoontlikhede het ook 'n effek op die interaksieproses waarin die individu as sosiale wese betrokke is, deurdat die ruimte sosiale interaksie aanmoedig of beperk.

Die gebruik van vaste en semi-vaste ruimtes, tesame met sosiopetale en sosiofugale rangskikkings, mag 'n bydrae lewer tot die mate waarin die individu die woonhuis as ruimtelike omgewing beleef sowel as die wyse waarop privaatheidsgedrag van die individu of enige ander sosio-fisiese gedrag geakkommodeer word. Dit is ook die gebruik van spesifieke ruimtes binne die woonhuis se ruimtelike omgewing wat die privaatheidsgedrag van die individu beïnvloed.

Daar bestaan 'n verskeidenheid wyses waarop ruimtes in die woonhuis vanuit 'n Westerse perspektief gebruik word. Hierdie ruimtes word in die vorm van vertrekke georden, wat as private, sosiale en werksones geklassifiseer word. Die ruimtes word aan dienooreenkomstige aktiwiteite geken wat in die woonhuisontwerp geakkommodeer word (Fisher *et al.*, 1984:292)(vgl. Par. 3.3.2.3). Die kleinste ruimtelike omgewing wat 'n invloed op die individu se gedrag het, is 'n vertrek waarin die individu homself/haarself bevind. Volgens Heimstra en McFarling (1978:38) is dit veral die funksie wat die vertrek vervul, wat 'n deel van 'n groter sisteem, naamlik die woonhuis vorm, wat die individu se gedrag beïnvloed (Moos, 1976:108; Sommer, 1983:73).

Dit word aanvaar dat die ruimtelike omgewing 'n effek op die gedrag van die individu het. Hierdie gedrag hang ook ten nouste saam met die psigo-sosiale faktore soos die waardes en norme van die individu, wat meebring dat individue verskillend ten opsigte van die ruimtelike omgewing reageer (Sommer, 1983:75; Ittleson *et al.*, 1974:10). Die ruimtelike omgewing word dus intuïtief na die gedragsvereiste van die individu geskep en gevorm (Ittleson *et al.*, 1974:10). Kultuur is daarom 'n sterk invloed op die individu se gedrag binne 'n bepaalde ruimtelike omgewing. Dit kan daarom ook aanvaar word dat kultuur 'n effek op die individu sal hê wanneer dit by die gebruik van bepaalde ruimtes in die woonhuis as ruimtelike omgewing kom. Dit word wel aanvaar dat die Westerse benadering van hierdie ruimtes op formele ruimtelike omgewings soos die woonhuis gerig is en dat informele woonhuise nie as sodanig hierby ingesluit word nie. Dit word ook aanvaar dat die Westerse gebruiksbepaling van hierdie vertrekke moontlik met ander kulture soos die

Tswanakultuur van die studiepopulasie mag verskil. Vanuit die Westerse perspektief word aan elke vertrek spesifieke vereistes wat betref die meubels, atmosfeer, vorm en status daarvan gestel (Heimstra & McFarling, 1978:39). Alhoewel kultuur nie as bepalende faktor in hierdie studie geag word nie, regverdig dit tog die aandag van die navorser weens die feit dat behoeftes van kulture verskil en die gebruik van ruimtes in die woonhuis dienooreenkomstig kan verskil.

In die voorafgaande bespreking is gefokus op die organisasie van ruimte binne die woonhuis. Vervolgens sal daar ook gelet word op die fisiese aard van die ruimtelike omgewing as bepaler vir gedrag en privaatheidsgedrag.

#### 3.2.4.4 *Fisiese aard van die ruimtelike omgewing*

Die fisiese aard van die ruimtelike omgewing staan ook as die fisiese omgewing bekend. Die fisiese omgewing, word beskou as die komplekse fisiese omstandighede waarin die individu leef en waarmee hy/sy in interaksie is (Proshansky, 1974:73). Die fisiese omgewing word aan bepaalde aktiwiteite en gedragspatrone geken wat vir kort of verlengde tydperke uitgevoer word wat ook gedrag van die individu binne individuele of sosiale verband ondersteun en bepaal (Holahan, 1982:346; Ittleson *et al.*, 1974:90; Proshansky, 1974:73). Dit blyk dat gedrag soos privaatheid nie geïsoleerd van die fisiese omgewing beskou kan word nie.

Weens die eienskappe van die fisiese omgewing kan sekere gedrag beperk of gefasiliteer word (Proshansky, 1974:73). Perin (1974:32) is verder van mening dat die fisiese omgewing 'n belangrike rol speel in die poging van die individu om bepaalde doelwitte te bereik deurdat die fisiese omgewing hierdie pogings van gedrag kan fasiliteer of inhibeer. Die fisiese omgewing binne die konteks van die woonhuis as omgewing het volgens Sixsmith (1986:283) ook 'n belangrike rol in die bepaling van wat die individu doen, voel en die betekenis wat die individu aan die fisiese omgewing heg.

Die funksie van die fisiese omgewing lê dus opgesluit in die handhawing van die nodige psigiese toestand om gedrag te akkommodeer en die nodige gedragsomgewing te verskaf (Lang *et al.*, 1974:85). Die fisiese omgewing dien dus volgens Becker en Coniglio (1975:55) die funksie as kommunikasiemedium om die individu in te lig oor hoe ander ver wag hy/sy daarin moet optree, maar die fisiese omgewing word ook gebruik om boodskappe terug te stuur. Bewustelik of onbewustelik word die fisiese omgewing op verskillende wyses geïnterpreteer (Becker & Coniglio, 1975:57) deurdat daar 'n poging aangewend word om te verstaan wat die motiewe en bedoelinge van die ontwerpomgewing is, op watter wyse dit die individu se gedrag of emosionele respons beïnvloed en wat die simboliese betekenis daarvan is. Aan die standpunt wat beide hierdie outeurs huldig kan 'n sterk kulturele komponent gekoppel word wat die handeling en interpretasie binne die fisiese omgewing affekteer en moontlik bepaal.

Die fisiese omgewing is nie net 'n potensiële handhawer en inisieerder van bepaalde gedrag nie, maar dit is ook 'n komplekse omgewing wat weens die fisiese aard daarvan 'n effek op die individu se gedrag kan hê. Binne die konteks van hierdie studie word die woonhuis as fisiese omgewing beskou wat by magte is om die privaatheidsgedrag van die individu te bepaal, weens die feit dat die fisiese omgewing 'n belangrike invloed op die gedrag van die individu het. Die fisiese omgewing, hetsy formeel of informeel van aard, bly steeds konstant in die effek wat dit op die gedrag van die individu het. Dit is egter die kulturele faktor wat moontlik die invloed wat hierdie omgewing op die privaatheidsgedrag van die individu mag hê, bepaal.

Daar is in die voorafgaande besprekings op die fisiese aard van die omgewing in 'n ruimtelike konteks gefokus. Germain (1991:29), Grieve (1987:179) en Heimstra en McFarling (1978:3) verdeel die fisiese omgewing verder in die beboude en natuurlike omgewing. Hierdie twee komponente moet egter nie in afsondering beskou word nie, maar eerder as deel van 'n geheel (Heimstra & McFarling 1978:37). Vir die doel van hierdie studie sal

daar op die beboude omgewing en die relevansie daarvan vir die individuele privaatheidsgedrag gefokus word.

### 3.2.4.5 *Die beboude omgewing en die effek op gedrag*

#### 3.2.4.5.1 Oriëntering

Die beboude omgewing wat vir die doel van hierdie studie na die woonhuis verwys, word saamgestel uit strukture wat deur die individu ontwerp en gevorm word (Grieve, 1987:179; Heimstra & McFarling, 1978:37). Dit sluit woonhuise en ander strukture sowel as fisiese ruimte in (Germain, 1991:29). Dit is binne hierdie strukture waarin die individu homself/haarself vir 'n groot persentasie van die dag bevind (Kilmer & Kilmer, 1992:2). As gevolg van hierdie standpunt is Grieve (1987:179), Heimstra en McFarling (1978:37) en Ittleson *et al.* (1974:343) oortuig dat gedrag grotendeels in die beboude omgewing plaasvind en dat hierdie omgewing die potensiaal het om die individuele aktiwiteite te beïnvloed, maar dat die beboude omgewing ook die vermoë het om die individuele behoeftes te akkommodeer (Ittleson *et al.*, 1974:343). Die verhouding tussen gedrag en verskillende beboude omgewings verskil ook van die een individu tot die volgende (Heimstra & McFarling, 1978:37).

Die beboude omgewing is veral van belang vir 'n studie van die verhouding tussen gedrag en kenmerke van die beboude omgewing soos onder meer die vertrekke van 'n gebou, waarin gedrag plaasvind, asook verskillende tipes woonhuise (Heimstra & McFarling, 1978:3). Daar is dus 'n groter bewuswording dat die ontwerp van die beboude omgewing gedrag beïnvloed (Grieve, 1987:179).

Na aanleiding van die bogenoemde bespreking kan dit aanvaar word dat die woonhuis as beboude omgewing die privaatheidsgedrag van die individu beïnvloed of akkommodeer. Die mate waarin die beboude omgewing wel privaatheidsgedrag binne die woonhuis akkommodeer kan toegeskryf word aan

die feit dat die beboude omgewing in ooreenstemming met die privaatheidsbehoefte van die individu is en daarom hierdie behoefte bevredig.

#### 3.2.4.5.2 Ooreenstemming van die beboude omgewing met privaatheidsgedrag

Die term "ooreenstemming" verwys na die mate waarin die ontwerpeienskappe van 'n bepaalde beboude omgewing paslik met die individu of verbruiker se behoeftes, voorkeure en aktiwiteite in die bepaalde omgewing is (Bell *et al.*, 1990:370; Fisher *et al.*, 1984:278; Gifford, 1987:347; Michelson, 1977:25). Moos (1976:111) is daarom van mening dat hierdie benadering geskik is vir die bepaling van die effek van die mensgemaakte fisiese omgewing op die individu se gedrag.

Dit is daarom duidelik dat die konsep van ooreenstemming relevant is vir die konteks van die ruimtelike omgewing en beboude omgewing en as parameters vir die fisiese omgewing dien waardeur verseker word dat gedrag nie beperk word nie (Levy-Leboyer, 1982:144). As gevolg van meegaande perspektiewe oor die konsep "ooreenstemming" van die fisiese omgewing met bepaalde gedragsbehoeftes, kan dit aanvaar word dat die woonhuis as beboude omgewing ook met die privaatheidsgedrag van die individu in ooreenstemming moet wees om hierdie gedrag te akkommodeer en sodoende die privaatheidsbehoefte te bevredig.

Daar bestaan dus 'n mate van "passing" tussen die fisies beboude omgewing en die gedragsbehoeftes van die individu binne hierdie omgewing (Bell *et al.*, 1990:370; Ittleson *et al.*, 1974:351; Stokols, 1981:173).

Wanneer die omgewing 'n passings- en ooreenstemmingstoestand met die behoeftes van die individu bereik het, ervaar die individu dat die omgewing bewoonbaar is. Die term "bewoonbaarheid" word ook as sinoniem vir die term "ooreenstemming" gebruik, maar hou spesifiek verband met die residensiële omgewing of woonhuis (Bell *et al.*, 1990:370; Fisher *et al.*,

1984:278; Gifford, 1987:348). Wheeler *et al.* (1977:211) is van mening dat bewoonbaarheid onder meer klimaat en duursaamheid van die materiaal insluit, maar dat daar ook 'n psigiese bewoonbaarheidskomponent is, wat deur kultuur en persoonlike faktore van die individu beïnvloed word. Bewoonbaarheid is daarom 'n relevante konsep tot die "pas" van die individu en sy omgewing.

Die konsep "ooreenstemming" sluit wel "passing" en "bewoonbaarheid" van die beboude omgewing ten opsigte van die behoeftes van die individu in. Die individu ervaar ooreenstemming op twee moontlike wyses. Eerstens, verwys **psigiese ooreenstemming** na die verhouding tussen die individu se gedrag en die omgewing in so ver as wat die individu verwag het die omgewing met die verlangde gedrag sou strook (Grieve, 1987:186; Michelson, 1977:25) en dus die individu se persoonlike waardes, behoeftes en lewenswyse akkommodeer (Moos, 1976:132). Tweedens, is **ervaringsooreenstemming** die mate waarin die behoeftes werklik bevredig word (Grieve, 1987:186; Michelson, 1977:25). Grieve (1987:186) en Michelson (1977:25) is van mening dat beide hierdie kategorieë van ooreenstemming essensieël is in die evaluering van die geskiktheid en funksionaliteit van die beboude omgewings.

Die twee kategorieë van ooreenstemming is dus deurslaggewend in die mate waarin die individu die beboude omgewing ervaar. Hierdie ervaring kan daarom ook die individu se belewenis van privaatheid binne die woonhuis bepaal, deurdat privaatheidsgedrag geantisipeer of daadwerklik binne die woonhuis ervaar word, hetsy binne 'n formeel of informeel beboude omgewing. Indien die beboude omgewing egter nie aan die behoeftes van die individu voldoen nie, mag toestande van gebrek aan ooreenstemming met die beboude omgewing ontstaan, wat negatiewe gevolge in die individu se belewenis van die beboude omgewing en privaatheidsgedrag mag hê.

### 3.2.4.5.3 Gebrek aan ooreenstemming met die beboude omgewing

Die ontwerp van die beboude omgewing wat beperkend in ruimtelike aard en gedragsopsies is, kan tot gevolg hê dat hierdie beperkinge 'n inhiberingseffek op die verkose wyse van gedrag het wat verbruikers ontevrede, gefrustreerd en negatief sal laat (Bell *et al.*, 1990:370; Michelson, 1977:25; Grieve, 1987:186). Porteous (1977:309) is steeds van mening dat daar 'n konstante gebrek aan ooreenstemming tussen die beboude omgewing en die gedrag van die individu heers.

Indien 'n omgewing doelgerigte gedrag inhibeer of nie ondersteun nie, is Germain (1991:17), Lang *et al.* (1974:93) en Moos (1976:126) van mening dat die individu sal poog om die fisiese omgewing te verander om behoeftes beter te akkommodeer (omgewingsverandering), of die verhouding tot die omgewing te verander deur die bepaalde aktiwiteit wat uitgevoer moet word aan te pas by die omgewing (omgewingsaanpassing) (Holahan, 1982:347). Daar is volgens Sommer (1983:176) geen twyfel dat die individu 'n hoogs aanpasbare wese is nie. Volgens Brebner (1982:151) behels die aanpassing 'n proses van selektiewe interpretasie en word 'n bepaalde omgewing ver-eenselwig met die funksie wat dit vervul en nie die argitektoniese eienskappe nie, wat meebring dat die verbruiker veranderinge in die beboude omgewing moet aanbring (Fisher *et al.*, 1984:278; Gifford, 1987:367). Perin (1974:31) postuleer dat gebrek deurgaans bestaan in die sin dat daar nie 'n perfekte ooreenkoms tussen 'n totale omgewing en die diverse aard van die individue wat die omgewing gebruik bestaan nie, maar dat daar eerder 'n aantal aanpassings van 'n subtiele of 'n ooglopende aard in die omgewing gemaak word. Volgens Saegert en Winkel (1990:446) is dit 'n proses van oorlewing waardeur 'n toestand van ewililibrium tussen die individu en sy omgewing bereik word (Levy-Leboyer, 1982:148). Die aard van die aanpassing hang ook af van die persoonlikheid, hulpbronne, ondervinding, aard van die omgewing en kultuur waaraan die individu onderworpe is (Germain, 1991:18).

Die konsep "aanpassing" is veral van toepassing waar die individu van formeel en informeel beboude omgewings aan gebrekkige omgewing blootgestel word. Die wyse waarop die individu hierdie omgewings hanteer en die effek wat dit op hul privaatheidsgedrag mag hê, is 'n belangrike aspek van hierdie studie. Deurdat die individu 'n aanpassing in die beboude omgewing maak, is dit duidelik dat die beboude omgewing nie aan die behoeftes voldoen nie en dat optimale funksionering nie binne die gegewe omgewing moontlik is nie.

Na aanleiding van die bogenoemde bespreking kan dit aanvaar word dat die individu binne die woonhuis as ruimtelike omgewing 'n moontlike aanpassing aan hierdie omgewing moet maak wanneer privaatheidsbehoeftes en privaatheidsgedrag nie deur die omgewing geakkommodeer word nie. Deasy en Lasswell (1990:11) waarsku dat die aanpassingsvermoë van die individu nie 'n verskoning vir slordige beplanning tydens die ontwerp van die beboude omgewing is nie.

#### 3.2.4.5.4 Die effek van die beboude omgewing op woonhuistevredenheid

Volgens Grieve (1987:185) word woonhuistevredenheid ervaar wanneer 'n toestand van ooreenstemming tussen die fisiese ontwerp van die woonhuis en die mate waarin begeertes en aktiwiteite van die individu in die omgewing geakkommodeer word, bestaan. Woonhuistevredenheid is ten nouste verbonde met die mate waarin die individu gewoon geraak het aan 'n spesifieke omgewing. In ooreenstemming hiermee ontwikkel die individu tevredenheid met die wyse waarop sekere take uitgevoer word (Bell *et al.*, 1990:295; Rent & Rent, 1978:462). Indien daar ooreenstemming bereik kan word tussen die fisiese omgewing wat die ontwerp van die woonhuis insluit en die verlangde gedrag, is Grieve (1987:186) van mening dat dit 'n bevrediging in die inwoners se persepsie van hul lewenskwaliteit tot gevolg kan hê. Brebner (1982:151) waarsku egter dat die belewenis van ooreenstemming met die beboude omgewing vir een persoon nie noodwendig dieselfde ervaring vir 'n ander persoon sal wees nie.

Volgens Perin (1974:33) word woonhuistevredenheid ook ten nouste verbind met die kwaliteit van die woonhuis veral met betrekking tot die grootte van die woonhuis en bewoonbaarheid daarvan. Laasgenoemde word gedefinieer as die mate waarin die binneontwerp van die woonhuis die individu se behoeftes bevredig, die hoeveelheid vloerruimte wat die woonhuis voorsien asook die aantal vertrekke in die woonhuis. Daar bestaan egter geen basislynstudies waaraan hierdie aspekte gemeet kan word nie.

Volgens Rent en Rent (1978:481) se studie oor woonhuistevredenheid in 'n lae-inkomstebehuisingsprojek in Suid-Carolina in die VSA, identifiseer die navorsers 'n aantal aspekte wat gekoppel word met woonhuistevredenheid en ontevredenheid, waarvan die woonbuurt en woonhuistevredenheid baie nou verwant is. Daar is gevind dat woonhuistevredenheid ook aan eienaarskap, struktuurtype, buurlikheid, algemene lewenstevredenheid sowel as tydperk woonagtig in hierdie woning gekoppel kan word. Die outeurs beweer ook dat 'n positiewe ervaring met hierdie eienskappe 'n positiewe woonhuis-tevredenheid tot gevolg mag hê.

Jagun *et al.* (1990:40) is van mening dat daar min navorsing met betrekking tot die woonhuistevredenheid van Afrika-Amerikaanse inwoners gedoen is en dat dit 'n belangrike veld van ondersoek is, veral waar behuisingsbeleid bepaal kan word. Die bevinding van hul studie is 'n aanduiding dat die fisiese omgewingsfaktore, naamlik strukturele tipe, algemene eienskappe van die woonhuis, sowel as sosio-ekonomiese statusfaktore, ouderdom, geslag, opvoeding, huwelikstatus, inkomste en werkstatus, 'n belangrike rol speel in die mate van behuisingstevredenheid wat deur die Afrika-Amerikaanse inwoners ervaar is. Suid-Afrika se huidige behuisingsvraagstuk en voorsieningsbeleid kan dus baat by navorsing gerig op woonhuistevredenheid tydens die skep van aanvaarbare wonings vir die inwoners.

Woonhuistevredenheid kan daarom ten nouste verband hou met die individu se belewenis van privaatheid, deurdat hierdie omgewing die privaatheidsgedrag akkommodeer en sodoende ook die behoefte aan privaatheidsgedrag.

Dit kan die algemene woonhuistevredenheid beïnvloed. Die beboude omgewing het wel 'n sterk beïnvloedingsmag op die gedrag van die individu, maar dit is nie eensydig van aard nie. Die interaksie tussen die beboude omgewing en die individu kan vanuit die transaksie-model beskou word, waar 'n wederkerige respons kenmerkend is. Vervolgens sal hierdie model bespreek word.

#### 3.2.4.5.5 Opsomming

Die beboude omgewing waarna as die woonhuis verwys word, is by magte om privaatheidsgedrag te akkommodeer. Wanneer hierdie omgewing nie in ooreenstemming met die behoefte aan privaatheidsgedrag is nie, ervaar die individu 'n gebrek in die beboude omgewing om hierdie behoefte te ondersteun. Dit kan die individu se woonhuistevredenheid bepaal. Die informele woonhuis word as beboude omgewing geplaas wat die privaatheidsgedrag van die individu wat hier woon kan beïnvloed. Die mate waarin die informeel beboude omgewing aan die privaatheidsbehoefte van die individu voldoen, sal bepaal of die omgewing gebrekkig in hierdie opsig is of nie. Dit sal ook die woonhuistevredenheid van die individu bepaal. Die onderliggende sosio-kulturele komponente wat hierdie studiepopulasie beïnvloed, mag ook hierdie belewenis van die beboude omgewing beïnvloed.


Die voorafgaande besprekings het gedrag binne die omgewing geplaas en hierdie interaksie word binne die transaksie-model uitgevoer. Vervolgens sal die transaksie-model kortliks as gedragsbenadering bespreek word.

### 3.2.5 Gedrag binne die transaksie-model

#### 3.2.5.1 Oriëntering

Die individu-omgewing-gedrag-verhouding word deur Porteous (1977:134) as 'n algemene transaksie-model uitgebeeld (vgl. Fig. 3.2), waartydens beide die individu en die omgewing as komplekse sisteme benader word. Gedrag is

die interne verwantskap tussen hierdie twee sisteme. Hierdie model identifiseer twee basiese aspekte, naamlik die invloed van die individu se gedrag op die omgewing en die omgewing se invloed op die individu se gedrag (Bell *et al.*, 1990:364). Vanuit hierdie perspektief is dit duidelik dat daar 'n wedersydse beïnvloeding tussen die twee betrokke sisteme heers (Holahan, 1982:355) en dat die effek van die omgewing op die gedrag van die individu ook die effek van die individu op die omgewing in hierdie verhouding weerspieël (Stokols, 1978:279; Wapner, 1995:13), maar dat die omgewing wel 'n belangrike bydraende faktor tot gedrag is (Bell *et al.*, 1990:364). Uit meegaande model postuleer Wapner (1995:16) 'n holistiese benadering vir die transaksie-model en neem die outeur aan dat die individu en omgewingsstelsel as 'n geheel funksioneer, wat tot gevolg het dat 'n verandering in een van hierdie sisteme 'n invloed op die geheel het.



**Figuur 3.2: Gedrag binne die transaksie-model (Porteous, 1977:135).**

Weens die wedersydse invloed van die omgewing op die individu se gedrag en die individu se invloed op die omgewing, word drie omgewings-gedragsmodelle, naamlik die omgewingsdeterministiese model, die omgewingsmoontlikheidsmodel en die omgewingswaarskynlikheidsmodel binne die transaksie-model geplaas (Holahan, 1982:355). Elk van hierdie modelle sal kortliks bespreek word.

### 3.2.5.2 *Omgewingsdeterministiese model*

Die omgewingsdeterministiese benadering huldig die standpunt dat die beboende omgewing 'n direkte invloed het op die gedrag van die individu wat in die omgewing voorkom of vorm aan gedrag gee. Die omgewing word dus as 'n oorsaaklike faktor van gedrag beskou (Bell *et al.*, 1990:364; Fisher *et al.*, 1984:266; Germain, 1991:12; Gifford, 1987:351; Grieve, 1987:179; Porteous, 1977:135).

### 3.2.5.3 *Omgewingsmoontlikheidsmodel*

Die omgewing is in hierdie benadering slegs die konteks waarin gedrag plaasvind (Bell *et al.*, 1990:364). Porteous (1977:137) beskou die omgewing as die medium wat vir die individu geleenthede bied. Die omgewing is van die keuses en pogings wat die individu aanwend afhanklik, maar die omgewing stel terselfdertyd potensiële beperkinge vir gedrag (Gifford, 1987:352). Gedrag is volgens Bell *et al.* (1990:364), Fisher *et al.* (1984:267), en Grieve (1987:179) dus die resultaat van beide die individu se persoonlike keuse en die invloed van die fisiese omgewing en dit is onwaarskynlik dat die omgewing die oorsaak of forseringsmag van spesifieke gedrag is (Bell *et al.*, 1990:364).

### 3.2.5.4 *Omgewingswaarskynlikheidsmodel*

Bell *et al.* (1990:364) en Grieve (1987:179) beskou die omgewings-waarskynlikheidsmodel as 'n kompromie tussen die omgewings-deterministiese en omgewingsmoontlikheidsmodel. Dit staan bekend as die geleentheidstruktuurparadigma (Saegert & Winkel, 1990:452), maar word deur Gifford (1987:352) as 'n kansspel beskou. Volgens Porteous (1977:138) bestaan daar 'n groot aantal geleenthede en alternatiewe vir aksie en interaksie binne die omgewing. Die omgewingswaarskynlikheidsmodel neem dus aan dat die individu 'n reeks response op 'n omgewingsituasie mag kies, en dat daar moontlikhede is wat met spesifieke ontwerp en gedragsaspekte geassosieer

word, wat veroorsaak dat sommige gedragstipes meer gereedelik as ander voorkom (Bell *et al.*, 1990:365; Fisher *et al.*, 1984:267).

#### 3.2.5.5. *Gevolgtrekking*

Wanneer hierdie benaderings in oënskou geneem word, is die verskillende verhoudings tussen die omgewing en gedrag duidelik. Die klem lê op die wedersydse interaksie van die individu-omgewing en omgewing-individu, wat bewys lewer dat die omgewing nie alleen verantwoordelik is vir gedrag nie, maar dat die individu ook die omgewing beïnvloed. Die woonhuis as ruimtelike omgewing kan enige van hierdie modelle akkommodeer en daarmee saam bepaalde gedrag ontlok. Die privaatheidsbelewenis binne die konteks van hierdie modelle word bepaal deur die aard van privaatheidsbehoefte en waarde wat aan privaatheid binne 'n ruimtelike konteks heg word, wat kultureel beïnvloedbaar is.

#### 3.2.6 **Gevolgtrekking**

Wanneer die verhouding tussen die woonhuis en ruimtelike gedrag in oënskou geneem word, is Lang *et al.* (1974:95) oortuig dat dit nie 'n geslote verhouding is nie, maar gerig is op die bevrediging van die individu se behoeftes. Die behoefte waarvan hier ter sprake is, kan onder meer na die behoefte aan privaatheid wat deur die individu geïdentifiseer word, verwys. Binne die konsep van die woonhuis as ruimtelike omgewing moet die privaatheidsbehoefte geakkommodeer kan word en die individu dus die geleentheid gebied word om privaatheidsgedrag te openbaar. Daar bestaan verskeie omgewingsinteraksiemoontlikhede vir die individu, en die belewenis van privaatheid is ook aan hierdie model onderworpe.

Die ruimtelike omgewing binne die woonhuis moet dus geskik wees om die privaatheidsbehoefte van die individu te bevredig. Indien die omgewing nie ooreenkom met die privaatheidsbehoefte van die individu nie, kan 'n negatiewe belewenis van privaatheid ervaar word. Die individu is by magte

om die omgewing te verander en dus daarby aan te pas. Die mate waarin privaatheid egter binne die woonhuis geakkommodeer word het 'n besliste verband met die bewoonbaarheid van hierdie omgewing. Indien die individu 'n negatiewe woonhuistevredenheid beleef weens die gebrek aan privaatheid kan dit die lewenskwaliteit van die individu beïnvloed. Die effek van die beboude omgewing op die privaatheidsgedrag van die individu is ook onderworpe aan kultuurverskille wat die perspektief op die aanpassing van woonhuistevredenheid en ooreenstemming met die omgewing mag beïnvloed.

Die informele woonhuis, weens die fisies beboude omgewing waarvan hierdie woonhuis deel is, word blootgestel aan hierdie gedragskenmerke. Die belewenis van privaatheidsgedrag binne die konteks van die informele woonhuis is daarom vir hierdie studie van belang.

### **3.3. ONTWERP VAN DIE WOONHUIS AS RUIMTELIKE OMGEWING VIR DIE HANDAWING VAN PRIVAATHEID**

#### **3.3.1 Oriëntering**

Die woonhuis is een van die aspekte van die beboude omgewing wat uit ver-trekke bestaan, maar wat ook ten doel het om skuiling te verskaf, plekke vir aktiwiteite te bied en psigiese skuiling aan die individu te bied (Grieve, 1987:180; Hayward, 1975:4; Heimstra & McFarling, 1978:60; Lawrence, 1987:155; Rivlin, 1990:44; Sixsmith, 1986:290). Die betekenis van die woonhuis lê daarom nie net opgesluit in die vorm, struktuur en funksie daarvan nie, maar daar is ook vir die individu 'n dieper betekenis waarna as 'n emosionele belegging verwys word (Suchar & Rotenberg, 1994:150; Porteous, 1977:61). Sadalla *et al.*, (1987:570) hou verder voor dat die woonhuis beskou kan word as 'n voorwerp wat op 'n simboliese wyse uitdrukking aan die sosiale klas, persoonlike eienskappe, estetiese voorkeure en persoonlike geskiedenis van hul inwoners gee en dat 'n geskikte woonhuis gekies, gemodifiseer en versier word sodat dit simbolies aanvaarbaar vir die inwoners is. Vir die doel van hierdie studie sal die term "woonhuis" verwys

na die enkelgesinswoning, enkel of dubbelverdieping waarin 'n kerngesin woonagtig is, wat alleen op 'n erf geplaas is en wat deur 'n omheining van ander erwe afgesonder word. Die woonhuis vorm 'n logiese besprekingspunt om die interaksie tussen die individu en die beboude omgewing te bestudeer (Grieve, 1987:180; Heimstra & McFarling, 1978:60). Dit is hierdie omgewing wat bogenoemde eienskappe bevat waarmee die individu in interaksie is en die welstand van die individu beïnvloed. Die woonhuis het vir die doel van hierdie studie 'n belangrike rol in die handhawing van privaatheidsgedrag wat 'n invloed op die individu se kwaliteit van lewe mag hê.

Twee hoofkomponente vorm die bespreking aangaande die ontwerp van die woonhuis as ruimtelike omgewing vir die handhawing van privaatheid. Die eerste komponent sal poog om die ruimtelike organisering vir die handhawing van privaatheid van die woonhuis te omskryf, waarna die tweede komponent ontwerpalternatiewe vir die handhawing van privaatheid voorhou.

Die woonhuis kan alleenlik aan die privaatheidsbehoefte en gedrag van die individu voldoen indien die ruimte binne die woonhuis op so 'n manier georganiseer is, dat dit privaatheid akkommodeer. Die organisering van ruimtes binne die woonhuis sal vervolgens bespreek word.

### **3.3.2 Ruimtelike organisering in die woonhuis vir die handhawing van privaatheid**

#### **3.3.2.1 Oriëntering**

Die woonhuis word gekenmerk deur die fasilitering van bepaalde ruimtes binne die fisiese omgewing. Die gebruik en plasing van hierdie ruimtes speel 'n belangrike rol in die ontwerpproses om sodoende te verseker dat die woonhuisontwerp aan die behoeftes van 'n funksionele, fisiese en psigiese aard in verskeie areas van die woonhuis voldoen (Kilmer & Kilmer, 1992:198; Veitch & Arkkelin, 1995:332). Ruimtes word volgens Kilmer en Kilmer (1992:201) in verskeie kategorieë geplaas waar die benaming van hierdie

ruimtes nie noodwendig 'n omskrywing van die tipe ruimte is nie, maar dat die verbruiker van daardie ruimte en die aktiwiteite wat daarin plaasvind, die ruimte omskryf. Die fisiese samestelling van die ruimte mag gedurigdeur verander, wat 'n aanduiding van die inwoners se gedrag is en die omgewing moet dus vir verskeie of spesifieke aktiwiteite voorsiening maak deur die plasing van mure, deure, vensteropeninge en meubels wat hierdie ruimtes definieer om sodoende die behoeftes en lewensverwagtinge van die individu te akkommodeer (Kilmer & Kilmer, 1992:202). Die organisering van hierdie ruimtes sluit onder meer die uitleg van die woonhuis volgens 'n bepaalde vloerplan in wat weer 'n aantal ruimtelike sones identifiseer. Elk van hierdie aspekte sal sodanig bespreek word dat die relevansie tot privaatheidsgedrag na vore kom.

### 3.3.2.2 *Vloerplan*

Volgens Kilmer en Kilmer (1992:203) bestaan daar verskeie vloerplanne wat sekere aktiwiteite binne die woonhuis akkommodeer om sodoende 'n bepaalde gedragsbehoefte te bevredig. Die twee algemene vloerplanne wat die ruimte binne die woonhuis organiseer is die oop of geslote vloerplan.

#### 3.3.2.2.1 *Geslote vloerplan*

Die geslote vloerplan word gebaseer op die verdeling van ruimte in verskillende vertrekke vir spesifieke aktiwiteite wat deur gange verbind word (Kilmer & Kilmer, 1992:203; Nissen *et al.*, 1994:282). Hierdie vloerplanne verdeel ruimtes en definieer die ruimtes as kombuise, slaapkamers, woonkamers en vele ander vertrekke, wat 'n aanduiding is van die lewenswyse van die inwoners en die aktiwiteite wat daarin voorkom (vgl. Par. 3.3.2.3). Deur die gebruik van mure en deure word genoegsame privaatheid aan verskillende ouderdomsgroepe op 'n visuele en akoestiese vlak verskaf (Kilmer & Kilmer, 1992:204; Nissen *et al.*, 1994:382). Volgens Bell *et al.* (1990:401) gebruik die gesin of individu wat hierdie tipe vloerplan kies dus omgewingsbeheer-meganismes soos die toekenning van vertrekke as spesifieke terreine vir in-

dividuele gebruik wat verseker dat privaatheid gehandhaaf word. Die geslote vloerplan is daarom die mees geskikte opsie vir die handhawing van privaatheid deurdat die geslote vloerplan segregasie of beheer oor verskeie gesinsaktiwiteite bied waardeur privaatheid gehandhaaf word. Hierdie vloerplanopsie is dus geskik vir individue wat genoegsame privaatheid vry van steurings en onderbrekings benodig (Mehrabian, 1976:86).

#### 3.3.2.2.2 Oop vloerplan

Die oop vloerplan is 'n uitbeelding van 'n minimum vaste ruimte tussen die plafon en vloerskeidings en 'n maksimum buigbare ruimte. Ruimte word dus in 'n aaneengeskakelde eenheid georganiseer wat 'n konstante vloeroppervlak van een area (ruimte) na 'n volgende insluit (Nissen *et al.*, 1994:283). Skeiding van aktiwiteite word verkry deur die plasing van meubels, vlakverandering en gebruik van gedeeltelike mure of skerms (Kilmer & Kilmer, 1992:204). L-vormige vertrekke, meubels met regte hoeke wat as mure dien sowel as verskuifbare mure en meubels wat weg vanaf mure geplaas word, word ook as ontwerpmoontlikheid gebruik (Nissen *et al.*, 1994:283)(vgl. Par. 3.3.3.3). Aktiwiteite is deurgaans sigbaar en die moontlikheid om privaat te wees, verminder (Kilmer & Kilmer, 1992:204; Nissen *et al.*, 1994:283). Die oop vloerplan is dus nie 'n doeltreffende keuse vir die handhawing van privaatheid nie, aangesien geen visuele of akoestiese versperrings opgerig word nie. Bell *et al.* (1990:399) is van mening dat individue of gesinne wat die oop vloerplan kies wel oor die vermoë beskik om privaatheid sonder die gebruik van fisiese aspekte uit die omgewing te reguleer, terwyl daar selde terreine aan individue vir privaatheid afgestaan word. Hierdie vloerplan is ook meer geskik vir nie-beeldskermers wat volgens Mehrabian (1976:86) 'n mate van sigbaarheid verkies.

### 3.3.2.3 Ruimtelike sones

#### 3.3.2.3.1 Oriëntering

Die aktiwiteite in die woonhuis word in verskillende ruimtelike sones gegroepeer wat bepaal word deur die mate van ooreenkomste in funksie en graad van privaatheid of interaksie wat benodig word (Kilmer & Kilmer, 1992:205; Nissen *et al.*, 1994:185). Daar is drie primêre ruimtelike sones wat in die woonhuis voorkom, naamlik die private, sosiale en werksones en bepaalde aktiwiteite word met elk van hierdie ruimtelike sones geassosieer (Nissen *et al.*, 1994:185). Volgens Nissen *et al.* (1994:185) bestaan daar ook oorgangsones of semi-publieke sones wat ingange en uitgange van die woonhuis, sowel as semi-private sones wat sirkulasieroetes binne die woonhuis insluit. Hierdie sones dien as buffers tussen die drie primêre sones en kom in die mees basiese woonhuisontwerp voor. Die gebruik van die verskillende ruimtelike sones in woonhuisontwerp vergemaklik die plasing en rangskikking van spesifieke ruimtes wat daardeur verseker dat die verhouding tussen die verskillende sones funksioneel en prakties is (Nissen *et al.*, 1994:186). Die verskillende sones wat in die woonhuis geïdentifiseer word, sowel as die funksie van elk word vervolgens vanuit 'n Westerse perspektief wat algemeen in formele woonhuisontwerp voorkom, bespreek.

#### 3.3.2.3.2 Private sone

Die private sone word aan sekere private vertrekke soos die slaapkamers en persoonlike higiëne-fasiliteite gekenmerk. Die primêre belang in die ligging van die private ruimtes is om te verseker dat hierdie vertrekke werklik privaat is (Nissen *et al.*, 1994:187). Wentling (1995:45) is van mening dat meer algemene vloerplanne in die VSA 'n groter onderskeid tussen die plasing van die hoofslaapkamer en kinderkamers tref om sodoende maksimale privaatheid vir die inwoners te verseker. Die ligging van die badkamer daarenteen is volgens Nissen *et al.* (1994:268) 'n punt van gerief, privaatheid sowel as koste-effektiwiteit. 'n Badkamer behoort toeganklik vanaf alle slaapver-

trekke te wees sonder om sigbaar vanaf groepsruimte te wees. Volgens Nissen *et al.* (1994:256) is privaatheid 'n basiese noodsaaklikheid sowel as 'n luuksheid en baie gesinne kan dit bekostig om individuele vertrekke vir privaatheid te verskaf, maar dit verg intelligente beplanning om 'n ruimte te skep waarheen die persoon kan ontvlug vir rus en geestelike vernuwning of selfs om werkverrigting voort te sit (Wentling, 1995:45).

Die private sone is die enigste sone in die woonhuis wat vir privaatheid ingerig en ontwerp word. Bernard (1991:198) is van mening dat die wyse waarop die inwoners die private sone beheer, 'n aanwyser van die individuele en sosiale aard van hul behoeftes is. Slaapvertrekke en badkamergeriewe word apart van ander vertrekke geplaas. Hierdie vertrekke word ook ontwerp binne die konteks van 'n geslote vloerplanontwerp wat visuele en akoestiese privaatheid verseker.

#### 3.3.2.3.3 Sosiale sone

Die sosiale sone, ook genoem die seremoniële komponent in die woonhuis, is 'n publieke of semi-publieke area in die woonhuis waar sosiale aktiwiteit plaasvind (Nissen *et al.*, 1994:186; Wentling, 1995:93). Hierdie sone sluit areas in waar die gesinslede, vriende en gaste bymekaar kom en sosiaal verkeer (Kilmer & Kilmer, 1992:205). Volgens Kilmer en Kilmer (1992:205) en Nissen *et al.* (1994:206) behoort hierdie sone 'n atmosfeer te skep wat die lewenswyse en waardes van die verbruikers daarvan akkommodeer, aangesien dit volgens Nissen *et al.* (1994:207) die mees gebruikte sone in die woonhuis is.

Nissen *et al.* (1994:207) verdeel die sosiale sone in die ingangsportaal, sitareas, en eetareas. Weens die verskeidenheid vertrekke wat in die sosiale sone geakkommodeer word, is die ligging van hierdie vertrekke tot mekaar belangrik, asook die wyse waarop hierdie ruimtes sal funksioneer en mekaar beïnvloed (Kilmer & Kilmer, 1992:206). Dit is ook duidelik dat hierdie ruimtes verskillende funksies moet verrig, maar dat die funksies van hierdie ruimtes

rondom en in noue verbinding met die werksone is, sowel as met gerieflike toegang vanaf hoofingange na die woonhuis (Kilmer & Kilmer, 1992:206; Nissen *et al.*, 1994:186).

Die vorm wat die sosiale sone aanneem, is volgens Nissen *et al.* (1994:230) reghoekig, met lengte en breedte verhouding van 2:3. 'n Volgende vorm wat uit die reghoekige ontwerp ontstaan en wat die leefarea met eetarea verbind is die L-vormige ontwerp van die sosiale area. Die grootte van hierdie ruimtes word deur Nissen *et al.* (1994:230) aan die gesinwaardes sowel as finansiële hulpbronne van die gesin toegeskryf. Kenmerke van elk van die vertrekke wat met die sosiale sone geassosieer word sal kortliks bespreek word.

Die sosiale sone word dus geassosieer met individuele of gesinsinteraksie. Dit word ondersteun deur aktiwiteit wat semi-privaat is. Die gebruik van hierdie vertrekke plaas die individu gedurigdeur in visuele en akoestiese verbinding met ander individue of gesinslede. Die sosiale sone is dus slegs met tye privaat, maar hierdie belewenis is van korte duur weens die funksie wat die bepaalde sosiale vertrekke vervul. Die sosiale sone word ook op 'n oop vloerplan gebaseer wat sosiale interaksie vergemaklik en minder privaatheid bied. Wanneer 'n geslote vloerplanopsie vir die sosiale sone gekies word, is dit afhanklik van die privaatheidsbehoefte vir sosiale interaksie wat deurslaggewend is.

#### 3.3.2.3.4 Werksone

Die vertrek wat die hoofkomponent van die werksone van enige standaard-woonhuis vorm, is die kombuis. Die kombuis verskaf liggaamlike sowel as emosionele lewensmiddele en dien ook as 'n samekomsentrum vir gesinslede (Nissen *et al.*, 1994:232). Volgens Kilmer en Kilmer (1992:218) en Nissen *et al.* (1994:186) vorm dit die senuweesentrum van die woonhuis wat onder meer ontwerp word vir voedselvoorbereiding, bediening, opberging sowel as versorging van klerasie van die inwoners. Die sosiale sone en die private

sone sal volgens Nissen *et al.* (1994:232) in 'n vakuum bestaan indien dit nie deur die werksone van die woonhuis ondersteun word nie.

Wentling (1995:20) beweer ook verder dat die kombuis onvolledig is indien daar nie 'n informele eetarea ingesluit word nie. Dit is rondom hierdie eetarea dat samekoms van gesinslede bewerkstellig word. Dit vorm 'n belangrike deel van die gesinsontwikkeling. Vir ander woonhuisontwerpe word die kombuis met aansluitende eetarea deel van die gesinskamer wat dus saamwerk as 'n geriefsbasis en meebring dat die leefbaarheid van die werksone na die aanliggende sosiale sone van die woonhuis uitvloei (Wentling, 1995:20). Nissen *et al.* (1994:332) is van mening dat die werksone vir die handhawing van die individu of gesin se daaglikse lewenswyse verantwoordelik is.

Die werksone is die mees basiese komponent in die woonhuis. Hierdie sone word gekenmerk deur voedselvoorbereiding en voedselbediening, maar dien ook 'n sosiale funksie. Binne die konteks van die werksone word die gesinslede ook meer betrek deurdat sosialisering tydens maaltye plaasvind. Die kombuis word nie as 'n private ruimte beskou nie, aangesien dit semi-publieke aktiwiteite akkommodeer. Die private aard van die kombuis is uitsluitlik afhanklik van die lewenswyse van die individu, die vloerplansamestelling en voorkeure van die individu wat die kombuis gebruik. Daar kan egter aangeneem word dat daar wel tye van privaatheid in die kombuis beleef word, maar dat dit ook van korte duur is. Geslote of oop vloerplanne word gebruik tydens die inrig van die werksone, afhangend van die privaatheidsbehoefte van die individu of gesin tesame met die funksie van die kombuis of werksone.

#### 3.3.2.4. *Opsomming*

Vanuit 'n Westerse perspektief word die vloerplan van die woonhuis en die ruimtelike sones deur bepaalde funksies binne die woonhuis gekenmerk. Die gebruik en toepassing van ruimtelike organisering in die woonhuis mag ook

weens kulturele verskille ander dimensies en betekenis kry. Die informele woonhuis word ook aan ruimtelike organisasie blootgestel en die Westerse gebruiksbenedering mag daarvan verskil. Dit is veral die gebruik van ruimtelike organisering in die informele woonhuis wat privaatheidsgedrag ook kan akkommodeer wat deur die studie ondersoek word. Ruimtelike organisering van die woonhuis is slegs een aspek wat bydra tot die handhawing van privaatheidsgedrag.

### **3.3.3 Ontwerpalternatiewe vir die handhawing van privaatheid**

#### **3.3.3.1 Oriëntering**

Holahan (1982:251) gaan van die standpunt uit dat privaatheid 'n belangrike rol in die individu se persoonlike en sosiale lewe speel. Volgens Keeley en Edney (1983:220) is privaatheid 'n psigiese faktor wat groot implikasies vir die beboude omgewing inhou. Gesien vanuit die dialektiese model van privaatheid as 'n grensreguleringsproses waartydens die individu 'n optimale balans tussen afsondering en interaksie handhaaf, is Keeley en Edney (1983:220) dit eens dat die ontwerp van die fisiese grense van die woonhuis 'n bydrae tot die handhawing van die dialektiese model lewer.

Die ontwerp van die woonhuis bepaal dus die mate waarin privaatheid ervaar sal word. Die ontwerp en beplanning van die woonhuis is daarom baie belangrik (Bell *et al.*, 1990:399). Twee van die belangrikste ontwerp-alternatiewe wat die individu kan gebruik om privaatheid te verseker, is die plasing van die woonhuis op die erf, asook die gebruik van binnenshuise komponente van die woonhuis. Hierdie twee alternatiewe sal kortliks bespreek word.

#### **3.3.3.2. Plasing van die woonhuis op die erf**

Die erf, tesame met die plasing van die woonhuis daarop, vorm 'n belangrike aspek in die verkryging van privaatheid. Om privaatheid te verseker, moet

die private en publieke komponente van die woonhuis en erf geïdentifiseer word (Wentling, 1995:114).

Volgens Wentling (1995:116) sluit die private komponente die vertrekke in wat gesinsaktiwiteite bevat of waarna die outeur verwys as die gemeenskapskomponent van die woonhuis wat 'n hoë prioriteit ten opsigte van privaatheid geniet. Die hoofslaapkamer behoort die hoogste prioriteit van privaatheid te ontvang (Wentling, 1995:116). Dit het tot gevolg dat hierdie area ver genoeg van die vooraansig van die woonhuis moet wees. Die sekondêre slaapkamers, gaste-akkommodasie en studeerkamer sal ook baat by 'n private oriëntering, maar geniet 'n laer privaatheidsprioriteit as die hoofslaapkamer. Hierdie vertrekke wys in die meeste gevalle na die voor of publieke area van die woonhuis wat minder privaat is (Wentling, 1995:117).

Die vorm van die erf dra ook by tot die verkryging van privaatheid. Wanneer 'n reghoekige of vierkantige erf gebruik word, word die kant wat na die straat front as publieke terrein beskou en die agterkant daarvan as private terrein. Die ontwerp en plasing van die woonhuis waar die kant van die erf benut word kan ook meer privaatheid aan die kant van die erf bied (Wentling, 1995:115). Om privaatheid binne hierdie vertrekke te verseker, moet daar van ander privaatheidsmeganismes gebruik gemaak word (vgl. Par. 3.3.3.3.2). Waar die woonhuisontwerp self 'n vierkantige vorm aanneem, kan private vertrekke aan die agterkant van die woonhuis geplaas word wat uitsluitlik 'n private area met die agtererf vorm.

Volgens Wentling (1995:118) sluit die publieke komponente die seremoniële of sosiale area in, naamlik die ingang na die woonhuis, leefarea en eetvertrekke. Omdat hierdie areas minder privaat is (vgl. Par. 3.3.2.3.3) kan hierdie areas na die publieke terrein front en 'n mate van privaatheid kan tog wel deur die toepassing van ander privaatheidsmeganismes verseker word (vgl. Par. 3.3.3.3.2).

Publieke oriëntering verseker dus ook dat die private vertrekke van die individu of gesin nie betree word nie en dat gaste tot die seremoniële of publieke vertrekke van die woonhuis beperk word. Hierdeur word verseker dat die privaatheid van die individu of gesin binne ander vertrekke gehandhaaf word.

Vervolgens sal aandag aan binnenshuise ruimte vir die verkryging van privaatheid geskenk word.

### 3.3.3.3 *Binnenshuise komponente en die handhawing van privaatheid*

Die binnenshuise ruimte van die woonhuis sluit onder meer die ruimtelike vloerplan (vgl. Par. 3.3.2.2) sowel as ruimtelike sones in (vgl. Par. 3.3.2.3), maar daar is wel ook ander komponente wat die binnenshuise ruimte van die woonhuis vorm. Hierdie komponente sal vervolgens ondersoek word as strukturele elemente wat van belang vir privaatheid is.

#### 3.3.3.3.1 Strukturele elemente van woonhuisontwerp van belang vir privaatheid

Die fisiese omgewing beskik oor die vermoë om individuele gedrag meer of minder toeganklik te maak en 'n verskil in die belewenis van privaatheid te maak (Laufer & Wolfe, 1977:34). Dit word moontlik gemaak deur die plasing van mure, deure, vensters en ander hoeke in die konstruksie van die woonhuis, omheining, slotte en kennisgewingborde asook die beskikbaarheid van ruimtes, die tipe en ligging daarvan tesame met die aantal persone wat die ruimte beset (Archea, 1977:123; Holahan, 1982:250). Daar is egter drie van hierdie fisiese strukture, naamlik deure, vensters en mure wat reeds in die ontwerp van die woonhuis toegepas kan word om privaatheid te akkommodeer. Volgens Schwartz (1968:747) het hierdie drie strukture 'n belangrike funksie om te vervul tydens die skep van 'n private omgewing. Die wyse waarop elk van hierdie fisiese strukture privaatheid verskaf, sal kortliks bespreek word.

### (a) Deure

'n Deur verskaf die grens tussen die self en ander. Die deur word as meganisme gebruik om skeiding daar te stel wat tot vandag toe so aanvaar word (Schwartz, 1968:747), maar wat tog nog aan bepaalde reëls wat deur die lede van die gesin gerespekteer moet word, onderworpe is (Schwartz, 1968:748). Die reëls waarvan die outeur melding maak, is onder meer die interpretasie van 'n toe deur en oop deur. Binne die Westerse samelewing word 'n toe deur as teken van privaatheid ervaar en dit sal gerespekteer word. 'n Oop deur het 'n meer toeganklike benadering wat minder privaat is. Beide hierdie benaderings is egter afhanklik van die ouderdom van die individu wat privaatheid verlang, aangesien 'n ouer 'n jonger kind se kamer ongenooïd sal binnegaan (vgl. Par. 2.7.2.2).

### (b) Vensters

Schwartz (1968:747) verwys na vensters as deursigtige deure. Die vensters word gesien as die struktuur wat die individu toelaat om die buitewêreld te sien. Die gebruik van 'n gordyn beperk en reguleer toegang tot die individu in die fisiese struktuur. Hierby kan gevoeg word dat die posisionering en die grootte van die venster sowel as die digtheid van die gordyn wat voor die venster gebruik word, 'n belangrike rol in die handhawing van privaatheid speel. Die toepassing van hierdie aspekte moet tydens die beplanning van die publieke en sosiale areas in die woonhuis in gedagte gehou word.

### (c) Mure

Die muur word beskou as die struktuur wat permanente skeiding bied en wat die moontlikheid van interaksie beperk wat eerder tot 'n gevoel van beheer oor die fisiese omgewing lei (Schwartz, 1968:749). Die gebruik van mure verleen dus 'n geslote voorkoms aan die ontwerp van 'n vertrek wat sodoende privaatheid akkommodeer. Die tipe skeidingsmateriaal wat vir die muur gebruik word, is ook 'n bepalende faktor in die mate van privaatheid wat

op visuele en akoestiese vlak verkry word. Mure vorm 'n belangrike faktor in die toepassing van 'n geslote vloerplan in woonhuisontwerp, wat privaatheid verseker.

### 3.3.3.3.2 Addisionele elemente in woonhuisontwerp wat belang by privaatheid het

Die individu kan binne die binnenshuise ruimte van die woonhuis addisionele elemente gebruik om privaatheid te verkry wat soos volg geïdentifiseer word.

#### (a) Visuele versperrings

Visuele versperrings sluit in voorwerpe, meubels, skerms, kamerverdelers en vele ander tegnieke om visuele uitsette en insette te verminder. Weens die feit dat niemand enige visuele toegang tot die individu het nie, is Miller en Schlitt (1985:27) van mening dat die individu onsigbaar voel en daarom gemaklik tydens die uitvoer van een of ander aktiwiteit kan wees. Hierdie versperrings blokkeer die visie van ander individue wat dus aan die individu die gevoel van privaatheid gee.

#### (b) Meubeloriëntering

Volgens Miller en Schlitt (1985:30) kan die plasing van meubels visuele toegang tot die individu beperk, deurdat waarneming deur ander bemoeilik word. Meubels wat op strategiese plekke binne 'n vertrek geplaas word, kan visie beperk en dus die individu in die belewenis van privaatheid ondersteun.

#### (c) Beligting

Deur beligting te fokus en in kombinasie met meubeloriëntering en visuele versperrings te gebruik, is Miller en Schlitt (1985:30) van mening dat visuele privaatheid in 'n mate verseker kan word. Beligting hou ook met sigbaarheid verband wat 'n invloed op privaatheid in die woonhuis het.

#### (d) Vertrekvorm

Miller en Schlitt (1985:31) maak melding van die feit dat sommige vertrekvorms soos die L-vormige en klawerblaarvertrekvorms visuele toegang verminder en vir die individu 'n bevredigende vlak van privaatheid verseker. Die vorm van die vertrek tesame met die keuse van die vloerplan kan gesamentlik 'n bydrae tot die belewenis van privaatheid lewer. L-vormige vertreke en klawerblaarvertrekvorms kan in die oop vloerplan gedeeltelike privaatheid verskaf, maar kan 'n groter bydrae tot privaatheid in die geslote vloerplan lewer.

#### (e) Klankabsorberende materiaal

Die gebruik van gestoffeerde meubels, sowel as poreuse materiale teen mure en vloere kan volgens Miller en Schlitt (1985:31) klank in 'n bepaalde ruimte verdoof en dus privaatheid akkommodeer. Hierdie materiale kan veral gebruik word in die sosiale sone en werksone wat aan raserige aktiwiteite gekenmerk word. Hierdeur word verseker dat die private sone meer klankgeïsoleerd en dus meer privaat is.

#### 3.3.3.4 *Opsomming*

Die ontwerpalternatiewe wat vir die handhawing van privaatheid voorgestel is, kan die beboude omgewing meer privaatheidsgerig laat. Deur die bepaling van die belangrikheid van die private en publieke komponente van die woonhuise en die erf, sowel as die plasing van die woonhuis daarop, kan privaatheid gehandhaaf word.

Daar is ook voorgestel dat die gebruik van strukturele elemente in die woonhuis privaatheid kan verseker. Die impak van elk van hierdie elemente op privaatheid moet tydens die beplanning van die woonhuis in berekening gebring word. Hierdie elemente is egter bykomend tot die ruimtelike organise-

ring of vloerplan van die woonhuis sowel as die ruimtelike sones van die woonhuis.

### **3.3.4 Gevolgtrekking**

Die ontwerp van die woonhuis as ruimtelike omgewing sluit verskeie aspekte van ruimtelike organisering in wat die individu binne hierdie beboude omgewing die geleentheid bied om privaatheid te beleef. Deur privaatheidsgerigte ontwerp kan die woonhuis privaatheidsgedrag akkommodeer en dus in die privaatheidsbehoefte van die individu voorsien. Die mate waarin die woonhuis deur ontwerp aan hierdie kriteria voldoen, mag deur kultuur bepaal word.

Suid-Afrika word deur formeel en informeel ontwerpte woonhuise gekenmerk. Vir die formele woonhuis word die Westerse benadering vir die handhawing van privaatheid binne die ontwerp van die woonhuis gevolg. Die wyse waarop die informele-woonhuisontwerp privaatheid akkommodeer, is egter onbekend. Dat die woonhuis as ruimtelike omgewing wel privaatheidsgedrag kan ondersteun blyk uit die vorige besprekings, maar die wyse waarop die formele en informele-woonhuisontwerp die gedrag ondersteun, kan verskil.

Literatuur omskryf die woonhuisontwerp van die studiepulasie vanuit 'n tradisionele perspektief en hierdie antropologiese benadering kan nie 'n effektiewe bydrae tot die ontwerp van die huidige woonhuisontwerp van hierdie studiepulasie lewer nie. Hierdie benadering bied ook nie 'n verklaerende perspektief op die huidige informele-woonhuisontwerp ten opsigte van die handhawing van privaatheid nie. Gevolglik sal die rol van die professionele en onprofessionele ontwerper in die ontwerp van die woonhuisomgewing bespreek word.

### **3.4 DIE ROL VAN DIE PROFESSIONELE EN ONPROFESSIONELE ONTWERPER IN DIE ONTWERP VAN DIE WOONHUIS AS RUIMTELIKE OMGEWING**

#### **3.4.1 Oriëntering**

Die voorafgaande besprekings het grootliks op die gedrag van die individu binne die ruimtelike omgewing gefokus en die woonhuis as ruimtelike omgewing is gesien as die faktor waardeur die belewenis van privaatheid en die gepaardgaande gedrag tot stand kom. Privaatheid binne die woonhuis is sentraal tot hierdie studie, maar dit is veral die ontwerp van die woonhuis wat die belewenis van hierdie fenomeen beïnvloed. Dit word aanvaar dat die woonhuis as fisies geboude struktuur deur die individu van 'n professionele (ontwerpers, kontrakteurs) of onprofessionele aard (die inwoners self) opgerig word. Die rol van die professionele en onprofessionele ontwerper in die daarstelling van die residensiële omgewing is van belang wanneer aan die privaatheidsbehoefte en gedrag van die individu binne die woonhuis voldoen word. Die bespreking het ten doel om die aard van ontwerp in die daarstel van 'n ontwerpte beboude omgewing te bestudeer, waarna die ontwerp-gaping vanuit die perspektief van onsuksesvolle ontwerp benader sal word. Laastens sal daar op verbruikersdeelname, verbruikersbehoeftebepaling en post-okkupasie-evaluasie gefokus word met die doel om die ontwerp-gaping te bespreek.

#### **3.4.2 Aard van ontwerp**

Ontwerp is hoofsaaklik gemoeid met die skep van 'n beboude omgewing waarin die individu die meeste van sy lewe deurbring en wat die individu die geleentheid bied om deur middel van ruimtelike uitleg bepaalde aktiwiteitspatrone te akkommodeer (Lang *et al.*, 1974:3; Porteous, 1977:310). Vanuit hierdie benadering word ontwerp met die daarstelling van 'n fisiese omgewing geassosieer en meer spesifiek die beboude omgewing waarmee die individu in interaksie is. Die ontwerp van die woonhuis, hetsy van 'n formele of in-


formele aard, regverdig daarom deeglike beplanning wanneer dit kom by die voorsien in privaatheidsbehoefes van die individu wat binne die beboude omgewing voorkom.

Die ontwerpers, professioneel of onprofessioneel, is by magte om deur ontwerp hierdie beboude omgewing te skep en is daarom een van die belangrikste rolspelers in die ontwerp van die woonhuis (Madigan & Munro, 1991:119). Deur die ontwerp van 'n gebou en oop ruimtes word aandag gegee aan sosiale en psigiese behoeftes, waardes, status en verwante vorme van gedrag soos privaatheid (Becker & Coniglio, 1975:56; Zeisel, 1981:34). Die ontwerper is in staat om sosiale gedragpatrone deur die daarstelling van die ontwerp van die beboude omgewing te bepaal (Lipman, 1974:23; Russel & Ward, 1982:678).

Die ontwerper van die beboude omgewing is in staat om die omgewing waarin die individu verkeer, te bepaal, wat 'n effek op die gedrag van die individu kan hê. Dit is egter hierdie scenario wat die ontwerp van die woonhuis beïnvloed, deurdat 'n geskikte omgewing wat aan die behoefte van privaatheid voldoen geskep kan word, wat die gepaardgaande privaatheidsgedrag van die individu ondersteun. Hierdie scenario is aan kulturele en sosiale faktore wat uit die vorige afdeling na vore gekom het onderworpe. Die tipe woonhuis, sowel as die ontwerpers daarvan, is ook 'n bydraende faktor in die mate waarin hierdie omgewing suksesvol ontwerp is en in die gepaardgaande privaatheidsgedrag en behoeftes voorsien word.

Ontevredenheid met die ontwerpte beboude omgewing kan ook voorkom. Hierdie tendens word toegeskryf aan die feit dat daar nie genoegsame aandag aan die aktiwiteite en ervarings van die individu binne die beboude omgewings geskenk word nie sowel as aan die emosionele impak van die ontwerpte omgewing op die individu (Lang *et al.*, 1974:3; Mehrabian, 1976:83; Sime, 1986:50). Dit het tot gevolg dat 'n ontwerpprobleem geïdentifiseer word.

'n Ontwerprobleem ontstaan deurdat ontwerpers van die beboude omgewing nie op die funksie en doel van 'n bepaalde ruimte bedag is nie, en ook nie op die individu wat die ruimte gebruik nie. Die ontstaan van die ontwerprobleem word aan die heersende ontwerpgaping toegeskryf (Zeisel, 1981:35). Die ontwerprobleem kan daarom voorkom waar die woonhuis as beboude ruimtelike omgewing nie die privaatheidsgedrag van die individu akkommodeer nie. Hierdie ontwerprobleem verwys na die verbruikersbehoeftegaping wat ook as die ontwerpgaping (vgl. Fig. 3.3) bekend staan. Vervolgens sal die relevansie van die ontwerpgaping met woonhuisontwerp en die handhawing van privaatheid bespreek word.



**Figuur 3.3: Ontstaan van die ontwerpgaping (Bell et al., 1996:421).**

### 3.4.3 Die ontwerpgaping en die verwantskap met privaatheid

Verskeie redes word aangevoer vir die ontstaan van hierdie ontwerpgaping. Die belangrikste is onder meer dat daar 'n gebrek aan inligting aangaande die verhouding tussen die individu en sy gedrag binne 'n bepaalde omgewing is, sodat die impak van die ontwerpte omgewing op die individu moeilik voorspelbaar is (Deasy & Lasswell, 1990:9; Lang et al., 1974:3; Levy-Leboyer, 1982:146). Dit het tot gevolg dat bepaalde gemeenskaplike eienskappe van die verbruikers van die beboude omgewing as norm aanvaar word en dat

ander eienskappe van die verbruiker in die beplanning en ontwerp geïgnoreer word (Fisher *et al.*, 1984:281; Michelson, 1977:25). Daar bestaan 'n sosiale gaping tussen die ontwerper en uiteindelijke verbruiker weens die feit dat die professionele ontwerper 'n bepaalde opleiding ontvang het en nie noodwendig dieselfde belange as die uiteindelijke verbruiker het nie en dat die uiteindelijke verbruiker van die beboude omgewing geïdentifiseer word wanneer die ontwerpte omgewing klaar voltooi is (Gifford, 1987:350; Deasy & Lasswell, 1990:11; Porteous, 1977:316). Russel en Ward (1982:679) is van mening dat hierdie gaping besig is om te vernou waar ontwerpalternatiewe vir spesifieke plekke vir bepaalde groepe bestudeer word.

In die algemeen is die redes wat die outeurs aanvoer vir die ontstaan van die ontwerp-gaping 'n aanduiding dat die ontwerp van die beboude omgewing genoegsame insette aangaande die verbruiker of individu wat die beboude omgewing sal benut, benodig. Hierdie gaping kan om dieselfde redes ook by die onprofessionele ontwerper ontstaan weens onkunde en onbekwaamheid om die behoeftes van die individue te identifiseer. Dit is veral weens die onbewuste belang van privaatheid vir die individu van die beboude omgewing dat hierdie behoefte nie noodwendig aangespreek word in die ontwerp van die informele en formele woonhuis nie. Die ontstaan van die ontwerp-gaping het tot gevolg dat die uiteindelijke verbruiker van die beboude omgewing geen keuse of beheer of inspraak in die ontwerp van die bepaalde omgewing het nie, wat tot 'n passiewe aanvaarding en 'n hulpeloosheid ten opsigte van die bou en ontwerp van die beboude omgewing lei (Fisher *et al.*, 1984:281; Zeisel, 1981:35). Die ontwerp-gaping bestaan dus nie net tussen die professionele ontwerper en verbruiker van die beboude omgewing nie, maar kan ook voorkom waar die onprofessionele ontwerper die woonhuisomgewing oprig sonder om die behoeftes van die individue wat die omgewing gebruik, in ag te neem, en ook ten opsigte van die noodsaaklikheid van privaatheid oningelig is. Daar bestaan ook 'n moontlikheid dat die onprofessionele ontwerper nie die korrekte ontwerptechnieke toepas om privaatheid in die woonhuis te akkommodeer nie.

Waar die ontwerp van die beboude omgewing deur 'n derde party befonds word, heers daar 'n verdere gaping tussen die professionele ontwerper, betalende kliënte en uiteindelijke verbruiker van die beboude omgewing, veral waar daar gebruik gemaak word van massabehuising soos in Suid-Afrika ervaar word (Zeisel, 1981:35). Hierdie is 'n aspek wat in ontwikkelende lande waar behuisingsbehoefte soos in Suid-Afrika ervaar word, voorkom. Weens die ontwerp-gaping word die behoefte aan privaatheid nie noodwendig geakkommodeer tydens die ontwerp van die woonhuis nie. Dit het tot gevolg dat die individu die beboude omgewing gelate aanvaar as 'n gegewe waaraan hy/sy nie kan verander nie. Daar is voorheen melding gemaak van die individu se vermoë om aan te pas by die ruimtelike omgewing en hierdie aspek is veral van toepassing waar die ontwerp-gaping heers. Dit is egter belangrik dat die ontwerp-gaping voorkom word en verbruikersdeelname, verbruikersbehoeftebepalings en post-okkupasie-evaluasie as voorsorgmaatreëls vir die ontstaan van die ontwerp-gaping kan dien.

#### **3.4.4 Rol van verbruikersdeelname in die voorkoming van die ontwerp-gaping**

Verbruikersdeelname is 'n belangrike komponent in die ontwerp en beplanning van die beboude omgewing (Lawrence, 1982:39). Sommer (1983:12) en Zeisel (1981:35) stel voor dat die uiteindelijke verbruikers van die beboude omgewing direk by die beplanning en ontwerpproses van die beboude omgewing betrek moet word. Daar sal na hierdie proses as verbruikersdeelname verwys word. Verbruikersdeelname kan ook 'n toestand van verwarring veroorsaak, deurdat verbruikers nie altyd weet wat hulle benodig met betrekking tot hul behoeftes, waardes en aspirasies vir die beboude omgewing nie (Lang *et al.*, 1974:4; Lawrence, 1987:162; Sommer, 1983:119). Wener (1988:298) lewer bewys hiervan in sy samestelling van gevallestudies in omgewingsgedrag waar gedragsnavorsing 'n integrale deel van die beplanningproses uitgemaak het en waar daar opvolgevaluasies, om die effektiwiteit van die gebruik van die ontwerpte woonhuisruimte te bepaal, gedoen is. Daar is gevind dat deur gebruik te maak van verbruikersdeelname, 'n ver-

betering in die kwaliteit van die omgewing van die verbruiker ervaar is. Deur die toepassing van verbruikersdeelname tydens professionele en onprofessionele woonhuisontwerp, het die individu groter beheer oor die voorsiening in basiese privaatheidsbehoefes (Stewart, 1987:52; Zeisel, 1981:35). Verbruikersdeelname het dus die potensiaal om die individu direk betrokke te kry in die beplanning en ontwerp van die woonhuisruimte om die individu te pas (Zeisel, 1974:295). Hierdie proses het ten doel om 'n beter begrip van die individu se behoeftes ten opsigte van die beboude omgewing te vorm (Saegert & Winkel, 1990:470). Die bepaling van die individu se behoeftes ten opsigte van die beboude omgewing dra grootliks by tot die suksesvolle ontwerp van die beboude omgewing deur die ontwerpgaping te voorkom (Mills, 1988:66).

#### **3.4.5 Rol van verbruikersbehoeftebepaling in die voorkoming van die ontwerpgaping**

Die bepaling van die verbruiker se behoeftes het uitsluitlik ten doel om die ontwerpgaping wat tussen die ontwerper en verbruiker van die beboude omgewing ontstaan, te voorkom. Volgens Zeisel (1981:32) vind die bepaling van verbruikersbehoefes deur 'n onderhandelingsproses ondersteun deur onderhoudvoering met die verbruiker of individu plaas en konsensus word bereik oor die verlangde ontwerp wat aan behoeftes van die verbruiker of individu moet voldoen (Sommer, 1983:117).

Die bepaling van verbruikersbehoefes word beskou as die terrein van die gedragswetenskaplikes waardeur hulle 'n bydrae tot die ontwerp van die beboude omgewing lewer, weens die feit dat die gedragswetenskaplike op die individu en die gedrag, houdings en aktiwiteite binne 'n bepaalde omgewing fokus, met die doel om hierdie inligting in die ontwerpproses toe te pas (Sommer, 1983:116). Sommer (1983:72) beweer dat ontwerpers in die verlede wel van navorsingsresultate gebruik gemaak het, maar al meer begin fokus op die begeerte en behoeftes van die verbruikers.

'n Behoeftebepaling beteken nie dat die verbruikers van die beboude omgewing met 'n finale plan te voorskyn kom of dat die ontwerper die inligting tot sy beskikking neem en 'n korrekte ontwerp realiseer nie. Die bewuste poging om die verbruiker se behoeftes in die ontwerpproses te akkommodeer sal ook nie tot gevolg hê dat alle verbruikers tevrede sal wees nie, maar dat die verbruiker eerder voel dat behoeftes in die beplanningsproses oorweeg is wat meebring dat die uiteindelijke ontwerp van die beboude omgewing 'n regverdige kompromie tussen die behoeftes van die individu, die eienskappe van die omgewing waarbinne die ontwerp moet pas, sowel as die doelwitte van die organisasie wat die ontwerp befonds, bereik is (Sommer, 1983:79).

Hierdeur word verseker dat die belang van privaatheid vir die individu en gesin bepaal word en in die ontwerp van die woonhuis geakkommodeer word. Die behoeftebepaling kan ook die kulturele belang van privaatheidsgedrag bepaal en verseker dat die woonhuisontwerp hierdie komponente korrek in ag neem. Behoeftebepaling kan ook 'n groot rol in die identifisering van woonhuisontwerpbehoefte van die studiepopulasie speel.

#### **3.4.6 Post-okkupasie evaluasie (POE) in die voorkoming van die ontwerpgaping**

Behoeftebepaling is nie 'n proses wat slegs die ontwerp van die beboude omgewing voorafgaan nie. Dit is ook 'n na-ontwerpproses van evaluasie. Die evaluasie proses staan as post-okkupasie evaluasie (POE) bekend (Fisher *et al.* 1984:287; Gifford,1987:368; Kilmer & Kilmer, 1992:175; Nissen *et al.*, 1994:17). Daar sal vervolgens na die belang van post-okkupasie evaluasie as oorbruggingsfaktor in die ontwerpgaping gekyk word. Evaluasie is 'n proses wat met die verlede en hede geassosieer word (Sommer, 1983:25). Volgens Pile (1995:143) is dit hierdie stap wat agterweë bly in terme van die evaluasie van die voltooide beboude omgewing en die gebruik daarvan. Hierdie proses hou verband met die kritiese evaluering en waarde-bepaling van wat in terme van die ontwerpdoelwitte bereik is om toekomstige

ontwerppogings van die ontwerper te verbeter (Behloul, 1993:28; Pile, 1995:143).

Die doel van POE is dus om te bepaal of die ontwerp wat deur middel van 'n verbruikersbehoeftebepaling saamgestel is, suksesvol was en kan as 'n maatstaf dien om die verskil tussen die verbruiker en ontwerper se definisies van goeie ontwerp te bepaal (Behloul, 1993:28; Canter & Rees, 1982:185; Sommer, 1983:136). Wener (1988:294) waarsku egter teen die eensydige POE wat ontstaan weens die uitvoer van hierdie studie deur partye wat nouliks in die ontwerp van die omgewing betrokke was. Die uitslag kan beïnvloed word deur die wyse waarop vrae geformuleer word, asook die wyse waarop data geanaliseer en voorgestel word. Volgens Behloul (1993:28) het POE in die VSA en Brittanje 'n invloed gehad op die ontwerp van behuising sowel as in behuisingbeleidsbepaling in beide lande. Die belang van POE-studies is dus ook op politieke gebied toepaslik en dit kan in Suid-Afrika ook 'n belangrike rol in die behuisingsvraagstuk speel.

Deur navorsing oor die verbruiker se gedrag en betrokke omgewing te doen, waardeur daar gepoog word om die ontwerper bewus van die begeertes, behoeftes en reaksie van die verbruiker op die beboude omgewing te maak, kan die ontwerpgaping voorkom word. Volgens Canter en Craik (1981:2) en Heimstra en McFarling (1978:3) is dit veral die omgewingsielkundige wat met die individu, omgewing en gedragstudie gemoeid is wat hierdie studie kan onderneem. Die feit dat die navorsing wat hierdie professie doen, gesentreer is om die verhouding tussen gedrag en eienskappe van die beboude omgewing kan hierdie insette van groot waarde vir die professionele ontwerpprofessie maak. Dit is in hierdie geval waar die sosiale navorser of gedragswetenskaplike 'n belangrike rol kan speel veral waar omgewing en gedragstudies ter sprake is (Zeisel, 1981:33). Moos (1973:662) bevestig die feit dat psigologie en gedragswetenskaplikes genader word om die fisiese en sosiale sisteme waarmee die individu in interaksie is, te ontwerp om sodoende 'n omgewing van uitmuntendheid en funksionaliteit te verseker.

Die sukses van navorsingsbetrokkenheid is egter afhanklik van die mate waarin die oplossings wat aan die ontwerpers voorgelê word relevant tot die ontwerper se kwellinge is in terme van die omgewing en gedragstudies (Zeisel, 1981:33). Alhoewel daar volgens Russel en Ward (1982:679) 'n toepaslikheidsgaping tussen navorsers en ontwerpers bestaan en die resultate deur die gedragsnavorsers gelewer nie suksesvol toegepas kan word veral binne die ontwerpproses nie, kan hierdie gaping wel oorkom word en is die belangrike rol wat gedragswetenskaplikes in die ontwerp van die beboude omgewing kan speel, van groot waarde (Kaye, 1975:104).

### **3.4.7 Gevolgtrekking**

Die behoeftebepaling skakel dus direk in by die belangrike aspek van verbruikersbetrokkenheid. Die hoofdoel van die behoeftebepaling is om 'n geskikte en aanvaarde omgewing daar te stel wat die verbruiker daarvan bevredig. Grieve (1993:7) is oortuig dat die verbruikersbehoeftebepaling 'n positiewe bydrae kan lewer in die ontwerp van die woonhuise om sodoende 'n omgewing daar te stel wat vir die verbruiker werk. Die behoeftebepaling ondersteun hierdie standpunt deurdat die kategorieë waarin die behoeftebepaling verdeel word, naamlik die bepaalde ruimte wat ontwerp word (woonhuis of vertrek in die woonhuis), die verbruikerspopulasie (kind, inwoners) en ander biografiese veranderlikes (ouderdom, geslag) die presiese verbruiker en omgewing skets vir wie daar 'n ontwerp uit hierdie inligting geskep moet word (Kaye, 1975:108).

## **3.5 SLOT**

Die bespreking in hierdie hoofstuk het hoofsaaklik op drie belangrike komponente gefokus, naamlik die individuele gedrag binne die ruimtelike omgewing, wat met die woonhuis verband hou, die ontwerp van die ruimtelike woonhuisomgewing om voldoende privaatheid te verskaf en die rol wat die professionele en onprofessionele ontwerper in die ontwerp van 'n ruimtelike omgewing speel, wat privaatheidsgedrag van die individu identifiseer.

In die afdeling waar die gedrag van die individu binne ruimtelike konteks bespreek is, blyk dit duidelik dat die omgewing 'n belangrike faktor in die bepaling van die individu se gedrag is, en is dit die woonhuis wat as die gedrags- en aktiwiteitsomgewing bekend staan. Die woonhuis as ruimtelike omgewing het ook bepaalde funksies wat die onderliggende betekenis aan die woonhuis gee. Hierdie ruimtelike omgewing is ook 'n sisteem van ruimtelike organisering wat die funksies van die ruimtes in die woonhuis definieer en dus bepaalde gedrag akkommodeer. Die omgewing het 'n aandeel aan die gedrag wat die individu openbaar en dit kan binne die rol van die drie omgewingsgedragsmodelle bepaal word. Dit is egter die fisiese komponent van die omgewing waarin die woonhuis as beboude omgewing geklassifiseer word, wat die kern van hierdie studie se omgewing-gedrag-individu scenario vorm. Om te verseker dat die woonhuis as beboude omgewing die gedrag van privaatheid akkommodeer, moet hierdie omgewing in ooreenstemming met die behoefte van privaatheid ontwerp word. 'n Gebrek aan ooreenstemming met die beboude omgewing, sal aanpassing of omgewingsverandering veroorsaak waardeur die individu poog om woonhuistevredenheid te bewerkstellig.

Woonhuisontwerp speel 'n belangrike rol in die mate van privaatheid wat die individu beleef. Deur die organisering van die ruimtelike uitleg en sones in die binnenshuise ruimtelike omgewing is die individu by magte om privaatheid deur ontwerp te verkry. Die individu kan ook van ontwerpalternatiewe soos die plasing van die woonhuis op die erf asook die gebruik van binnenshuise strukturele elemente gebruik maak om privaatheid in die woonhuis te verseker.

Om privaatheidsgedrag binne die woonhuis te akkommodeer, moet die ontwerp daarvan suksesvol wees. Die oorkoepelende doel van woonhuisontwerp vir hierdie studie is om die privaatheidsbehoefte van die individu binne hierdie ruimtelike konteks te identifiseer en 'n ontwerp daar te stel wat aan hierdie behoeftes voldoen. Dit is egter die verantwoordelikheid van die ontwerper, professioneel of onprofessioneel, om hierdie behoeftes te

identifiseer en sodoende die ontstaan van die ontwerp-gaping te voorkom. Hierdie gaping is die oorsaak van 'n ontwerpte beboude omgewing waar die verbruikersprofiel nie in aanmerking geneem is nie, wat die deelname van verbruikers tydens die ontwerp van die woonhuis motiveer. Die toepas van sosiale ontwerp en navorsing binne die konteks van die verbruiker van 'n bepaalde omgewing is kardinaal in die identifisering van die behoeftes van die verbruiker wat tot funksionele ontwerp van die beboude omgewing aanleiding kan gee.

Die drie komponente van hierdie hoofstuk vorm 'n interaktiewe geheel in die voorsiening in die privaatheidsbehoefte van die individu binne die woonhuis. Die suksesvolle implementering van die privaatheidsfenomeen binne die woonhuis as beboude omgewing kan alleenlik plaasvind indien die belang van privaatheid in die woonhuis geïdentifiseer is. Deur die proses van ontwerp kan privaatheid in die woonhuis geakkommodeer word. Hierdie proses is egter van die professionele en onprofessionele ontwerper afhanklik. Weens die feit dat hierdie studie op die ontwerp van informele woonhuise en die inwoners se belewenis van privaatheid fokus is dit die informele ontwerp wat 'n rol speel in die ontwerp en beplanning van hierdie ruimtelike omgewing om privaatheid te akkommodeer. Die fisiese beboude omgewing waarvan die informele woonhuis deel is, dra ook by tot die handhawing van die privaatheid van die individu.

In die volgende hoofstuk sal die empiriese navorsingsmetode in verband met hierdie studie uiteengesit word.

# HOOFSTUK 4

## EMPIRIESE METODE

### 4.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk het ten doel om die empiriese metode wat gevolg is om die subjektiewe belewenis van privaatheid in die informele-woonhuisontwerp onder Tswanasprekendes in die Noordwes Provinsie te bepaal, uiteen te sit. Die hoofstuk sal onder meer fokus op die studie-ontwerp en metode van dataverwerking.

### 4.2 STUDIE-ONTWERP

Die subjektiewe belewenis van privaatheid in die informele-woonhuisontwerp onder Tswanasprekendes in die Noordwes Provinsie is as 'n beskrywende studie onderneem en word soos volg verklaar.

#### 4.2.1 Beskrywende studie

Beskrywende studies word uitgevoer om inligting oor 'n bestaande situasie, standaard of norme te verkry waarmee bestaande toestande vergelyk kan word (De Wet *et al.*, 1981:12). Volgens Mouton en Marais (1989:44) het die navorser ten doel om dit wat bestaan op een of ander wyse akkuraat en noukeurig deur middel van die beskrywende studie te beskryf. Hierdie navorsingsmetode kan wissel vanaf 'n verhalende beskrywing tot 'n hoogs gestruktureerde vorm van statistiese ontleding wat deur sistematiese klassifikasie van veranderlikes deur onder meer frekwensietabelle, gemiddeldes en vele ander tegnieke gekenmerk word (Mouton & Marais, 1989:44). Om hierdie ontleding te doen, is De Wet *et al.* (1981:12) van mening dat beskrywende navorsing van transversale (horisontale) opnames van bestaande toestande deur middel van vraelyste en onderhoude gebruik maak. Mouton en Marais (1989:45) beweer verder dat die belangrikste metodologiese oor-

weging in beskrywende studies is om akkurate inligting of data oor die bestaande situasie onder bestudering, in te samel. Die beskrywende studie het volgens Mouton en Marais (1989:49) ook 'n meer verteenwoordigende of universele belang deurdat 'n veralgemening na 'n gedefinieerde universum of populasie moontlik is, weens die verteenwoordigende steekproef wat in die ondersoek gebruik word. Beskrywende studies is volgens Mitchell en Jolley (1992:413) die metode waardeur enige verhoudings tussen enige veranderlikes ondersoek kan word. Vervolgens sal die populasie wat vir die beskrywende studie gebruik is, omskryf word.

#### **4.2.2 Populasie**

Die populasie, wat ook as die "bevolking" of "universum" bekend staan, verwys na die omvattende klas of totale groep persone waarop die studie betrekking het (Steyn *et al.*, 1995:16) en waartoe verskynsels of gebeure, wat deur die navorser bestudeer is, behoort (Smit, 1983:177) en waarna die resultate met reg veralgemeen mag word (De Wet *et al.*, 1981:90).

Die populasie wat vir die studie aangaande die subjektiewe belewenis van privaatheid in die informele-woonhuisontwerp onder Tswanasprekendes in die Noordwes Provinsie geïdentifiseer is, was Tswanasprekende inwoners van informele woonhuise in Boikutso, te Lichtenburg, in die Noordwes Provinsie. Die populasie was inwoners van Uitbreiding Een wat in die Suid-Westelike deel van die groter Boikutso geleë is en wat deel van die formele uitbreiding van Lichtenburg se munisipaliteit is. Hierdie uitbreiding het genommerde erwe met amptelike strate, gedeeltelike elektrifisering, 'n waterkraan op die erf en munisipale dienste. Hierdie homogene uitbreiding het uit 572 erwe, met 'n enkele informele woonhuis op elke erf, bestaan. Die populasie is deur 'n bepaalde steekproefstrategie geïdentifiseer wat kortliks bespreek sal word.

### 4.2.3 Steekproef

'n Steekproef is 'n deelversameling van die populasie (Steyn *et al.*, 1995:16). In die meegaande paragrawe word die grootte van die steekproef sowel as die steekproefstrategie wat vir hierdie studie gebruik is, uiteengesit.

#### 4.2.3.1 Grootte van die steekproef

Om 'n verteenwoordigende steekproef vir die studie te bepaal, is die grootte van die steekproef vanuit die populasie van 572 erwe soos volg bereken (Barnett, 1974:62).

$$n = \frac{N}{1 + \frac{N(d)^2}{10\,000}}$$

N = Populasiegrootte

d = 9% Steekproeffout

n = Steekproefgrootte

$$n = \frac{572}{1 + \frac{572(81)}{10\,000}}$$

$$n = \frac{572}{5,6332}$$

n = 101 informele woonhuise nodig

Daar is van 100 informele woonhuise vir die studie gebruik gemaak, waar 'n nege persent steekproeffout in berekening gebring is. Die steekproeffout is vanweë die inherente onvermoë van 'n steekproef om ten volle akkurate inligting omtrent die populasie te gee. Met elke steekproefnemingsprosedure word 'n steekproeffout geassosieer en verder is die steekproeffout ook afhanklik van die steekproefgrootte. Die steekproeffout is in 'n groot mate onkontroleerbaar aangesien dit grotendeels bepaal word deur faktore buite die steekproefnemer se beheer, maar kan verklein word deur die steekproefgrootte te vergroot (Steyn *et al.*, 1995:20).

Vervolgens sal die steekproefstrategie wat vir hierdie studie gebruik is, uiteengesit word.

#### 4.2.3.2 *Steekproefstrategie*

Vir die uitvoer van hierdie studie is daar van 'n nie-ewekansige gestratifiseerde steekproefstrategie gebruik gemaak en dit word soos volg verklaar.

##### 4.2.3.2.1 Nie-ewekansige steekproefstrategie

Nie-ewekansige steekproefstrategie word uitgevoer waar dit nie moontlik is om te bereken wat die kans van alle eenhede is om in die steekproef ingesluit te word nie (Smit, 1983:182). Daar is op 'n nie-ewekansige steekproefstrategie besluit weens die feit dat die inwoners van die informele woonhuise wat ewekansig bepaal is, nie vooraf ingelig kon word om teenwoordig te wees tydens die veldopname nie. Weens die gebrek aan samewerking deur die ewekansig bepaalde woonhuise moes woonhuise binne 'n bepaalde stratum deur veldwerkers gesoek word. Die tweede loodsstudie wat onderneem is, het die gebruik van 'n nie-ewekansige steekproefstrategie gemotiveer (vgl. Par. 4.2.5.2). Daar moes dus van 'n doelbewuste seleksie van woonhuise gebruik gemaak word (Smit, 1983:182).

##### 4.2.3.2.2 Gestratifiseerde steekproef

Gestratifiseerde steekproefneming berus op die strategie dat die populasie in meer homogene subgroepe of strata verdeel word ten einde aparte seleksie van eenhede in elke stratum te doen (Smit, 1983:187).

Uitbreiding Een is deur die navorser in verskillende strata verdeel. Die strata is bepaal volgens die munisipale uitleg van Uitbreiding Een. Hierdie strata is ook beoordeel ten opsigte van die toeganklikheid en bereikbaarheid vir veldwerkers.

Weens die feit dat die steekproef nie-ewekansig was, het sommige van die veldwerkers meer woonhuise ondervra as ander en is daar dus nie 'n gelyke getal woonhuise in elke stratum by die studie betrek nie. Die gestratifiseerde steekproefstrategie is dus nie-proporsioneel tot die grootte van die steekprofeenhede, aangesien meer eenhede uit een stratum as 'n ander gebruik is (Smit, 1983:189).

Vervolgens sal die metode wat gevolg is om die data in te samel, bespreek word.

#### **4.2.4 Metode van data-insameling**

Daar is van drie metodes gebruik gemaak om data aangaande die subjektiewe belewenis van privaatheid in informele-woonhuisontwerp onder Tswanasprekendes van die Noordwes Provinsie te verkry. Twee gestruktureerde vraelyste is ontwikkel, 'n vloerplan van die informele woonhuis is saamgestel en veldwerkers en mede-veldwerkers was verantwoordelik vir die invordering van die data. Elk van hierdie metodes sal kortliks bespreek word.

##### **4.2.4.1 *Gestruktureerde vraelyste***

Twee vraelyste (vgl. Bylae A & B) is ontwikkel wat die twee komponente van hierdie studie, naamlik die identifisering van die informele-woonhuisontwerp en die belewenis van privaatheid deur die individu van die informele woonhuis, dek. Hierdie vraelyste is ontwikkel vanuit die literatuur wat bestudeer is aangaande privaatheid en woonhuisontwerp, sowel as vorige verkennende studies wat deur die navorser op informele woonhuise in die Noordwes Provinsie onderneem is. Beide hierdie vraelyste het gestruktureerde vrae bevat wat alternatiewe antwoorde voorsien het (De Wet *et al.*, 1981:163). Volgens Mitchell en Jolley (1992:467) verseker die gestruktureerde vraelys dat respondente dieselfde vrae gevra word en dieselfde opsies voorgehou word. Deur beheer oor vrae uit te oefen en die verskeidenheid response te

beperk, is Mitchell en Jolley (1992:467) van mening dat meer akkurate en interpreteerbare response verkry word. Die ontwikkeling van 'n gestandaardiseerde vraelys is vir hierdie studie nodig geag ten einde bruikbare en betroubare inligting vanaf die inwoners te verkry, weens die onbekende en abstrakte aard van die onderwerp van die studie. Beide hierdie vraelyste is in Tswana deur die Departement Afrikatale aan die PU vir CHO vertaal (vgl. Bylae Aa & Bb). Die samestelling van elk van hierdie vraelyste sal vervolgens bespreek word.

#### 4.2.4.1.1 Vraelys A (Woonhuisontwerp)

Die vraelys aangaande woonhuisontwerp is deur 'n volwassene of tiener van die huishouding beantwoord. Vraelys A is in vier afdelings verdeel wat kortliks uiteengesit sal word. Afdeling A, C en D is deur middel van 'n onderhoud met die respondente voltooi, terwyl Afdeling B deur die veldwerker self en met behulp van individue van die huishouding as waarneming voltooi is. Die volledige vraelys is as Bylae A aangeheg. Die inhoud van elke afdeling sal kortliks weergee word.

##### (a) Afdeling A - Biografiese inligting

Hierdie afdeling het uit agt meervoudige geslote vrae bestaan, wat inligting ingesluit het aangaande die aantal inwoners in die informele woonhuis, hul opvoedkundige kwalifikasies, die gesamentlike maandelikse inkomste van die huishouding, tydperk in bepaalde woonhuis woonagtig, hul behuisingsomstandighede, beroepstatus van die aantal inwoners en persone wat die woonhuis op weeksdag en naweke besoek.

##### (b) Afdeling B - Fisiese waarneming

Afdeling B het uit sewe meervoudige geslote vrae bestaan wat deur die veldwerker voltooi is. Die waarnemings het onder meer die identifiseerbare sones in die woonhuis, konstruksiemateriaal van die woonhuis aan die

buitekant, afwerking van vensteropeninge aan die binnekant met betrekking tot spesifieke vertrekke, identifisering van vensters in bepaalde vertrekke, afwerking van deuropeninge aan die binnekant met betrekking tot spesifieke vertrekke, die posisionering van die slaapkamer en die skeidingsmateriaal wat in die slaapkamers gebruik is, ingesluit.

(c) Afdeling C - Ontwerp

Hierdie afdeling het uit een meervoudige geslote vraag met onderafdelings bestaan. Inligting is ingewin aangaande die verbruikersbetrokkenheid van die inwoners van die informele woonhuis ten opsigte van aantal vertrekke tydens die eerste oprigting van die informele woonhuis, wie die ontwerpbesluite tydens hierdie oprigting geneem het, wanneer gesinslede genader is vir hulle insette tydens die ontwerp van die woonhuis en watter aktiwiteite in elk van die geïdentifiseerde vertrekke plaasvind.

(d) Afdeling D - Vloerplansamestelling

In hierdie afdeling was daar ses meervoudige geslote vrae waarvan drie ook as oop vrae beantwoord is. Die vrae in hierdie afdeling het die tipe behuising en inwoningsomstandighede van die inwoners sowel as hul mening aangaande oop vloerplanontwerp en geslote vloerplanontwerp vir die woonhuis bepaal. Die respondente moes ook oop vloerplanopsies aandui en 'n rangorde van die belangrikste vertrekke in die woonhuis gee.

#### 4.2.4.1.2 Vraelys B (Privaatheid)

Die vraelys aangaande privaatheid is deur 'n volwassene en skoolgaande of werkende kind van die huishouding deur middel van 'n onderhoud met die veldwerker beantwoord. Hierdie vraelys het uit twee afdelings bestaan wat slegs meervoudige geslote vrae ingesluit het en sal kortliks bespreek word. Die volledige vraelys is as Bylae B aangeheg.

(a) Afdeling A - Biografiese inligting

Hierdie afdeling het uit ses meervoudige geslote vrae met onderafdelings bestaan. Die vrae het biografiese inligting met betrekking tot die geslag, lid van die huishouding, gesinsamestelling, ouderdom, en etnisiteit van die respondent ingesluit. Die respondent moes ook aandui of hy/sy 'n slaapkamer deel en met hoeveel persone, sowel as die omstandighede wat as gevolg daarvan heers en hul tevredenheid daarmee. Respondente moes ook hul mening gee aangaande die klankdigtheid of nie-klankdigtheid van die skeidingsmateriaal.

(b) Afdeling B - Persoonlike belewenis van privaatheid

Afdeling B het uit 42 meervoudige geslote vrae bestaan wat bepaalde scenario's van privaatheid waarin die individu in die woonhuis betrokke mag wees, skets. Elke scenario het hoofsaaklik uit vier onderafdelings bestaan wat eerstens die respondent toets ten opsigte van die moontlikheid van die scenario, hoe die respondent aangaande die scenario voel, wat die respondent doen en wat die respondent se mening is van 'n ideale toekomstige woonhuisontwerp om hierdie scenario te akkommodeer.

Die scenario's wat geskets is het onder meer die respondent se behoefte om as individu of gesin alleen te wees en die ongenooide opwagting van gesinslede of vriende bepaal. Die scenario's wat daarop volg, het die beheer van inligting deur die respondent ingesluit wat op aktiwiteite, persoonlike besittings, aantrek en uittrek, persoonlike versorging, skoolwerk (wat slegs deur die skoolgaande kind beantwoord is) en lees of skryfwerk (wat slegs deur die volwassene beantwoord is) gefokus het. Benewens die twee vraelyste wat voltooi moes word, is 'n vloerplan ook van die informele woonhuis saamgestel. Dit word vervolgens omskryf.

#### 4.2.4.2 *Vloerplan*

Afmetings van die woonhuis van die respondente is geneem ten opsigte van die buite-omtrek van die informele woonhuis met spesifisering van die groottes van vensters en deuropeninge. Die vloerplan aan die binnekant van die woonhuis is geteken volgens die posisie van die vertrekke en skeiding van geslote vertrekke is ook aangedui. Die veldwerker wat Vraelys A (Woonhuisontwerp) hanteer het, was ook verantwoordelik vir die saamstel van die vloerplan. Vir die uitvoer van hierdie opname is 'n standaardvloerplan aan die veldwerker verskaf, waarop die veldwerker die afmetings en veranderinge moes aanbring. Die vloerplan is as Bylae C aangeheg. Die rol en funksie van die veldwerkers word vervolgens omskryf.

#### 4.2.4.3 *Veldwerkers*

Vir die uitvoer van die studie is die veldopnames deur middel van 15 finalejaar voorgraadse B-Huishoudkunde Binneontwerpstudente van die Departement Voeding en Gesinsekologie aan die PU vir CHO gedoen. Die veldwerkers het in groepe van twee veldwerkers elk gewerk. Elke veldwerker is 'n bepaalde Vraelys A of B toegesê en die veldwerker was deurgaans vir die invul van dieselfde vraelys verantwoordelik. Die veldwerkers is vooraf deur die navorser in die beantwoording en voltooiing van die betrokke vraelys opgelei. Die veldwerkers is ook ingelig ten opsigte van die wyse waarop respondente genader en behandel moes word en dat die veldwerkers nie respondente moes lei in die beantwoording van die vrae nie. Spesifieke verduidelikings wat moontlik aan die respondente ten opsigte van sekere vrae gegee moes word, is ook aan die veldwerkers voorgehou. Weens die feit dat die studente vertrouwd was met die inrig en funksionering van die woonhuis was die aspekte wat in die vraelys ondersoek is nie vreemd nie en het hulle 'n beter begrip van die doel en aard van die vraag gehad. Die tegnieke waarvolgens vrae gestel is was ook vir die studente maklik uitvoerbaar. Die veldwerkers is ook na 'n informele woonhuis in Ikageng, deel van die groter Potchefstroom, geneem om met die korrekte afmetingsmetode van die infor-

mele woonhuis vertrouwd te raak wat deurgaans deur die veldwerker gehandhaaf moes word.

Elke groep veldwerkers is bygestaan deur een mede-veldwerker vanuit die Boikutso gemeenskap. Die vyf mede-veldwerkers was matrikulante van die Hoërskool Boikutso en was Tswanasprekend. Die mede-veldwerkers was verantwoordelik vir die bekendstelling van die veldwerkers aan die respondente, die verduideliking van die doel van die studie, die vra van respondente se toestemming om aan die studie deel te neem, hul woonhuis te meet en indien nodig die voorlees van die verskillende Tswanavraelyste aan die respondente en algemene vertaling. Elke mede-veldwerker het die Tswanaweergawe van Vraelys A en B ontvang. Vervolgens word die aard en doel van die loodsstudies wat uitgevoer is bespreek.

#### **4.2.5 Loodsstudies**

Twee loodsstudies is onderskeidelik onderneem alvorens die finale navorsingsprojek geloods is. Mitchell en Jolley (1992:525) is van mening dat die uitvoer van 'n loodsstudie ongerymdhede in die ontwerp van die studie mag elimineer en die studie uitvoerbaar maak. Volgens Steyn *et al.* (1995:39) kan die loodsstudie ook swak punte in die vraelys identifiseer.

##### **4.2.5.1 Eerste loodsstudie**

Die eerste loodsstudie is beplan om die betroubaarheid van die vyf Tswanasprekende veldwerkers te bepaal. Die vyf veldwerkers was matrikulante van die Hoërskool Boikutso. Hierdie veldwerkers is vooraf opgelei in die beantwoording van die vrae en die navorsingsprosedure wat gevolg moes word. Daar is vir die eerste loodsstudie tien woonhuise op 'n ewekansige wyse deur middel van kanssyfers uit Uitbreiding Een bepaal. Die loodsstudie het slegs die twee vraelyste en nie die vloerplanafmetings ingesluit. Aan die veldwerkers is twee of drie woonhuise onderskeidelik toegesê wat binne een

maand voltooi moes word. Slegs Tswanavraelyste is aan die veldwerkers verskaf.

Daar is gevind dat daar geen beheer oor die veldwerkers uitgeoefen kon word nie, weens die groot afstand tussen die navorser in Potchefstroom en die veldwerkers te Lichtenburg. Die betroubaarheid van die data was egter 'n punt van kommer, weens die onvolledigheid van die vraelyste. Die terminologie en konsepte wat in die vraelyste voorgekom het, was ook vreemd en daar is gevrees dat die veldwerkers nie 'n duidelike begrip gehad het van die doel van die vraag en die tipe inligting wat verkry moes word nie. Alhoewel die konsepte aan die veldwerkers verduidelik en omskryf is, was dit nogtans nie bekend nie. Reeds met die opleiding van die veldwerkers het dit duidelik geblyk dat die studie nie suksesvol uitgevoer kon word deur slegs van hierdie vyf veldwerkers gebruik te maak nie aangesien die onderwerp van die studie en die tipe vraelystegnieke vir die veldwerkers probleme verskaf het. Daar is ook gevrees dat die veldwerkers hul eie respons en interpretasie van vrae sou weergee en die respondente lei in die beantwoording van die vrae. Hierdie faktore was nie beheerbaar nie en riskant vir die betroubaarheid van die data.

Na die eerste loodsstudie is die uitvoerbaarheid van die studie heroorweeg en is daar besluit om die veldwerkers van die eerste loodsstudie slegs as mede-veldwerkers te gebruik. Die Tswanavraelyste is ook na die eerste loodsstudie hersien aangesien verskille aan die dag gekom het tussen die akademiese vertaling en die spreektaal.

#### 4.2.5.2 *Tweede loodsstudie*

Na die eerste loodsstudie is die finalejaar voorgraadse B-Huishoudkunde Binneontwerpstudente van die Departement Voeding en Gesinsekologie aan die PU vir CHO as veldwerkers vir hierdie studie gebruik. Mouton en Marais (1989:96) is van mening dat die regte keuse van veldwerkers gemaak moet word en hulle moet soveel moontlike eienskappe van die ondersoekgroepe in

gemeen hê. Dit was duidelik na aanleiding van die eerste loodsstudie dat die aanbeveling van die outeurs nie suksesvol sou wees nie en dus moes ander veldwerkers gebruik word. Hul deeglike opleiding het egter die keuse van veldwerkers geregverdig.

'n Tweede loodsstudie van 25 woonhuise uit Uitbreiding Een is onderneem. Hierdie woonhuise is ewekansig bepaal en elke vyfde woonhuis binne 'n bepaalde stratum is geïdentifiseer.

Aan tien veldwerkers wat in groepe van twee gewerk het, is elk vyf woonhuise toegesê. Die veldwerkers wat tydens die eerste loodsstudie gebruik is, het as mede-veldwerkers opgetree en een Tswanasprekende mede-veldwerker is aan elke groep toegesê. Die pligte van die mede-veldwerker is reeds bespreek (vgl. Par. 4.2.4.3). Die mede-veldwerkers het ook vroegtydig 'n lys van woonhuise ontvang wat ewekansig bepaal is, waarvan die respondente ten opsigte van hul deelname in die studie, die verwagte tyd en die teenwoordigheid van een volwassene en een skoolgaande kind ingelig moes word. 'n Brief ter bevestiging van die inligting moes ook aan die respondente oorhandig word. Hierdie pligte moes uitgevoer word voor die volgende besoek van die veldwerkers aan Boikutso.

Na afloop van hierdie studie is samesprekings met die veldwerkers gehou om die probleme wat deur die veldwerkers ervaar is te identifiseer en aan te spreek. Die loodsstudie het egter 'n aantal praktiese implikasies wat nie vooraf geïdentifiseer kon word nie na vore gebring.

Eerstens, is beide die vraelyste hersien aangesien die respondente nie 'n onderskeid tussen sekere vrae kon tref nie en is van die vrae vereenvoudig en herbewoord. Die vraelyste is ook deur Tswana- en Afrikaanssprekende inwoners van Potchefstroom ten opsigte van taalkundige korrektheid en verstaanbaarheid nagegaan.

Die uitvoerbaarheid van die ewekansige steekproefstrategie is heroorweeg aangesien die veldwerkers dit moeilik gevind het om die geallokeerde woonhuise te vind en te ondervra. Dit was duidelik dat die inwoners nie vooraf verwittig is van die navorser se koms, soos wat gereël is met die medeveldwerkers nie. Wanneer die bepaalde inwoners van die woonhuis nie teenwoordig was nie, is die woonhuis links of regs of oorkant genader. Hierdie metode was ook nie altyd suksesvol nie en daar moes 'n woonhuis verder in die stratum gesoek word.

Daar is ook gevind dat die munisipale grondplan van die uitbreiding nie ooreengekom het met die woonhuisnommers soos in die uitbreiding gevind nie en die woonhuis was ook nie op die plekke soos aangedui nie. Dit het die ewekansige steekproefstrategie van Uitbreiding Een bemoeilik. Na die heroorweging van die studie-ontwerp is daar besluit op 'n nie-ewekansige, gestratifiseerde, nie-proporsionele steekproef wat die uitvoer van die studie vergemaklik.

Na afloop van die tweede loodsstudie is die finale studie onderneem. Die loodsstudiestrata is nie in die finale navorsingsprojek ingesluit nie.

#### **4.2.6 Aanvang van die navorsingsprojek**

Die veldwerkers het vanaf die Departement Voeding en Gesinsekologie te Potchefstroom met vyf geleenthede tussen Februarie 1997 en Mei 1997, Uitbreiding Een te Boikutso, besoek. Mede-veldwerkers is om 12h00 by die Hoërskool Boikutso ontmoet waarna die veldwerkers en een medeveldwerker by die onderskeie strata afgelaai is. Vir elke besoek is 'n sekere aantal strata naasliggend tot mekaar geïdentifiseer. Die veldwerk het vanaf 12h00 tot 17h30 geduur en daar is gemiddeld vyf woonhuise per stratum in hierdie tyd voltooi.

Vier tot vyf spanne veldwerkers het die veldopname met elke besoek uitgevoer. Die navorser het tussen die verskillende strata beweeg en die vor-

dering van veldwerkers gemonitor. Mede-veldwerkers het elk 'n honorarium vir hul deelname aan die navorsingsprojek met die laaste besoek ontvang. Vervolgens word aandag aan die metode van dataverwerking gegee.

### **4.3 METODE VAN DATAVERWERKING**

Beskrywende statistiese tegnieke waar die data gekondenseer, opgesom en vereenvoudig is tot enkele syfers is gebruik om nominale data te verwerk (De Wet *et al.*, 1981:173). Nominale data bepaal die mate waarin die respons in onderskeie kategorieë val (Drew & Hardman, 1988:214). Hierdie bespreking sal ook op die invoer van data, samestelling van tweerigting-frekwensietabelle, Chi-kwadraatpassingstoetse en die grafiese voorstelling van die data fokus.

#### **4.3.1 Invoer van data**

Vir die verwerking van die data vanuit die vraelyste is afsonderlike data-invoerskerms vir Vraelys A (Woonhuisontwerp), Vraelys B (Privaatheid) en die vloerplandata deur middel van Microsoft Access, Version 2,0 van 1994, geskep. Na die voltooiing van die invoerproses is die data statisties verwerk.

#### **4.3.2 Tweerigting frekwensietabelle**

Dataverwerking is deur middel van die SAS-pakket (Statistical Analysis System), Release 6.10, 1990 uitgevoer. Gemiddeldes en standaardafwykings is op die kontinue veranderlikes gedoen. Tweerigting-frekwensietabelle is vanuit beide die vraelyste en vloerplandata saamgestel. Tweerigting-frekwensietabelle van die grootte van die informele woonhuis is teenoor die belewenis van privaatheid vraag vier tot agt van Vraelys B (Privaatheid), saamgestel.

### **4.3.3 Voorstelling van data**

Die respons op die vrae sal in tabelvorm weergegee word, waarna 'n kort samevatting die belangrikste respons op die vraag uitlig.

### **4.3.4 Chi-kwadraatpassingstoets**

Chi-kwadraatpassingstoetse is waar nodig op kategorieëse veranderlikes gedoen om statisties betekenisvolle verskille vanuit die tweerigting-frekwensietabelle aan te dui waar  $p < 0,05$ . Die Chi-kwadraatpassingstoets het ten doel om sekere geregverdigde gevolgtrekkings aangaande die populasie waaruit die datastel afkomstig is, te maak deur die datastel te bevestig of die frekwensieverdeling met die veronderstelde teoretiese verdeling versoenbaar is (Steyn *et al.*, 1995:549). Volgens De Wet *et al.* (1981:229) vind Chi-kwadraatpassingstoetse besondere toepassing waar die verband tussen twee veranderlikes in 'n frekwensietabel aangedui moet word en is dit geskik vir nominale gegewens (Smit, 1983:208). Chi-kwadraatpassingstoetse is op vrae 7.1.5.3, 7.2.4.2, 7.2.4.4, 7.3.5.2, 8.3.2, 8.3.3.3, 8.4.4.1, 8.4.4.4 en 8.5.4.4 van Vraelys B (Privaatheid) uitgevoer. Hierdie vrae het statisties betekenisvolle verskille ten opsigte van die grootte van die woonhuis en die belewenis van privaatheid uitgewys waar  $p < 0,05$ .

## **4.4 SLOT**

In hierdie hoofstuk is die studie-ontwerp bespreek met spesifieke verwysing na die aard van die studie, die metodes van data-insameling en die uitvoer van die studie. Klem is ook op die metodes van dataverwerking gelê wat tweerigting-frekwensietabelle en Chi-kwadraatpassingstoetse ingesluit het. Die metode van datavoorstelling wat in die daarop volgende hoofstuk voorkom, is ook uitgelig. Die volgende hoofstuk sal die resultate wat volgens die bepaalde navorsingsontwerp gelewer is, bespreek.

# **HOOFSTUK 5**

## **BESPREKING VAN RESULTATE**

### **5.1 INLEIDING**

Na aanleiding van die meetinstrumente wat vir die studie aangaande die subjektiewe belewenis van privaatheid in die informele-woonhuisontwerp onder Tswanasprekendes in die Noordwes Provinsie in Hoofstuk 4 ontwikkel is, is die volgende resultate verkry. Die resultate sal kortliks bespreek word waartydens die opvallendste resultate telkens uitgelig sal word. Die bespreking wat volg sal onder die kategorieë van die biografiese profiele van die respondente van informele woonhuise, die geboude informele woonhuis, die belewenis van privaatheid van die respondente van informele woonhuise en die toekomstige woonhuisontwerp gedoen word. Die responsfrekwensies word deurgaans in tweerigting-frekwensietabelle voorgestel.

### **5.2 BIOGRAFIESE PROFIEL VAN DIE RESPONDENTE VAN INFORMELE WOONHUISE**

Die profiel van die respondente van die informele woonhuise wat in hierdie studie geïdentifiseer is, word vanuit Afdeling A - Biografiese inligting van Vraelys A (Woonhuisontwerp) vraag 1 tot 8 en Afdeling A - Biografiese inligting van Vraelys B (Privaatheid) vraag 1 tot 3 saamgestel. Die respons op hierdie vrae word in Tabel 5.1 voorgestel. Die respons van Vraelys A is vanuit die 100 informele woonhuise verkry, terwyl die frekwensies van Vraelys B as die gesamentlike frekwensies van volwassenes en kinders uit 200 aangebied word.

**Tabel 5.1 Frekwensies van die biografiese profiel van respondente van informele woonhuise**

Afdeling A : Vraelys A (Woonhuisontwerp)

VRAELYSITEM	Frekwensie (f) n = 100	Persentasie (%)
<b>Vraag 1: Aantal inwoners in informele woonhuis</b>		
<b>Kinders</b>		
0 - 2	14	14.0
3 - 5	54	54.0
6 - 8	26	26.0
9 - 12	5	5.0
<b>Volwassenes</b>		
0 - 2	60	60.0
3 - 5	36	36.0
6 - 9	4	4.0
<b>Vraag 2: Opvoedkundige kwalifikasies van inwoners</b>		
<b>Laer as St 3</b>		
0	78	78.0
1	19	19.0
2	3	3.0
<b>St 3 - St 5</b>		
0	59	59.0
1	27	27.0
2	9	9.0
3	5	5.0
<b>St 6 - St 8</b>		
0	63	63.0
1	25	25.0
2	10	10.0
3	1	1.0
4	1	1.0
<b>St 9 - St 10</b>		
0	82	82.0
1	14	14.0
2	4	4.0
<b>Hoër as St 10</b>		
0	97	97.0
1	2	2.0
2	1	1.0

**Tabel 5.1 (Vervolg)**

<b>VRAELYSITEM</b>	<b>Frekwensie (f) n = 100</b>	<b>Persentasie (%)</b>
<b>Vraag 3: Gesamentlike maandelikse inkomste van huishouding</b>		
Minder as R 200	13	13.0
R 200 - R 599	42	42.0
R 600 - R 999	22	22.0
R 1 000 - R 1 999	16	16.0
Meer as R 2 000	6	6.0
<b>Vraag 4: Tydperk woonagtig in huidige woonhuis</b>		
Minder as 1 jaar	4	4.0
1 - 5 jaar	70	70.0
6 - 10 jaar	26	26.0
<b>Vraag 5: Behuisingsomstandighede</b>		
Alleen eienaar	91	91.0
Huurder	6	6.0
Vennootskap	3	3.0
<b>Vraag 6: Beroepstatus van inwoners</b>		
<b>Skoolgaande</b>		
Geen	53	53.0
1	6	6.0
2	4	4.0
3	14	14.0
4	13	13.0
5	7	7.0
6	3	3.0
<b>Werkloos</b>		
Geen	65	65.0
1	18	18.0
2	12	12.0
3	3	3.0
4	2	2.0
<b>Tydlike werk</b>		
Geen	94	94.0
1	4	4.0
2	1	1.0
3	1	1.0
<b>Voltydse werk</b>		
Geen	59	59.0
1	25	25.0
2	11	11.0
3	5	5.0

**Tabel 5.1 (Vervolg)**

<b>VRAELYSITEM</b>	<b>Frekwensie (f) n = 100</b>	<b>Persentasie (%)</b>
<b>Vraag 7: Persone gedurende weksdae in woonhuis</b>		
Gesinslede	62	62.0
Familielede	30	30.0
Huurders	0	0.0
Vriende	6	6.0
Ander	1	1.0
<b>Vraag 8: Persone oor naweke in woonhuis</b>		
Gesinslede	53	53.0
Familielede	38	38.0
Huurders	0	0.0
Vriende	7	7.0
Ander	0	0.0

Afdeling A: Vraelys B (Privaatheid)

<b>VRAELYSITEM</b>	<b>Frekwensie (f) n = 200</b>	<b>Persentasie (%)</b>
<b>Vraag 1: Geslag</b>		
Volwassenes: Manlik	30	30.0
Vroulik	70	70.0
Kinders: Manlik	45	45.0
Vroulik	55	55.0
<b>Vraag 1.1: Huishouding</b>		
Vader van die huishouding	25	12.5
Moeder van die huishouding	63	31.5
Kind van die huishouding	101	50.5
Ouma van die huishouding	6	3.0
Oupa van die huishouding	5	2.5
<b>Vraag 1.2: Gesinsamestelling</b>		
Getroud met kinders	71	35.5
Getroud sonder kinders	3	1.5
Ongetroud met kinders	29	14.5
Ongetroud sonder kinders	75	37.5

**Tabel 5.1 (Vervolg)**

<b>VRAELYSITEM</b>	<b>Frekwensie (f) n = 200</b>	<b>Persentasie (%)</b>
<b>Vraag 2: Ouderdom - Kinders</b>		
Jonger as 20	76	76.0
21 - 30	23	23.0
31 - 40	0	0.0
41 - 50	0	0.0
51 - 60	0	0.0
Ouer as 60	0	0.0
<b>Ouderdom - Volwassenes</b>		
Jonger as 20	0	0.0
21 - 30	15	15.0
31 - 40	28	28.0
41 - 50	16	16.0
51 - 60	13	13.0
Ouer as 60	25	25.0
<b>Vraag 3: Etniese groep</b>		
Tswana	145	72.5
Sotho	6	3.0
Zulu	7	3.5
Xhosa	40	20.0
Ander	1	0.5

Uit Tabel 5.1 is dit duidelik dat die meerderheid informele woonhuise tussen drie en vyf kinders huisves waarvan die meerderheid huishoudings tussen nul en twee volwassenes het. Die resultate toon dat die grootste persentasie van die huishoudings tussen nul en twee inwoners het wat laer as st 3 gekwalifiseer is, met kleiner persentasies van inwoners wat tussen st 3 en st 10 en wat hoër as st 10 gekwalifiseer is.

Die grootste persentasie van die respondente het 'n maandelikse inkomste van tussen R200 en R599. Die meerderheid huisbewoners was ook tussen 1 en 5 jaar woonagtig in die huidige woonhuis terwyl die meerderheid respondente alleeneienaars van die betrokke woonhuis was. Die meerderheid huishoudings het tussen drie en vier skoolgaande gesinslede gehad, met hoogstens een werklose gesinslid. Die resultate toon ook dat slegs een van die gesinslede van die huishouding 'n voltydse werk het, terwyl 'n baie klein persentasie een

gesinslid het wat 'n tydelike werk het. Die meeste mense wat gedurende weksdae en oor naweke in die woonhuis aangetref word, is gesinslede.

Respondente uit Afdeling A van Vraelys B (Privaatheid) toon dat die meerderheid volwassenes en kinders wat die vraelys voltooi het van die vroulike geslag was, waarvan die volwasse respondente meestal die moeder van die huishouding was. Die meerderheid kinders was jonger as 20 jaar en die meerderheid volwassenes was tussen 31 - 40 jaar oud.

Die resultate toon aan dat respondente hoofsaaklik van 'n Tswana-etnisiteit was.

'n Profiel van die geboude informele woonhuis sal in die hieropvolgende resultate uiteengesit word.

### **5.3 PROFIEL VAN DIE GEBOUDE INFORMELE WOONHUIS**

Die profiel van die huidige geboude informele woonhuis word vanuit verskillende kategorieë bespreek wat die respons op die fisiese waarneming van die informele woonhuis, die ontwerp van die informele woonhuis, voorkeur van respondente in behuising en vloerplansamestelling en ontleding van die vloerplan van die informele woonhuis insluit.

#### **5.3.1 Fisiese waarneming van die huidige geboude informele woonhuis**

Die profiel van die geboude informele woonhuis word vanuit Afdeling B - Fisiese waarneming van Vraelys A (Woonhuisontwerp), vraag 9 tot 15 saamgestel.

**Tabel 5.2 Frekwensie van fisiese waarneming van die informele woonhuis**

	<b>FREKWENSIES (f)</b> n = 100	<b>PERSENTASIE</b> (%)
<b>Vraag 9: Identifiseerbare sones in die woonhuis</b>		
Sosiale sone	90	90.0
Werkstone	97	97.0
Private sone	99	99.0
Oorgangstone	10	10.0
<b>Vraag 10: Konstruksiemateriaal aan die buitekant</b>		
Gegalvaniseerde sinkplaat	96	96.0
Bakstene	1	1.0
Karton	3	3.0
Ander	2	2.0
<b>Vraag 12: Vertrekke sonder vensters</b>		
Slaapkamer	45	45.0
Sitkamer	27	27.0
Eetkamer	9	9.0
Kombuis	35	35.0
Badkamer	0	0.0

Die resultate van vraag 9, 10 en 12 toon dat daar veral drie sones, naamlik die sosiale, privaat en werkstone in die informele woonhuis voorkom. Die informele woonhuis word hoofsaaklik van gegalvaniseerde sinkplaat gebou waarvan sommige vertrekke soos die slaapkamers, sitkamer en kombuis nie vensters het nie.

Respons op vraag 11 en 13 volg in Tabel 5.3 wat die afwerkingsmateriaal van venster en deuropeninge aan die binnekant van die informele woonhuis aandui.

**Tabel 5.3 Frekwensie van afwerkingsmateriaal van venster- en deur-  
openinge aan die binnekant van die woonhuis**

TIPE MATERIAAL		SLAAP- KAMER	SIT- KAMER	EET- KAMER	KOMBUIS	BAD- KAMER
<b>Vraag 11: Afwerking van vensteropeninge</b>						
Glasruite	Frekwensie (f) n = 100	54	42	7	42	0
	Persentasie (%)	54.0	42.0	7.0	42.0	0.0
Karton	Frekwensie (f) n = 100	2	3	0	0	0
	Persentasie (%)	2.0	3.0	0.0	0.0	0.0
Karton/glas- ruite	Frekwensie (f) n = 100	1	1	0	2	0
	Persentasie (%)	1.0	1.0	0.0	2.0	0.0
Sinkplaat	Frekwensie (f) n = 100	6	1	0	5	0
	Persentasie (%)	6.0	1.0	0.0	5.0	0.0
Kantgordyne	Frekwensie (f) n = 100	39	23	2	27	0
	Persentasie (%)	39.0	23.0	2.0	27.0	0.0
Kantgordyne/ digte gordyne	Frekwensie (f) n = 100	23	20	2.0	20	0
	Persentasie (%)	23.0	20.0	2.0	20.0	0.0
<b>Vraag 13: Afwerking van deur openinge</b>						
Slegs opening sonder deur	Frekwensie (f) n = 100	17	27	8	18	0
	Persentasie (%)	17.0	27.0	8.0	18.0	0.0
Sluitmega- nisme	Frekwensie (f) n = 100	1	23	5	37	0
	Persentasie (%)	1.0	23.0	5.0	37.0	0.0
Deur van sinkplaat	Frekwensie (f) n = 100	1	3	0	5	0
	Persentasie (%)	1.0	3.0	0.0	5.0	0.0
Materiaal	Frekwensie (f) n = 100	81	13	4	6	0
	Persentasie (%)	81.0	13.0	4.0	6.0	0.0
Karton	Frekwensie (f) n = 100	1	1	0	0	0
	Persentasie (%)	1.0	1.0	0.0	0.0	0.0
Hout	Frekwensie (f) n = 100	6	7	4	22	0
	Persentasie (%)	6.0	7.0	4.0	22.0	0.0
Staal	Frekwensie (f) n = 100	0	7	0	5	0
	Persentasie (%)	0.0	7.0	0.0	5.0	0.0

Die frekwensies van die afwerking van vensteropeninge aan die binnekant van die woonhuis is 'n aanduiding dat die meeste slaapkamers, sitkamers en kombuise glasruite het. Kantgordyne kom ook meestal in die slaapkamers, sitkamers en kombuise voor. Slaapkamers, sitkamers en kombuise het ook kantgordyne en digte gordyne as vensterafwerking.

Uit Tabel 5.3 is dit duidelik dat die slaapkamers van die informele woonhuis hoofsaaklik van materiaal gebruik maak om die deuropeninge af te werk, dat daar 'n sluitmeganisme aan deure in die kombuis aangebring word en houtdeure hoofsaaklik as afwerking in hierdie vertrek dien. Die sitkamer word meestal gekenmerk deur 'n deuropening sonder afwerking.

In Tabel 5.4 word die ontwerp van die slaapkamers binne die informele woonhuis, sowel as die skeidingsmateriaal wat in die slaapkamers gebruik word, as respons op vraag 14 en 15 uitgebeeld.

**Tabel 5.4 Frekwensies van die ontwerp van die slaapkamers en skeidingsmateriaal wat tussen slaapkamers in die informele woonhuis voorkom**

ONTWERP		SLK1	SLK2	SLK3	SLK4
<b>Vraag 14: Ontwerp</b>					
'n Deurloop na 'n ander vertrek	Frekwensie (f) n = 100	6	9	4	2
	Persentasie (%)	6.0	9.0	4.0	2.0
Sigbaar vanaf ander vertrek	Frekwensie (f) n = 100	59	40	12	4
	Persentasie (%)	59.0	40.0	12.0	4.0
Vanuit kombuis bereikbaar	Frekwensie (f) n = 100	66	32	8	3
	Persentasie (%)	66.0	32.0	8.0	3.0
Vanuit sitkamer bereikbaar	Frekwensie (f) n = 100	41	32	6	0

**Tabel 5.4 (Vervolg)**

ONTWERP		SLK1	SLK2	SLK3	SLK4
	Persentasie (%)	41.0	32.0	6.0	0.0
Geplaas dat almal kan sien as jy na die slaapkamer gaan.	Frekwensie (f) n = 100	63	44	12	4
	Persentasie (%)	63.0	44.0	12.0	4.0
Ander	Frekwensie (f) n = 100	0	3	1	1
	Persentasie (%)	0.0	3.0	1.0	1.0
<b>Vraag 15: Skeidingsmateriaal</b>					
Hangkaste	Frekwensie (f) n = 100	48	20	5	0
	Persentasie (%)	48.0	20.0	5.0	0.0
Gordynmateriaal	Frekwensie (f) n = 100	60	41	10	5
	Persentasie (%)	60.0	41.0	10.0	5.0
Bedlinne	Frekwensie (f) n = 100	2	2	2	1
	Persentasie (%)	2.0	2.0	2.0	1.0
Karton	Frekwensie (f) n = 100	14	11	3	1
	Persentasie (%)	14.0	11.0	3.0	1.0
Sinkplate	Frekwensie (f) n = 100	12	11	3	2
	Persentasie (%)	12.0	11.0	3.0	2.0

**Tabel 5.4 (Vervolg)**

ONTWERP		SLK1	SLK2	SLK3	SLK4
Geen skeidingsmateriaal	Frekwensie (f) n = 100	2	1	0	0
	Persentasie (%)	2.0	1.0	0.0	0.0
Ander	Frekwensie (f) n = 100	12	5	2	2
	Persentasie (%)	12.0	5.0	2.0	2.0

Die resultate van Tabel 5.4 toon dat twee van die slaapkamers sigbaar vanaf ander vertrekke is, en ook vanuit die kombuis en sitkamer bereikbaar is. Hierdie twee vertrekke is ook geplaas dat almal sien as die inwoner na die vertrekke gaan. Tabel 5.4 toon ook dat hangkaste en gordynmateriaal as skeidingsmateriaal tussen die twee slaapkamers gebruik word. 'n Klein persentasie karton en sinkplate word ook as skeidingsmateriaal tussen die twee slaapvertrekke gebruik.

### 5.3.2 Ontwerp van die huidige informele woonhuis

Die ontwerp van die informele woonhuis vorm 'n verdere afdeling in die samestelling van die profiel van die huidige geboude informele woonhuis. Die respons op hierdie afdeling word vanuit vraag 16.1 tot 16.4 verkry.

In Tabel 5.5 word die verbruikersbetrokkenheid van die inwoners met betrekking tot die ontwerp van die huidige geboude informele woonhuis voorgestel ten opsigte van die aantal vertrekke wat opgerig is, wie die ontwerpbesluite geneem het en wanneer insette oor die ontwerp van die informele woonhuis gedoen is.

**Tabel 5.5 Frekwensies van die verbruikersbetrokkenheid van die inwoners**

<b>VRAELYSITEM</b>	<b>FREKWENSIE (f)</b> n = 10	<b>PERSENTASIE</b> (%)
<b>Vraag 16.1: Aantal vertrekke tydens die eerste bou opgerig</b>		
1 - 4 vertrekke	87	87.0
5 - 7 vertrekke	11	11.0
<b>Vraag 16.2: Wie besluite geneem het tydens ontwerp en oprigting van die woonhuis</b>		
Vader van die huishouding alleen	34	34.0
Moeder van die huishouding alleen	18	18.0
Vader en moeder saam	21	21.0
Alle gesinslede van die huishouding	19	19.0
Bouer	3	3.0
Ontwerper	1	1.0
Ander	6	6.0
<b>Vraag 16.3: Wanneer is julle gevra om insette te lewer oor die ontwerp van die woonhuis?</b>		
Tydens aanvanklike beplanning	35	35.0
Tydens bou van woonhuis	46	46.0

Respons op vraag 16.1 tot 16.3 is 'n aanduiding dat daar tussen 1 - 4 vertrekke tydens die eerste bou van die informele woonhuis opgerig is en dat die besluit hoofsaaklik deur die vader van die huishouding geneem is. Gesinslede is meestal tydens die bou van die woonhuis gevra om hul insette te lewer.

Die respons op vraag 16.4 word in Tabel 5.6 voorgestel wat die aktiwiteite wat in die huidige informele woonhuis voorkom, toon.

**Tabel 5.6 Frekwensies van die aktiwiteite wat in die geïdentifiseerde vertrekke plaasvind**

AKTIWITEIT		SLAAP-KAMER	BAD-KAMER	SITKAMER	EETKAMER	KOMBUIS
Voedselvoorbereiding	Frekwensie (f) n = 100	0	0	2	1	88
	Persentasie (%)	0.0	0.0	2.0	1.0	88.0
Slaap	Frekwensie (f) n = 100	99	0	1	2	2
	Persentasie (%)	99.0	0.0	1.0	2.0	2.0
Aantrek/Uittrek	Frekwensie (f) n = 100	96	0	0	0	0
	Persentasie (%)	96.0	0.0	0.0	0.0	0.0
Bad/was/persoonlike versorging	Frekwensie (f) n = 100	93	0	2	0	0
	Persentasie (%)	93.0	0.0	2.0	0.0	0.0
Skoolwerk	Frekwensie (f) n = 100	10	0	48	15	26
	Persentasie (%)	10.0	0.0	48.0	15.0	26.0
Kuier	Frekwensie (f) n = 100	4	2	72	7	16
	Persentasie (%)	4.0	2.0	72.0	7.0	16.0
Eet	Frekwensie (f) n = 100	1	1	41	17	63
	Persentasie (%)	1.0	1.0	41.0	17.0	63.0
Alleen wees	Frekwensie (f) n = 100	75	0	5	4	2
	Persentasie (%)	75.0	0.0	5.0	4.0	2.0

Tabel 5.6 toon dat die respondente hoofsaaklik in die slaapkamers slaap, aantrek en uittrek en bad, was en persoonlike versorging doen. Die slaapkamer is ook hoofsaaklik die vertrek waarheen die individue gaan om alleen te wees. Respondente doen skoolwerk en kuier in die sitkamer, terwyl voedselvoorbereiding grootliks in die kombuis plaasvind. Die kombuis is hoofsaaklik ook die vertrek waar die respondente eet.

### 5.3.3 Voorkeur in behuising en vloerplansamestelling

Die mening van die respondente aangaande die voorkeur in behuising, inwoning en samestelling van die vloerplan van die beboude informele woonhuis, word as respons in Tabel 5.7 op vraag 17 tot 20 uiteengesit.

**Tabel 5.7 Frekwensies van voorkeur in behuising, inwoning en vloerplansamestelling**

<b>VRAELYSITEM</b>	<b>FREKWENSIE (f)</b> n = 100	<b>PERSENTASIE (%)</b>
<b>Vraag 17: Tipe gesinsbehuising verkies</b>		
Dubbelverdieping op alleen erf	11	11.0
Grondverdieping op alleen erf	79	79.0
Woonstelblok	8	8.0
Ander	2	2.0
<b>Vraag 18: Inwoningsomstandighede verkies</b>		
Slegs gesinslede	78	78.0
Bywoning van familielede	22	22.0
Bywoning van huurders	0	0.0
Ander	0	0.0
<b>Vraag 19.1: Mening van oop vloerplanontwerp</b>		
Hou daarvan	17	17.0
Hou nie daarvan	77	77.0
Is onseker	6	6.0
<b>Vraag 19.2: Opsies vir oop vloerplansamestelling</b>		
Slaapkamer/Badkamer	7	7.0
Sitkamer/Eetkamer	21	21.0
Kombuis/Eetkamer	31	31.0
Kombuis/Sitkamer	29	29.0
Kombuis/Sitkamer/Eetkamer	14	14.0
<b>Vraag 19.3: Mening van geslote vloerplanontwerp</b>		
Hou daarvan	88	88.0
Hou nie daarvan	7	7.0
Is onseker	2	2.0
<b>Vraag 20: Vertrekke in volgorde van belangrikheid</b>		
Kombuis	35	35.0
Slaapkamer	39	39.0
Eetkamer	31	31.0
Sitkamer	30	30.0
Badkamer	44	44.0
Studeerkamer	59	59.0

Die respons op hierdie afdeling toon dat die respondente verkies om alleen op 'n erf in 'n grondverdieping woonhuis te woon waarin die bywoning van die gesinslede goedgekeur word. Die meerderheid respondente hou nie van 'n oop vloerplanontwerp nie. Respondente was oor die algemeen meer ten gunste van 'n geslote vloerplanontwerp. Vir die respondente was die kombuis/eetkamer en kombuis/sitkamer 'n goeie oop vloerplan-ontwerpkombinasie. Die respondente

het egter die slaapkamer as die belangrikste vertrek gekies wat reeds in die informele woonhuise voorkom. Die studeerkamer is as die minste belangrikste vertrek verkies wat nie in die informele woonhuis voorkom nie. 'n Waarde van een is aan die belangrikste vertrek en 'n waarde van ses is aan die onbelangrikste vertrek gegee.

#### 5.3.4 Ontleding van die vloerplan van die huidige informele woonhuis

Die ontleding van die vloerplan van die informele woonhuis is die laaste afdeling wat deel van die geboude informele woonhuis vorm. Respons op hierdie afdeling is vanuit die vloerplandata van die informele woonhuis verkry, wat soos volg voorgestel word.

Die profiel van die informele woonhuis word as frekwensies in Tabel 5.8 weergee, waarna die standaard informele woonhuis volgens drie kategorieë in Tabel 5.9 voorgehou sal word.

**Tabel 5.8 Frekwensies van die profiel van die vloerplan van die huidige informele woonhuis**

VRAELYSITEM	FREKWENSIE (f) n = 100	PERSENTASIE (%)
<b>Vorm van die vloerplan</b>		
L-vorm	40	40.0
Reghoek/vierkant	49	49.0
T-, U-, Z-vorm	11	11.0
<b>Oppervlakte (m<sup>2</sup>) van die informele woonhuis</b>		
10 - 30 m <sup>2</sup>	32	32.0
31 - 40 m <sup>2</sup>	26	26.0
41 - 50 m <sup>2</sup>	21	21.0
51 - 60 m <sup>2</sup>	10	10.0
61 - 80 m <sup>2</sup>	11	11.0

**Tabel 5.8 (Vervolg)**

<b>VRAELYSITEM</b>	<b>FREKWENSIE (f)</b> n = 100	<b>PERSENTASIE (%)</b>
<b>Aantal vertrekke in die informele woonhuis</b>		
2	8	8.0
3	23	23.0
4	40	40.0
5	19	19.0
6	7	7.0
7	1	1.0
8	1	1.0
10	1	1.0
<b>Gemiddelde grootte van die vertrekke van die informele woonhuis (m<sup>2</sup>)</b>		
4 - 7 m <sup>2</sup>	17	17.0
8 - 11 m <sup>2</sup>	64	64.0
12 - 15 m <sup>2</sup>	15	15.0
16 - 21 m <sup>2</sup>	4	4.0
<b>Tipe vloerplan</b>		
Geslote vloerplan	60	60.0
Oop - en geslote vloerplan	40	40.0
<b>+Kombinasies van oopvloerplan</b>		
Kombuis/Eetkamer	5	12.5
Kombuis/Eetkamer/Sitkamer	3	7.5
Kombuis/Slaapkamer	1	2.5
Sitkamer/Eetkamer	1	2.5
Sitkamer/Kombuis	29	72.5
Sitkamer/Slaapkamer	1	2.5
<b>++Tipe geslote vertrekke</b>		
Slaapkamer	100	100.0
Sitkamer	49	49.0
Kombuis	59	59.0
Eetkamer	6	6.0

**Tabel 5.8 (Vervolg)**

VRAELYSITEM	FREKWENSIE (f) n = 100	PERSENTASIE (%)
<b>Aantal slaapkamers</b>		
1	25	25.0
2	52	52.0
3	17	17.0
4	5	5.0
5	1	1.0

- + Hierdie vraag is slegs beantwoord wanneer die woonhuis as 'n oop- en geslote vloerplan geklassifiseer is.
- ++ Hierdie vraag is beantwoord wanneer die vloerplan 'n geslote of oop- en geslote vloerplan was om sodoende die tipe geslote vertrek wat in die informele-woonhuisontwerp voorkom, aan te dui.

Die algemene informele woonhuis wat in hierdie studie bestudeer is, is 'n reghoek/vierkant vloerplan, maar 'n groot persentasie van die vloerplanne is ook L-vormig. Die gemiddelde oppervlakte van die informele woonhuise in hierdie studie kan in vyf kategorieë, naamlik 10 - 30 m<sup>2</sup>, 41 - 50 m<sup>2</sup>, 51 - 60 m<sup>2</sup> en 61 - 80 m<sup>2</sup> verdeel word. Die meeste informele woonhuise het 'n geslote woonhuisontwerp aan die binnekant. Die woonhuise wat wel van 'n oop- en geslote vloerplan aan die binnekant gebruik maak, het hoofsaaklik 'n sitkamer/kombuis as die oopvertrekkombinasie. In beide die geslote en oop- en geslote vloerplankombinasie is die slaapvertreкке almal 'n geslote vertrek met twee slaapvertreкке wat die meeste voorkom. Die informele woonhuise het hoofsaaklik 'n geslote sitkamer en 'n geslote kombuis. Hierdie blyk die drie vertreкке te wees wat die meeste in die informele woonhuis voorkom in kombinasie of as geslote vertreкке.

Die woonhuisvorms is tot reghoek en vierkant, L-vorm apart in T-, U- en Z-vorms gekombineer. Elkeen van hierdie kategorieë is kenmerkend van 'n sekere woonhuisontwerp wat in Tabel 5.9 uiteengesit word.

**Tabel 5.9** Standaardwoonhuis van die L-vorm, reghoek/vierkant- vorm en T-, U- en Z-vorm.

ITEM	L-VORM n = 40	REGHOEK/VIERTANT n = 49	T, U, Z-VORM n = 11
Oppervlak m <sup>2</sup>	10 - 30 m <sup>2</sup>	10 - 30 m <sup>2</sup>	61 - 80 m <sup>2</sup>
Aantal vertrekke	3	4	4
Gemiddelde grootte van vertrek	8 - 11 m <sup>2</sup>	8 - 11 m <sup>2</sup>	8 - 11 m <sup>2</sup>
Tipe vloerplan	Geslote	Geslote	Geslote
Kombinasie van oop- en geslote vloerplan	Sitkamer/ Kombuis	Sitkamer/ Kombuis	Sitkamer/ Kombuis
Tipe geslote vertrekke	Slaapkamer	Slaapkamer	Slaapkamer
Aantal slaapkamers	2	2	2

Tabel 5.9 toon dus dat daar nie 'n groot verskil tussen die drie woonhuisvorms ten opsigte van die verskillende items is nie. 'n Profiel van die belewenis van privaatheid van die respondente van informele woonhuise sal in die hieropvolgende resultate uiteengesit word.

#### **5.4 PROFIEL VAN DIE BELEWENIS VAN PRIVAATHEID VAN DIE RESPONDENTE VAN INFORMELE WOONHUISE**

Die profiel van die inwoners van informele woonhuise word vanuit Afdeling A (Biografiese inligting), vraag 4 tot 6 sowel as Afdeling B (Persoonlike belewenis van privaatheid) vraag 7 en 8 van Vraelys B (Privaatheid), saamgestel. Vervolgens sal die respons op hierdie vrae in tweerigting-tabelle voorgestel word. Hierdie woonhuiskategorieë is volgens die vloerplan van die informele woonhuis geïdentifiseer (vgl. Par. 5.3.4). Resultate word in drie kategorieë bespreek, naamlik die deel van die kamer met ander inwoners, die respondent en gesin se vermoë om alleen te wees en die respondent se vermoë om inligting te beheer.

Daar word in die resultate geen onderskeid tussen die respons van kinders en volwassenes op die belewenis van privaatheid getref nie, aangesien die frekwensie-ontleding van die twee groepe geen beduidende verskille getoon het nie. Die profiel van die belewenis van privaatheid word as 'n gesamentlike respons van volwassenes en kinders van informele woonhuise vanuit die verskillende oppervlaktekategorieë van die woonhuise bespreek.

Die frekwensie van respons (f) word deurgaans in die tabelle weergegee asook die persentasie (%) uit 200. In die tabelle waar vraag 5.2, 7.1.5.1, 7.1.7, 7.1.8, 7.2.3, 7.2.4, 7.3.4, 7.3.5, 8.1.3, 8.1.4, 8.2.3, 8.2.4, 8.3.3, 8.3.4, 8.4.3, 8.4.4, 8.5.3, 8.5.4, 8.6.3 en 8.6.4 voorkom, word die kolom persentasie (k%) van die totale frekwensie (f) uit 200, wat in die tweedelaaste kolom van die tabel verskyn, aangedui. Die persentasie (%) van die totale frekwensie (f) word in die laaste kolom aangedui.

#### **5.4.1 Deel van kamer**

Die respons op vraag 4, 5.1 en 5.3 wat handel oor die deel van 'n slaapkamer met 'n ander persoon en die aantal persone met wie die slaapkamer gedeel word, asook die omstandighede wat weens die deel van die slaapkamer heers en die tevredenheid met hierdie omstandighede word in Tabel 5.10 voorgestel.

Tabel 5.10 Frekwensies van die deel van 'n slaapkamer

VRAELYSITEM	WOONHUISKATEGORIE#										TOTALE f UIT 200	% VAN f UIT 200					
	10 - 30 m <sup>2</sup>		31 - 40 m <sup>2</sup>		41 - 50 m <sup>2</sup>		51 - 60 m <sup>2</sup>		61 - 80 m <sup>2</sup>								
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%							
<b>Vr. 4: Deel van slaapkamer</b>																	
Ja	55	85.94	48	92.31	33	78.57	16	80.0	17	77.27							
Nee	9	14.06	4	7.69	9	21.43	4	20.0	5	22.73							
	64		52		42		20		22						200		
<b>Vr. 5.1: Aantal persone</b>																	
0 - 2	44	68.76	35	67.31	35	83.34	16	60.00	18	81.82							
3 - 5	20	31.25	15	28.85	4	9.52	4	20.00	3	13.64							
6 - 8	0	0.0	2	3.84	3	7.14	0	0.00	1	4.55							
	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%		
<b>Vr. 5.2: Omstandighede in slaapkamer</b>																	
Eie bed	21	10.5	28.0	18	9.0	24.0	15	7.5	20.0	8	4.0	10.67	13	6.5	17.33	75	37.5
Deel bed met iemand	43	21.5	34.96	34	17.0	27.64	26	13.0	21.14	11	5.5	8.94	9	4.5	7.32	123	61.5
Eie hangkas/klerekas ens.	12	6.0	31.58	6	3.0	15.79	10	5.0	26.32	5	2.5	13.16	5	2.5	13.16	38	19.0
Deel hangkas/klerekas met ander	52	26.0	33.99	42	21.0	27.45	29	14.5	18.95	14	7.0	9.15	16	8.0	10.46	153	76.5
Eie plek in slaapkamer	11	5.5	33.33	6	3.0	18.18	7	3.5	21.21	3	1.5	9.09	6	3.0	18.18	33	16.5
Ruimte word gedeel	51	25.5	34.46	42	24.0	28.38	27	13.5	18.24	15	7.5	10.14	13	6.5	8.78	148	74.0
<b>Vr. 5.3: Tevredenheid</b>																	
Tevrede	22	34.38		19	36.54		17	40.48		8	40.0		12	54.55			
Meestal tevrede	8	12.50		6	11.54		4	9.52		4	20.0		2	9.09			
Ontevrede	32	50.00		22	42.31		15	35.71		7	35.0		8	36.36			
Meestal ontevrede	2	3.13		5	9.62		6	14.29		1	5.0		0	0.0			
	64			52			42			20			22			200	
<b>Vr. 6: Skeidingsmateriaal</b>																	
Meeste klankdig	7	10.94		4	7.69		3	7.14		0	0.0		3	13.64			
Meeste nie - klankdig	53	82.81		47	90.38		37	88.10		18	90.0		19	86.36			
Klankdig en nie - klankdig	4	6.25		1	1.92		2	4.76		2	10.0		0	0.0			
	64			52			42			20			22			200	

Tabel 5.10 toon dat die meeste respondente van die vyf woonhuiskategorieë wel 'n slaapkamer met nie meer as twee ander inwoners deel. 'n Groot frekwensie-respons op drie van die vraagaltematiewe van vraag 5.2 dui daarop dat in die meeste gevalle 'n bed en hangkas/klerekas met iemand anders gedeel word en dat die ruimte in die slaapkamer deur almal gedeel word. Op hierdie drie alternatiewe het die respondente van 10 - 30 m<sup>2</sup> woonhuiskategorieë 'n meerderheid respons gehad. Die resultate toon ook dat die respondente van 10 - 30 m<sup>2</sup> en 31 - 40 m<sup>2</sup> woonhuiskategorieë grotendeels ontevrede met hierdie omstandighede is, terwyl respondente van 41 - 50 m<sup>2</sup>, 51 - 60 m<sup>2</sup> en 61 - 80 m<sup>2</sup> woonhuiskategorieë meer tevrede met die heersende omstandighede is. Die respondente van die vyf woonhuiskategorieë is dit eens dat die meeste skeidingsmateriaal wat tussen vertrekke gebruik word, nie-klankdig is nie.

#### 5.4.2 Alleen wees

Die respons op die scenario van alleenwees word vanuit drie kategorieë benader, naamlik die individu se vermoë om alleen te wees, gebruik van gereserveerdheid vir die individu om alleen te wees en die gesin se vermoë om alleen te wees. Die respons op die individu se vermoë om alleen te wees word vanuit vraag 7.1.1 tot vraag 7.1.4 in Tabel 5.11 voorgestel.

**Tabel 5.11 Frekwensies van die respondente om as individue alleen te wees**

VRAELYSITEM	WOONHUISKATEGORIEë										TOTAL UIT 20
	10 - 30 m <sup>2</sup>		31 - 40 m <sup>2</sup>		41 - 50 m <sup>2</sup>		51 - 60 m <sup>2</sup>		61 - 80 m <sup>2</sup>		
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	
Vr. 7.1.1 Belangrikheid											
Baie belangrik	6	9.38	4	7.69	1	2.58	3	15.0	3	13.64	
Belangrik	17	26.56	16	30.77	18	42.86	6	30.0	6	27.27	
Onbelangrik	41	64.06	32	61.54	23	54.76	11	55.0	13	59.09	
	64		52		42		20		22		200
+Vr. 7.1.2 Gereeldheid											
Altyd	2	3.13	6	11.54	2	4.76	1	5.0	0	0.0	
Meestal	3	4.69	6	11.54	4	9.52	1	5.0	0	0.0	
Somtyds	17	26.56	11	21.15	15	35.71	7	35.0	10	45.45	
Nooit	16	25.00	6	11.54	2	4.76	5	25.0	4	18.18	
Nie van toepassing	26	40.63	23	44.23	19	45.24	6	30.0	8	36.36	

**Tabel 5.11 (Vervolg)**

VRAELYSITEM	WOONHUISKATEGORIEË										TOTALE f UIT 200
	10 - 30 m <sup>2</sup>		31 - 40 m <sup>2</sup>		41 - 50 m <sup>2</sup>		51 - 60 m <sup>2</sup>		61 - 80 m <sup>2</sup>		
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	
	64		52		42		20		22		200
<b>+Vr. 7.1.3 Moontlikheid</b>											
Altyd	10	15.63	8	15.38	6	14.29	3	15.0	3	13.64	
Meestal	6	9.38	7	13.46	5	11.90	4	20.0	2	9.09	
Somtyds	11	17.19	3	5.77	5	11.90	2	10.0	5	22.73	
Nooit	11	17.19	10	19.23	7	16.67	5	25.0	4	18.18	
Nie van toepassing	26	40.63	24	46.15	19	45.24	6	30.0	8	36.36	
	64		52		42		20		22		200
<b>Vr. 7.1.4 Gereeldheid (hoor of sien)</b>											
Altyd	22	34.38	10	19.23	9	21.43	5	25.0	6	27.27	
Meestal	5	7.81	4	7.69	3	7.14	1	5.0	1	4.55	
Somtyds	12	18.75	14	26.92	7	16.67	5	25.0	5	22.73	
Nooit	25	39.06	24	46.15	23	54.76	9	45.0	10	45.45	
	64		52		42		20		22		200

+ Indien die respondente "Onbelangrik" in vraag 7.1.1 beantwoord het, is vraag 7.1.2 en 7.1.3 as "Nie van toepassing" beantwoord.

Uit die respons op vraag 7.1.1 tot 7.1.4 is dit duidelik dat die meeste respondente van al vyf die woonhuiskategorieë dit onbelangrik ag om alleen te wees. Na aanleiding van die respons op vraag 7.1.1 is die respondente van al vyf die woonhuiskategorieë van mening dat hulle somtyds alleen wil wees. Weens die respons op vraag 7.1.1 is die respondente van woonhuiskategorieë 10 - 30 m<sup>2</sup> en 61 - 80 m<sup>2</sup> van mening dat hulle somtyds alleen wil wees en is respondente van woonhuiskategorieë 31 - 40 m<sup>2</sup>, 41 - 50 m<sup>2</sup> en 51 - 60 m<sup>2</sup> van mening dat hulle nooit in enige vertrek in die informele woonhuis alleen kan wees nie. Die meerderheid respons toon dat die respondente van die vyf woonhuiskategorieë nooit alleen in die informele woonhuis kan wees sonder om iemand te hoor praat of inkom nie.

Die respons op die gebruik van gereserveerdheid deur die individu om alleen te wees word in Tabel 5.12 van vraag 7.1.5 tot vraag 7.1.7 voorgestel.

In Tabel 5.12 is dit duidelik dat die grootste persentasie van die respondente van woonhuiskategorieë 10 - 30 m<sup>2</sup>, 31 - 40 m<sup>2</sup>, 51 - 60 m<sup>2</sup> en 61 - 80 m<sup>2</sup> dit nooit nodig ag om gereserveerd te wees om sodoende alleen te kan wees nie, terwyl die meerderheid respondente van woonhuiskategorie 41 - 50 m<sup>2</sup> dit somtyds nodig ag. Na aanleiding van die respons op vraag 7.1.5 is 'n meerderheid respons op drie vraagalternatiewe, naamlik "al manier om alleen te wees", "te min vertrekke in die informele woonhuis" en "vertrekke in die informele woonhuis te klein" is, aangedui. Die meerderheid respons op al drie hierdie alternatiewe vrae is van die respondente van woonhuiskategorie 10 - 30 m<sup>2</sup> verkry.

Die resultate dui ook daarop dat die respondente van al vyf die woonhuiskategorieë van mening is dat dit hulle nie plaas hulle nie alleen in die informele woonhuis kan wees nie. Weens die respons op vraag 7.1.5 dui die frekwensies op vraag 7.1.7 dat die respondente wat hierdie vraag moes beantwoord 'n meerderheid respons op twee vraagalternatiewe, naamlik "vra mense om vertrek te verlaat" en "wag tot donker" om te verseker dat die individu alleen gelaat word. Op hierdie vraagalternatiewe het die respondente van 31 - 40 m<sup>2</sup> woonhuise 'n meerderheid respons op die eerste vraagalternatief en respondente van 10 - 30 m<sup>2</sup> het 'n meerderheid respons op die tweede vraagalternatief getoon.

Tabel 5.12 Frekwensies van gereserveerdheid van die individu om alleen te wees

VRAELYSITEM	WOONHUISKATEGORIEë												TOTALE f UIT 200	% VAN f UIT 200			
	10 - 30 m <sup>2</sup>		31 - 40 m <sup>2</sup>		41 - 50 m <sup>2</sup>		51 - 60 m <sup>2</sup>		61 - 80 m <sup>2</sup>								
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%							
<b>Vr.7.1.5 Gereserveerdheid</b>																	
Altyd	7	10.94		8	15.38		4	9.52		1	5.0		1	4.55			
Meestal	11	17.19		7	13.46		9	21.43		2	10.0		1	4.55			
Somtyds	20	31.25		15	28.85		15	35.71		7	35.0		9	40.91			
Nooit	26	40.63		22	42.31		14	33.33		10	50.0		11	50.0			
	64			52			42			20			22			200	
	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%		
<b>+Vr. 7.1.5.1 Rede</b>																	
Al Manier	9	4.5	28.13	5	2.5	15.63	9	4.5	28.13	5	2.5	15.63	4	2.0	12.5	32	16.0
Te veel vertrekke	6	3.0	25.0	8	4.0	33.33	8	4.0	33.33	1	0.5	4.17	1	0.5	4.17	24	12.0
•Te min vertrekke	19	9.5	38.78	14	7.0	28.57	11	5.5	22.45	5	2.5	10.2	0	0.0	0.0	49	24.5
Vertrekke te klein	15	7.5	41.67	7	3.5	19.44	6	3.0	16.67	4	2.0	11.11	4	2.0	11.11	36	18.0
Geen vertrek sonder mense	1	0.5	14.29	2	1.0	28.57	2	1.0	28.57	0	0.0	0.0	2	1.0	28.57	7	3.5
Nie van toepassing	19	9.5	29.23	19	9.5	29.23	10	5.0	15.38	7	3.5	10.77	10	5.0	15.38	65	32.5
<b>+Vr. 7.1.6 Gevoel</b>																	
Gebeur nie	15	23.44		15	28.85		8	19.05		6	30.0		6	27.27			
Word kwaad	11	17.19		4	7.69		4	9.52		4	20.0		3	13.64			
Voel bedreig	3	4.69		2	3.85		8	19.05		1	5.0		2	9.09			
Niks doen	9	14.06		5	9.62		2	4.76		3	15.0		1	4.55			
Pla my nie	26	40.63		26	50.0		20	47.62		6	30.0		10	45.45			
	64			52			42			20			22			200	

Tabel 5.12 (Vervolg)

VRAELYSITEM	WOONHUISKATEGORIEë															TOTALE f UIT 200	% VAN f UIT 200
	10 - 30 m <sup>2</sup>			31 - 40 m <sup>2</sup>			41 - 50 m <sup>2</sup>			51 - 60 m <sup>2</sup>			61 - 80 m <sup>2</sup>				
	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%		
+Vr. 7.1.7 Doen																	
Gebeur nie	19	9.5	30.65	16	8.0	25.81	11	5.5	17.74	9	4.5	14.52	7	3.5	11.29	62	31.0
Vra mense om vertrek te verlaat	23	11.5	29.11	26	13.0	32.91	19	9.5	24.05	4	2.0	5.06	7	3.5	8.86	79	39.5
Handseine	2	1.0	33.33	1	0.5	16.67	1	0.5	16.67	1	0.5	16.67	1	0.5	16.67	6	3.0
Word kwaad	4	2.0	80.0	1	0.5	20.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	5	2.5
Skuiif meubels	1	0.5	100.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	1	0.5
Hulle weet	1	0.5	33.33	0	0.0	0.0	2	1.0	66.67	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	3	1.5
Wag tot donker	13	6.5	34.21	8	4.0	21.05	5	2.5	13.16	6	3.0	15.79	6	3.0	15.79	38	19.0
Ander	4	2.0	36.36	1	0.5	9.09	5	2.5	45.45	0	0.0	0.0	1	0.5	9.09	11	5.5

- + Indien respondente in vraag 7.1.5 "Nooit" geantwoord het, is vraag 7.1.5.1, 7.1.6 en 7.1.7 as "Nie van toepassing" en "Gebeur nie met my nie" onderskeidelik beantwoord.
- Ch - kwadraat passingstoets waar  $p = 0.081$ .

Tabel 5.13 Frekwensies van gesin se vermoë om alleen te wees

VRAELYSITEM	WOONHUISKATEGORIEë										TOTALE f UIT 200	% VAN f UIT 200					
	10 - 30 m <sup>2</sup>		31 - 40 m <sup>2</sup>		41 - 50 m <sup>2</sup>		51 - 60 m <sup>2</sup>		61 - 80 m <sup>2</sup>								
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%							
Vr. 7.2.1 Moontlikheid																	
Altyd	26	40.63	26	50.0	17	40.42	10	50.0	14	63.64							
Meestal	6	9.38	9	17.31	3	7.14	3	15.0	2	9.09							
Somtyds	22	34.38	6	11.54	12	28.57	4	20.0	4	18.18							
Nooit	10	15.63	11	21.15	10	23.81	3	15.0	2	9.09							
	64		52		42		20		22							200	
+Vr. 7.2.2 Gevoel																	
Gebeur nie	28	43.75	27	51.92	18	42.86	10	50.0	15	68.18							
Word kwaad	8	12.5	0	0.0	2	4.76	1	5.0	2	9.09							
Voel bedreig	1	1.56	3	5.77	2	4.76	0	0.0	0	0.0							
Niks doen	3	4.69	3	5.77	2	4.76	0	0.0	0	0.0							
Pla ons nie	24	37.5	19	36.54	18	42.86	9	45.0	5	22.73							
	64		52		42		20		22							200	
+Vr. 7.2.3 Doen																	
Gebeur nie	25	12.5	25.25	28	14.0	28.28	20	10.0	20.2	10	5.0	10.10	16	8.0	16.16	99	49.5
Maak deuropening toe	8	4.0	28.57	8	4.0	28.57	7	3.5	25.0	3	1.5	10.71	2	1.0	7.14	28	14.0
Vra bure om ons alleen te laat	8	4.0	30.77	7	3.5	26.92	6	3.0	23.08	3	1.5	11.54	2	1.0	7.69	26	13.0
Skuif meubels	1	0.5	50.0	1	0.5	5.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	2	1.0
Wag tot donker	17	8.5	44.74	8	4.0	21.05	5	2.5	13.16	6	3.0	15.79	2	1.0	5.26	38	19.0
Hulle weet	2	1.0	28.57	1	0.5	14.29	4	2.0	57.14	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	7	3.5
Bly binne	6	3.0	60.0	2	1.0	20.0	1	0.5	10.0	1	0.5	10.0	0	0.0	0.0	10	5.0

+ Indien repondente in vraag 7.2.1 "Altyd" geantwoord het is vraag 7.2.2 en 7.2.3 as "Gebeur nie met ons nie", beantwoord.

Die respons op vraag 7.2.1 tot vraag 7.2.3 toon dat die grootste persentasie van die gesin dit altyd moontlik vind om in die informele woonhuis alleen te wees. Volgens die respons op vraag 7.2.2 dui die resultate daarop dat die meerderheid respondente van die vyf woonhuiskategorieë voel dat dit hulle nie plaas as die gesin nie alleen kan wees nie. . Weens die respons op vraag 7.2.1 toon drie vraagaltematiewe 'n meerderheid respons van die respondente wat hierdie vraag moes beantwoord, ten opsigte van "deuropeninge toemaak", "vra bure om gesin alleen te laat" en "wag tot donker". 'n Meerderheid respons van woonhuiskategorieë 10 - 30 m<sup>2</sup> en 31 - 40 m<sup>2</sup> dui daarop dat hierdie respondente deuropeninge toemaak terwyl respondente van 10 - 30 m<sup>2</sup> ook 'n meerderheid respons toon deur die bure te vra om hulle alleen te laat en te wag tot donker om te verseker dat die gesin alleen gelaat word.

Tabel 5.14 Frekwensie van respondente se interpretasie van toe en oop deuropeninge en ongenooide gesinslede/vriende

VRAELYSITEM		WOONHUISKATEGORIEë										TOTALE f UIT 200	% VAN f UIT 200
		10 - 30 m <sup>2</sup>		31 - 40 m <sup>2</sup>		41 - 50 m <sup>2</sup>		51 - 60 m <sup>2</sup>		61 - 80 m <sup>2</sup>			
		f	%	f	%	f	%	f	%	f	%		
Vr. 7.3.1 Deuropeninge													
Toe deuropening	Sal inkom	2	3.17	1	1.92	0	0.0	1	5.0	0	0.0	199	
	Nie inkom	61	96.83	51	98.08	42	100.0	19	95.0	22	100.0		
		63		52		42		20		22			
Oop deuropening	Sal inkom	51	7.81	6	11.54	2	4.76	3	15.0	3	13.64	200	
	Nie inkom	59	92.19	46	88.46	40	95.24	17	85.0	19	86.36		
		64		52		42		20		22			
Alleen - toe deur	Sal inkom	0	0.0	2	3.85	0	0.0	1	5.0	0	0.0	200	
	Nie inkom	64	100.0	50	96.15	42	100.0	19	95.0	22	100.0		
		64		52		42		20		22			
Alleen - oop deur	Sal inkom	2	3.13	5	9.62	2	4.76	3	15.0	3	13.64	200	
	Nie inkom	62	96.88	47	90.38	40	95.24	17	85.0	19	86.36		
		64		52		42		20		22			
Vr. 7.3.2 Gereeldheid													
	Altyd	5	7.81	3	5.77	0	0.0	2	10.52	0	0.0	199	
	Meestal	0	0.0	3	5.77	1	2.38	0	0.0	0	0.0		
	Somtyds	6	9.38	8	15.38	4	9.52	2	10.52	3	13.64		
	Nooit	53	82.81	38	73.08	37	88.10	15	78.94	19	86.36		
		64		52		42		19		22			
+Vr. 7.3.3 Gevoel													
	Gebeur nie	53	82.81	38	73.08	38	90.48	14	70.0	19	86.36	200	
	Word kwaad	4	6.25	7	13.46	1	2.38	2	10.0	0	0.0		
	Voel bedreig	2	3.13	1	1.92	0	0.0	1	5.0	0	0.0		
	Niks doen	3	4.69	2	3.85	0	0.0	1	5.0	1	4.55		
	Pla my nie	2	3.13	4	7.69	3	7.14	2	10.0	2	9.09		
		64		52		42		20		22			

Tabel 5.14 (Vervolg)

VRAELYSITEM	WOONHUISKATEGORIEë															TOTALE f UIT 200	% VAN f UIT 200
	10 - 30 m <sup>2</sup>			31 - 40 m <sup>2</sup>			41 - 50 m <sup>2</sup>			51 - 60 m <sup>2</sup>			61 - 80 m <sup>2</sup>				
	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%		
+Vr 7.3.4 Doen																	
Gebeur nie	53	26.5	27.72	38	19.0	23.46	38	19.0	23.46	14	7.0	8.64	19	9.5	11.73	162	81.0
Vra mense om vertrek te verlaat	6	3.0	26.09	11	5.5	47.83	1	0.5	4.36	3	1.5	13.04	2	1.0	8.7	23	11.5
Maak deur toe	1	0.5	10.0	5	2.5	50.0	1	0.5	10.0	2	1.0	20.0	1	0.5	10.0	10	5.0
Gebruik handseine	2	1.0	100.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	2	1.0
Doen niks	2	1.0	50.0	0	0.0	0.0	1	0.5	25.0	1	0.5	25.0	0	0.0	0.0	4	2.0
Hulle weet	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	1	0.5	100.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	1	0.5
Woonhuis verseker	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0

+ Indien die respondente vraag 7.3.2 "Nooit" geantwoord het, is vraag 7.3.3 en 7.3.4 as "Gebeur nie met my", beantwoord.

Die resultate in Tabel 5.14 toon dat die respondente in die meerderheid van al vyf die woonhuiskategorieë van mening is dat gesinslede en vriende nie 'n vertrek met 'n oop of geslote deur sal binnekom sonder om toestemming te vra nie. Die respondente van al vyf die woonhuiskategorieë toon ook 'n meerderheid respons dat gesinslede en vriende nooit die slaapkamer sal binnekom sonder om te klop nie. Na aanleiding van vraag 7.3.2 dui die respons op vraag 7.3.3 van die respondente wat wel hierdie vraag moes beantwoord dat respondente van woonhuiskategorieë 10 - 30 m<sup>2</sup>, 31 - 40 m<sup>2</sup> en 51 - 60 m<sup>2</sup> kwaad word en respondente van woonhuiskategorieë 41 - 50 m<sup>2</sup> en 61 - 80 m<sup>2</sup> dat dit hulle nie plaas gesinslede en vriende die slaapkamer ongenooi binnekom nie. Volgens die respons op vraag 7.3.2 toon vraag 7.3.4 dat die respondente van woonhuiskategorie 31 - 40 m<sup>2</sup> meer die mense vra om die vertrek te verlaat wanneer hulle ongenooi die vertrek binnekom.

#### **5.4.3 Beheer van inligting**

Die respons op die scenario's om inligting te beheer word bespreek as die individu se vermoë om alleen te werk, persoonlike besittings privaat te hou, asook aan en uit te trek, persoonlike versorging uit te voer, skoolwerk en leeswerk in die teenwoordigheid van ander te doen.

Tabel 5.15 Frekwensies van die respondente se vermoë om alleen te werk

VRAELYSITEM	WOONHUISKATEGORIEë												TOTALE f UIT 200	% VAN f UIT 200			
	10 - 30 m <sup>2</sup>		31 - 40 m <sup>2</sup>		41 - 50 m <sup>2</sup>		51 - 60 m <sup>2</sup>		61 - 80 m <sup>2</sup>								
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%							
Vr. 8.1.1 Moontlikheid om alleen te werk																	
Altyd	26	40.63	20	38.46	18	42.86	8	40.0	7	31.82				79			
Meestal	5	7.81	5	9.62	3	7.14	3	15.0	4	18.18				20			
Somtyds	12	18.75	9	17.31	11	26.19	5	25.0	4	18.18				41			
Nooit	21	32.81	18	34.63	10	23.81	4	20.0	7	31.82				60			
	64		52		42		20		22					200			
+Vr. 8.1.2 Gevoel wanneer nie alleen kan werk																	
Gebeur nie	27	42.19	24	46.15	18	42.86	7	35.0	7	31.82				83			
Word kwaad	7	10.94	2	3.85	5	11.90	3	15.0	4	18.18				21			
Voel bedreig	4	6.25	2	3.85	0	0.0	0	0.0	2	9.09				8			
Niks doen	5	7.81	4	7.69	2	4.76	3	15.0	2	9.09				16			
Pla nie	21	32.81	20	38.46	17	40.48	7	35.0	7	31.82				72			
	64		52		42		20		22					200			
	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%		
+Vr. 8.1.3 Doen om alleen te werk																	
Gebeur nie	29	14.5	32.22	24	12.0	26.67	21	10.5	23.33	8	4.0	8.89	8	4.0	8.89	90	45.0
Skuif meubels	2	1.0	18.18	5	2.5	45.45	3	1.5	27.27	0	0.0	0.0	1	0.5	9.09	11	5.5
Wag tot donker	10	5.0	31.25	9	4.5	28.13	3	1.5	9.38	3	1.5	9.38	7	3.5	21.88	32	16.0
Maak deuropeninge toe	20	10.0	35.09	14	7.0	24.56	11	5.5	19.3	6	3.0	10.53	6	3.0	10.53	57	28.5
Ander	5	2.5	38.46	0	0.0	0.0	4	2.0	30.77	3	1.5	23.08	1	0.5	7.69	13	6.5

+ Indien die respondente in vraag 8.1.1 "Altyd" geantwoord het, is vraag 8.1.2 en 8.1.3 as "Gebeur nie met my nie", beantwoord.

Die resultate in vraag 8.1 aangaande die respondent se vermoë om alleen te werk, dui daarop dat die meerderheid respondente van al vyf die woonhuiskategorieë dit regkry om altyd alleen te werk. Vir die respondente wat wel vraag 8.1.2 en 8.1.3 moes beantwoord, toon die resultate dat dit die respondente in die meerderheid van al vyf die woonhuiskategorieë nie pla as hulle nie alleen kan werk nie. Respons op vraag 8.1.3 toon dat die grootste frekwensierespons op twee vraagalternatiewe val. Binne hierdie twee vraagalternatiewe is dit die respondente van woonhuiskategorie 10 - 30 m<sup>2</sup> wat in die meerderheid wag tot dit donker is en deuropeninge toemaak om te verseker dat hulle alleen kan werk.

Die respons in Tabel 5.16 dui daarop dat die respondente van die vyf woonhuiskategorieë in die meerderheid nooit persoonlike besittings privaat kan hou nie. Die resultate toon ook dat die respondente van al vyf die woonhuiskategorieë wat wel vraag 8.2.2 moes beantwoord voel dat dit hulle nie pla as hulle nie persoonlike besittings privaat kan hou nie. Die grootste respons op vraag 8.2.3 van die respondente wat wel hierdie vraag moes beantwoord, dui daarop dat hulle niks doen om te verseker dat persoonlike besittings privaat bly nie. Op hierdie vraag het die inwoners van 10 - 30 m<sup>2</sup> woonhuiskategorie die meerderheid respons getoon.

Tabel 5.16 Frekwensies van die respondente se vermoë om persoonlike besittings privaat te hou

VRAELYSITEM	WOONHUISKATEGORIEë												TOTALE f UIT 200	% VAN f UIT 200			
	10 - 30 m <sup>2</sup>		31 - 40 m <sup>2</sup>		41 - 50 m <sup>2</sup>		51 - 60 m <sup>2</sup>		61 - 80 m <sup>2</sup>								
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%							
Vr. 8.2.1 Moontlikheid om persoonlike besittings privaat te hou																	
Altyd	18	28.13	15	28.85	17	40.48	7	35.0	7	31.82					64		
Meestal	2	3.13	3	5.77	2	4.76	1	5.0	1	4.55					9		
Somtyds	10	15.63	8	15.38	6	14.29	1	5.0	4	18.18					29		
Nooit	34	53.13	26	50.0	17	40.48	11	55.0	10	45.45					98		
	64		52		42		20		22						200		
+Vr. 8.2.2 Gevoel om nie persoonlike besittings privaat te hou nie																	
Gebeur nie	20	31.25	18	34.62	19	45.24	8	40.0	7	31.82					72		
Word kwaad	4	6.25	7	13.46	4	9.52	1	5.0	2	9.09					18		
Voel bedreig	11	17.19	3	5.77	3	7.14	1	5.0	3	13.64					21		
Niks doen	9	14.06	7	13.46	4	9.52	3	15.0	3	13.64					26		
Pla nie	20	31.25	17	32.69	12	28.57	7	35.0	6	27.27					62		
	64		52		42		20		21						199		
	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%		
+Vr. 8.2.3 Doen om persoonlike besittings privaat te hou																	
Gebeur nie	20	10.0	27.78	18	9.0	25.0	17	8.5	23.61	10	5.0	13.89	7	3.5	9.72	72	36.0
Vra mense om vertrek te verlaat	9	4.5	29.03	13	6.5	41.94	5	2.5	16.13	3	1.5	9.68	1	0.5	3.23	31	15.5
Maak deur toe	8	4.0	36.36	3	1.5	13.64	8	4.0	36.36	1	0.5	4.55	2	1.0	9.09	22	11.0
Doen niks	20	10.0	33.33	17	8.5	28.33	10	5.0	16.67	5	2.5	8.33	8	4.0	13.33	60	30.0
Wag tot donker	7	3.5	43.75	2	1.0	12.5	2	1.0	12.5	1	0.5	6.25	4	2.0	25.0	16	8.0

+ Indien die respondente in vraag 8.2.1 "Altyd" geantwoord het, is vraag 8.2.2 en 8.2.3 as "Gebeur nie met my nie", beantwoord.

Tabel 5.17 Frekwensies van die respondente se belewenis van aan- en uittek

VRAELYSITEM	WOONHUISKATEGORIEë												TOTALE f UIT 200	% VAN f UIT 200			
	10 - 30 m <sup>2</sup>		31 - 40 m <sup>2</sup>		41 - 50 m <sup>2</sup>		51 - 60 m <sup>2</sup>		61 - 80 m <sup>2</sup>								
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%							
Vr. 8.3.1 Aantrek/Uittek																	
Altyd	7	10.94	2	3.85	2	4.76	2	10.0	1	4.55					14		
Meestal	3	4.69	5	9.62	1	2.38	0	0.0	1	4.55					10		
Somtyds	6	9.38	6	11.54	2	4.76	4	20.0	2	9.09					20		
Nooit	48	75.0	39	75.0	37	88.10	14	70.0	18	81.82					156		
	64		52		42		20		22						200		
+(a) Vr. 8.3.2 Gevoel om in die teenwoordigheid aan - /uit te trek.																	
Gebeur nie	43	67.19	23	44.23	34	80.95	10	50.0	17	77.27					127		
Word kwaad	8	12.50	12	23.08	2	4.76	3	15.0	2	9.09					27		
Pla nie	13	20.31	17	32.69	6	14.29	7	35.0	3	13.64					46		
	64		52		42		20		22						200		
	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%		
+Vr. 8.3.3 Doen om nie aan - /uittek in die teenwoordigheid																	
Gebeur nie	38	19.0	30.65	25	12.5	20.16	34	17.0	27.44	11	5.5	8.87	16	8.0	12.9	124	62.0
Gaan na ander vertrek	10	5.0	45.45	4	2.0	18.18	1	0.5	.55	3	1.5	13.6	4	2.0	18.1	22	11.0
(b) Vra mense om vertrek te verlaat	9	4.5	31.03	14	7.0	48.28	2	1.0	6.9	2	1.0	6.9	2	1.0	6.9	29	14.5
Maak deuropening toe	6	3.0	27.27	9	4.5	40.91	3	1.5	13.6	4	2.0	18.1	0	0.0	0.0	22	11.0
Ander	0	0.0	0.0	1	0.5	25.0	2	1.0	50.0	1	0.5	25.0	0	0.0	0.0	4	2.0

+ Indien die respondente in vraag 8.3.1 Nooit geantwoord het, is vraag 8.3.2 en 8.3.3 as Gebeur nie met my nie, beantwoord.

Chi - kwadraatpassingstoets op (a) waar p = 0.015 (b) waar p = 0.032.

Die respons op vraag 8.3.1 tot 8.3.4 dui daarop dat die respondente van al vyf die woonhuiskategorieë nooit in die teenwoordigheid van ander aan- of uittrek nie. Na aanleiding van vraag 8.3.1 het die respondente wat vraag 8.3.2 en 8.3.4 moes beantwoord, aangedui dat respondente van woonhuiskategorie 31 - 40 m<sup>2</sup> in die meerderheid kwaad word en respondente van woonhuiskategorie 51 - 60 m<sup>2</sup> dat dit hulle nie pla om in die teenwoordigheid van ander aan te trek of uit te trek nie. Die meeste respondente van woonhuiskategorie 10 - 30 m<sup>2</sup> gaan na 'n ander vertrek, terwyl die meeste respondente van woonhuiskategorie 31 - 40 m<sup>2</sup> mense vra om die vertrek te verlaat en deuropeninge toemaak om te verseker dat hulle nie in die teenwoordigheid van ander aan- of uittrek nie.

In Tabel 5.18 blyk dit uit die respons dat die respondente van al vyf die woonhuiskategorieë in die meeste gevalle nooit in die teenwoordigheid van ander persoonlike versorging uitvoer nie. Volgens die respons op vraag 8.4.1 is die respondente van die vyf woonhuiskategorieë wat vraag 8.4.2 moes beantwoord van mening dat dit die meeste van hulle nie pla om in die teenwoordigheid van ander persoonlike versorging uit te voer nie. Na aanleiding van die respons op vraag 8.4.1 dui die respons op vraag 8.4.3 daarop dat die oorblywende respondente in die meerderheid twee alternatiewe, naamlik "gaan na ander vertrek" en "vra mense om die vertrek te verlaat", beoefen om te verseker dat hulle nie persoonlike versorging in die teenwoordigheid van ander uitvoer nie. Van hierdie twee alternatiewe is dit die respondente van woonhuiskategorie 31 - 40 m<sup>2</sup> wat in die meerderheid na 'n ander vertrek sal gaan of mense vra om die vertrek te verlaat.

Tabel 5.18 Frekencies van die respondente se belewenis van persoonlike versorging

VRAELYSITEM	WOONHUISKATEGORIEë												TOTALE f UIT 200	% VAN f UIT 200			
	10 - 30 m <sup>2</sup>		31 - 40 m <sup>2</sup>		41 - 50 m <sup>2</sup>		51 - 60 m <sup>2</sup>		61 - 80 m <sup>2</sup>								
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%							
Vr. 8.4.1 Gereeldheid van persoonlike versorging in teenwoordigheid van ander																	
Altyd	10	15.63	13	25.0	3	7.14	2	10.0	1	4.55						29	
Meestal	1	1.56	4	7.69	4	9.52	1	5.0	1	4.55						11	
Somtyds	8	12.50	5	9.62	2	4.76	1	5.0	2	9.09						18	
Nooit	45	70.31	30	57.69	33	78.57	16	80.0	18	81.82						142	
	64		52		42		20		22							200	
+Vr. 8.4.2 Gevoel																	
Gebeur nie	48	75.0	32	61.54	34	80.95	17	85.0	19	86.36						150	
Word kwaad	0	0.0	3	5.77	3	7.14	1	5.0	0	0.0						7	
Voel bedreig	2	3.13	5	9.62	1	2.38	0	0.0	1	4.55						9	
Niks doen	4	6.25	4	7.69	0	0.0	1	5.0	0	0.0						9	
Pla nie	10	15.63	8	15.38	4	9.52	1	5.0	2	9.09						25	
	64		52		42		20		22							200	
	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%		
+Vr. 8.4.3 Doen																	
Gebeur nie	48	24.0	32.43	31	15.5	20.95	33	16.5	22.3	17	8.5	11.49	19	9.5	12.84	148	74.0
Gaan na ander vertrek	5	2.5	27.78	8	4.0	44.44	1	0.5	5.56	2	1.0	11.11	2	1.0	11.11	18	9.0
Vra mense om vertrek te verlaat	7	3.5	33.33	8	4.0	38.10	4	2.0	19.05	1	0.5	4.76	1	0.5	4.76	21	10.5
Maak deur toe	5	2.5	45.45	4	2.0	36.36	1	0.5	9.09	1	0.5	9.09	0	0.0	0.0	11	5.5
Ander	0	0.0	0.0	1	0.5	25.0	3	1.5	75.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	4	2.0

+ Indien die respondente in vraag 8.4.1 "Nooit" geantwoord het, is vraag 8.4.2 en 8.4.3 as "Gebeur nie met my nie", beantwoord.

Tabel 5.19 Frekwensie van skoolgaande kinders ten opsigte van skoolwerk

VRAELYSITEM	WOONHUISKATEGORIEë												TOTALE f UIT 100	% VAN f UIT 100			
	10 - 30 m <sup>2</sup>		31 - 40 m <sup>2</sup>		41 - 50 m <sup>2</sup>		51 - 60 m <sup>2</sup>		61 - 80 m <sup>2</sup>								
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%							
Vr. 8.5.1 In teenwoordigheid																	
Altyd	5	15.62	9	34.61	4	19.04	3	30.0	1	9.09						22	
Meestal	6	18.75	2	7.69	4	19.04	2	20.0	1	9.09						15	
Somtyds	7	21.87	2	7.69	2	9.52	3	30.0	3	27.27						17	
Nooit	14	43.75	13	50.0	10	47.61	2	20.0	6	54.54						45	
	32		26		21		10		11							100	
+Vr. 8.5.2 Gevoel																	
Gebeur nie	14	43.75	16	61.53	12	57.14	3	30.0	7	63.63						52	
Word kwaad	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	0.0	1	9.09						1	
Voel bedreig	0	0.0	2	7.69	1	4.76	0	0.0	0	0.0						3	
Niks doen	3	9.37	1	3.84	3	14.28	1	10.0	0	0.0						8	
Pla nie	15	46.87	7	26.92	5	23.80	6	60.0	3	27.27						36	
	32		26		21		10		11							100	
	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%		
+Vr. 8.5.3 Doen																	
Gebeur nie	15	15.0	26.32	19	19.0	33.33	12	12.0	21.05	3	3.0	5.26	8	8.0	14.04	57	57.0
Gaan na ander vertrek	4	4.0	18.18	4	4.0	18.18	7	7.0	31.82	4	4.0	18.18	3	3.0	13.64	22	22.0
Vra mense om vertrek te verlaat	9	9.0	69.23	1	1.0	7.69	1	1.0	7.69	2	2.0	15.38	0	0.0	0.0	13	13.0
Maak deur toe	3	3.0	42.86	2	2.0	28.57	1	1.0	14.29	1	1.0	14.29	0	0.0	0.0	7	7.0
Ander	1	1.0	100.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	1	1.0

+ Indien respondente in vraag 8.5.1 "Nooit" geantwoord het, is vraag 8.5.2 en 8.5.3 as "Gebeur nie met my nie", beantwoord.

Die resultate van Tabel 5.19 dui daarop dat 'n groot persentasie van die kinders van woonhuiskategorieë 10 - 30 m<sup>2</sup>, 41 - 50 m<sup>2</sup> en 61 - 80 m<sup>2</sup> nooit in die teenwoordigheid van ander skoolwerk doen nie. Na aanleiding van vraag 8.5.1 is die oorblywende respondente wat vraag 8.5.2 moes beantwoord van mening dat dit hulle in die meeste gevalle nie pla om skoolwerk in die teenwoordigheid van ander te doen nie. Van hierdie respondente sal die wat in woonhuiskategorie 41 - 50 m<sup>2</sup> val, die meeste na 'n ander vertrek gaan en respondente van woonhuiskategorie 10 - 30 m<sup>2</sup> sal in die meerderheid mense vra om die vertrek te verlaat om sodoende nie skoolwerk in die teenwoordigheid van ander te doen nie.

Die respons in Tabel 5.20 dui daarop dat die volwasse respondente van die vyf woonhuiskategorieë in die meeste gevalle nooit lees of skryfwerk in die teenwoordigheid van ander doen nie. Die respons op vraag 8.6.2 is ook 'n aanduiding dat dit die respondente wat hierdie vraag moes beantwoord vanuit die vyf woonhuiskategorieë meestal nie pla om leeswerk of skryfwerk in die teenwoordigheid van ander te doen nie. Hierdie respondente dui ook deur hulle respons op vraag 8.6.3 aan dat twee alternatiewe, naamlik "gaan na ander vertrek" en "vra mense om die vertrek te verlaat", in die meeste gevalle beoefen word. Van hierdie twee alternatiewe is meerderheid respons dat die respondente van woonhuiskategorie 31 - 40 m<sup>2</sup> wat na 'n ander vertrek gaan, terwyl respondente van woonhuiskategorie 10 - 30 m<sup>2</sup> mense vra om die vertrek te verlaat.

'n Profiel van die toekomstige woonhuisontwerp sal in die hieropvolgende resultate uiteengesit word.

Tabel 5.20 Frekwensie van volwassenes ten opsigte van leeswerk en skryfwerk

VRAELYSITEM	WOONHUISKATEGORIE <sup>a</sup>												TOTALE f UIT 100	% VAN f UIT 100				
	10 - 30 m <sup>2</sup>		31 - 40 m <sup>2</sup>		41 - 50 m <sup>2</sup>		51 - 60 m <sup>2</sup>		61 - 80 m <sup>2</sup>									
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%								
Vr. 8.6.1 In teenwoordigheid																		
Altyd	8	25.0	9	34.61	3	14.28	0	0.0	1	10.0								
Meestal	5	15.62	1	3.84	1	4.76	2	22.22	1	10.0								
Somtyds	8	25.0	6	23.0	3	14.28	3	33.33	3	30.0								
Nooit	11	34.37	10	38.46	14	66.66	5	55.55	6	60.0								
	32		26		21		10		11							100		
+Vr. 8.6.2 Gevoel																		
Gebeur nie	11	34.37	14	53.84	14	66.66	5	50.0	6	54.54							50	
Word kwaad	0	0.0	2	7.69	2	9.52	1	10.0	1	9.09							6	
Voel bedreig	4	12.5	0	0.0	0	0.0	1	10.0	1	9.09							6	
Niks doen	3	9.37	2	7.69	0	0.0	0	0.0	0	0.0							5	
Pla nie	14	43.73	8	30.76	5	23.80	3	30.0	3	27.27							33	
	32		26		21		10		11								100	
	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%			
+Vr. 8.6.3 Doen																		
Gebeur nie	11	11.0	22.0	14	14.0	28.0	14	14.0	28.0	5	5.0	10.0	6	6.0	12.0		50	50.0
Gaan na ander vertrek	8	8.0	32.0	9	9.0	36.0	4	4.0	16.0	1	1.0	4.0	3	3.0	12.0		25	25.0
Vra mense om vertrek te verlaat	7	7.0	50.0	2	2.0	14.28	2	2.0	14.28	2	2.0	14.28	1	3.0	7.14		14	14.0
Maak deur toe	3	3.0	33.33	1	1.0	11.11	1	1.0	11.11	2	2.0	22.22	2	2.0	22.22		9	9.0
Ander	3	3.0	100.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0		3	3.0

+ Indien respondente in vraag 8.6.1 "Nooit" geantwoord het, is vraag 8.6.2 en 8.6.3 as "Gebeur nie met my nie", beantwoord.

## **5.5 PROFIEL VAN DIE TOEKOMSTIGE WOONHUISONTWERP**

Die profiel van die toekomstige woonhuisontwerp word vanuit die respons op Afdeling B - Persoonlike belewenis van privaatheid van Vraelys B (Privaatheid), saamgestel. Die respons op vraag 7.1.8, 7.2.4, 7.3.5, 8.1.4, 8.2.4, 8.3.4, 8.4.4, 8.5.4 en 8.6.4 word gebruik om die toekomstige woonhuisontwerp volgens elk van die privaatheidscenario's vas te stel. Die respons op hierdie vrae word in Tabel 5.21 en Tabel 5.22 voorgestel.

Tabel 5.21 Frekwensies van toekomstige woonhuisontwerp ten opsigte van alleen wees van die individu en gesin en ongenooide vriende en gesinslede

VRAELYSITEM	WOONHUISKATEGORIEë															TOTALE f UIT 200	% VAN f UIT 200
	10 - 30 m <sup>2</sup>			31 - 40 m <sup>2</sup>			41 - 50 m <sup>2</sup>			51 - 60 m <sup>2</sup>			61 - 80 m <sup>2</sup>				
	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%		
Vr. 7.1.8 Individue alleen																	
Eie kamer	26	13.0	32.10	19	9.5	23.46	19	9.5	23.46	6	3.0	7.41	11	5.5	13.58	81	40.5
Vertrek verder weg	9	4.5	30.0	8	4.0	26.67	9	9.5	30.0	1	0.5	3.33	3	1.5	10.0	30	15.0
Vertrek beter gegroeper	8	4.0	30.77	9	4.5	34.62	2	4.0	7.69	4	2.0	15.38	3	1.5	11.54	26	13.0
Meer vertrekke	23	11.5	37.70	18	9.0	29.51	8	4.0	13.11	8	4.0	13.11	4	2.0	6.56	61	30.5
Groter vertrekke	17	8.5	40.48	7	3.5	16.67	10	5.0	23.81	5	2.5	11.90	3	1.5	7.14	42	21.0
Vertrekke minder sigbaar	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0
Beter strukturele afwerkings	7	3.5	46.67	2	1.0	13.33	4	2.0	26.67	2	1.0	13.33	0	0.0	0.0	15	7.5
Slegs gesinslede in woonhuis	7	3.5	43.75	5	2.5	31.25	2	1.0	12.5	1	0.5	6.25	1	0.5	6.25	16	8.0
Vr. 7.2.4 Gesin alleen																	
Eie woonhuis	9	4.5		4	2.0	21.05	2	1.0	10.53	2	1.0	10.53	2	1.0	10.53	19	9.5
(a) Slegs gesinslede	22	11.0	28.21	32	16.0	41.03	13	6.5	16.67	7	3.5	8.97	4	2.0	5.13	78	39.0
Groter woonhuis	22	11.0	36.07	14	7.0	22.95	13	6.5	21.31	5	2.5	8.20	7	3.5	11.48	61	30.5
(b) Ondeursigtige omheining	16	8.0	29.09	8	4.0	14.55	12	6.0	21.82	8	4.0	14.55	11	5.5	20.0	55	27.5
Digsluitende voorhek	16	8.0	38.10	8	4.0	19.05	7	3.5	16.67	6	3.0	14.29	5	2.5	11.90	42	21.0
Ander	1	0.5	100.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	1	0.5
Vr. 7.3.5 Ongenooïd																	
Ingeboude deure sonder slot	1	0.5	6.25	11	5.5	68.75	1	0.5	6.25	2	1.0	12.5	1	0.5	6.25	16	8.0
(c)Ingeboude deure met slot	59	29.5	33.52	41	20.5	23.3	40	20.0	22.73	18	9.0	10.23	18	9.0	10.23	176	88.0
Net deur wat toemaak	2	1.0	66.67	0	0.0	0.0	1	0.5	33.33	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	3	1.5

+ Chi - kwadraatpassingstoets op (a) waar p = 0.002; (b) waar p = 0.024; (c) waar p = 0.086

Die respons vir toekomstige woonhuisontwerp om te verseker dat die alleenwees scenario verkry word, dui daarop dat vir die individu om alleen te wees, die grootste frekwensie ten opsigte van 'n eie kamer, meer vertrekke en groter vertrekke is. Ten opsigte van hierdie drie kategorieë is dit die respondente van woonhuiskategorie 10 - 30 m<sup>2</sup> wat die meerderheid respons getoon het. Vir die gesin om alleen te wees is 'n meerderheid respons ten opsigte van slegs gesinslede in die woonhuis, groter woonhuis, ondeursigtige omheining en digsluitende voorhek gevind. Die respondente van woonhuiskategorie 10 - 30 m<sup>2</sup> het in die meerderheid gevalle die laaste drie alternatiewe verkies, terwyl respondente van woonhuiskategorie 31 - 40 m<sup>2</sup> die grootste respons ten opsigte van slegs gesinslede in die woonhuis getoon het. Die meerderheid respons van al die respondente van die vyf woonhuiskategorieë is ten opsigte van ingeboude deure met slot gevind om ongenooide vriende en gesinslede te beperk, waarvan respondente van die woonhuiskategorie 10 - 30 m<sup>2</sup> die meeste respons getoon het.

Tabel 5.22 Frekwensies van toekomstige woonhuisontwerp ten opsigte van die beheer van inligting

VRAELYSITEM	WOONHUISKATEGORIEë															TOTALE f UIT 200	% VAN f UIT 200
	10 - 30 m <sup>2</sup>			31 - 40 m <sup>2</sup>			41 - 50 m <sup>2</sup>			51 - 60 m <sup>2</sup>			61 - 80 m <sup>2</sup>				
	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%		
<b>Vr. 8.1.4 Aktiwiteite</b>																	
Beter strukturele afwerkings	12	6.0	36.36	13	6.5	39.39	4	2.0	12.12	3	1.5	9.09	1	0.5	3.03	33	16.5
Beter konstruksietegnieke	17	8.5	39.53	7	3.5	16.28	7	3.5	16.28	6	3.0	13.95	6	3.0	13.95	43	21.5
Afsonderlike vertrekke	20	10.0	32.26	19	9.5	30.65	10	5.0	16.13	6	3.0	9.68	7	3.5	11.29	62	31.0
Vertrekke minder sigbaar	7	3.5	43.75	6	3.0	37.50	1	0.5	6.25	1	0.5	6.25	1	0.5	6.25	16	8.0
Meer vertrekke	27	13.5	33.33	14	7.0	17.28	23	11.5	28.4	8	4.0	9.88	9	4.5	11.11	81	40.5
Ander	0	0.0	0.0	1	0.5	50.0	1	0.5	50.0	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	2	1.0
<b>Vr. 8.2.4 Persoonlike besittings</b>																	
Meer vertrekke	17	8.5	40.48	10	5.0	23.81	8	4.0	19.05	4	2.0	9.53	3	1.5	7.14	42	21.0
Ondeursigtige skeiding	12	6.0	32.43	9	4.5	24.32	8	4.0	21.62	3	1.5	8.11	5	2.5	13.51	37	18.5
Groter vertrekke	10	5.0	28.57	13	6.5	37.14	6	3.0	17.14	4	2.0	11.43	2	1.0	5.71	35	17.5
Elke vertrek met deur en slot	41	20.5	34.17	29	14.5	24.17	21	10.5	17.5	16	8.0	13.33	13	6.5	10.83	120	60.0
<b>Vr. 8.3.4 Aan - /Uittrek</b>																	
Eie slaapkamer	28	14.0	30.77	22	11.0	24.18	19	9.5	20.88	11	5.5	12.09	11	5.5	12.09	91	45.5
Vertrek verder weg	4	2.0	36.36	3	1.5	27.27	2	1.0	18.18	2	1.0	18.18	0	0.0	0.0	11	5.5
Vertrekke beter groepeer	9	4.5	47.37	4	2.0	21.05	3	1.5	15.79	1	0.5	5.26	2	1.0	10.53	19	9.5
Meer vertrekke	26	13.0	40.63	18	9.0	28.13	11	5.5	17.19	5	2.5	7.81	4	2.0	6.25	64	32.0
Groter vertrekke	14	7.0	45.16	5	2.5	16.13	5	2.5	16.13	3	1.5	9.68	4	2.0	12.9	31	15.5
Meer afgesonderde	2	1.0	18.18	3	1.5	27.27	3	1.5	27.27	2	1.0	18.18	1	0.5	9.09	11	5.5
Beter strukturele afwerkings	6	3.0	33.33	6	3.0	33.33	2	1.0	11.11	3	1.5	16.67	1	0.5	5.56	18	9.0
<b>Vr. 8.4.4 Persoonlike versorging</b>																	
(a) Eie slaapkamer	31	15.5	36.05	25	12.5	29.07	9	4.5	10.47	12	6.0	13.95	9	4.5	10.47	86	43.0
Vertrekke verder weg	3	1.5	25.0	4	2.0	33.33	2	1.0	16.67	1	0.5	8.33	2	1.0	16.67	12	6.0
Vertrekke beter groepeer	3	1.5	25.0	5	2.5	41.67	2	1.0	16.67	1	0.5	8.33	1	0.5	8.33	12	6.0
(b)Meer vertrekke	27	13.5	34.62	18	9.0	23.08	23	11.5	29.49	3	1.5	3.85	7	3.5	8.98	78	39.0
Groter vertrekke	11	5.5	52.38	3	1.5	14.29	2	1.0	9.52	3	1.5	14.29	2	1.0	9.52	21	10.5
Meer afgesonderde	2	1.0	16.67	3	1.5	25.0	1	0.5	8.33	3	1.5	25.0	3	1.5	25.0	12	6.0
Beter strukturele afwerkings	6	3.0	33.33	5	2.5	27.78	3	1.5	16.67	3	1.5	16.67	1	0.5	5.56	18	9.0

Tabel 5.22 (Vervolg)

VRAELYSITEM	WOONHUISKATEGORIEë															TOTALE f UIT 100	% VAN f UIT 100
	10 - 30 m <sup>2</sup>			31 - 40 m <sup>2</sup>			41 - 50 m <sup>2</sup>			51 - 60 m <sup>2</sup>			61 - 80 m <sup>2</sup>				
	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%	f	%	k%		
<b>Vr. 8.5.4 Skoolwerk</b>																	
Eie slaapkamer	12	12.0	26.67	14	14.0	31.11	5	5.0	11.11	6	6.0	13.33	8	8.0	17.78	45	45.0
Vertrekke verder weg	4	4.0	21.05	6	6.0	31.58	3	3.0	15.79	2	2.0	10.53	4	4.0	21.05	19	19.0
Vertrekke beter groepeer	2	2.0	25.0	3	3.0	37.5	1	1.0	12.5	2	1.0	25.0	0	0.0	0.0	8	8.0
Meer vertrekke	15	15.0	44.12	6	6.0	17.65	12	12.0	35.29	0	0.0	0.0	1	1.0	2.94	34	34.0
(c)Groter vertrekke	7	7.0	58.33	0	0.0	0.0	2	2.0	16.67	2	2.0	16.67	1	1.0	8.33	12	12.0
Meer afgesonderde	0	0.0	0.0	1	1.0	33.33	0	0.0	0.0	2	2.0	66.67	0	0.0	0.0	3	3.0
Beter strukturele afwerkings	2	2.0	66.67	0	0.0	0.0	1	1.0	33.33	0	0.0	0.0	0	0.0	0.0	3	3.0
<b>Vr. 8.6.4 Leeswerk/Skryfwerk</b>																	
Eie slaapkamer	8	8.0	33.33	7	7.0	29.17	4	4.0	16.67	4	4.0	16.67	1	1.0	4.17	24	24.0
Vertrekke verder weg	3	3.0	33.33	2	2.0	22.22	0	0.0	0.0	2	2.0	22.22	2	2.0	22.22	9	9.0
Vertrekke beter groepeer	4	4.0	33.33	4	4.0	33.33	2	2.0	16.67	0	0.0	0.0	2	2.0	16.67	12	12.0
Meer vertrekke	16	16.0	40.0	6	6.0	15.0	10	10.0	25.0	4	4.0	10.0	4	4.0	10.0	40	40.0
Groter vertrekke	8	8.0	38.10	7	7.0	33.33	2	2.0	9.54	4	4.0	19.05	0	0.0	0.0	21	21.0
Meer afgesonderde	4	4.0	33.33	4	4.0	33.33	2	2.0	16.67	0	0.0	0.0	2	2.0	16.67	12	12.0
Beter strukturele afwerkings	7	7.0	38.89	4	4.0	22.22	1	1.0	5.56	4	4.0	22.22	2	2.0	11.11	18	18.0

+ Chi - kwadraatpassingstoets op (a) waar p = 0.0020; (b) waar p = 0.034; (c) p = 0.009

Die respons wat in Tabel 5.22 weergegee word ten opsigte van toekomstige woonhuisontwerp om beheer oor inligting uit te oefen lewer deurgaans meerderheid respons ten opsigte van bepaalde scenario's. Die respondente van woonhuiskategorie 10 - 30 m<sup>2</sup> toon 'n meerderheid respons vir die toekomstige woonhuisontwerp om aktiwiteite in afsondering uit te voer meestal deur beter konstruksietegnieke in die woonhuis in te sluit. Die respondente van hierdie woonhuiskategorie toon ook 'n meerderheid respons om persoonlike besittings in toekomstige woonhuisontwerp privaat te hou deur elke vertrek met 'n slot te beplan. Vir die toekomstige woonhuisontwerp en aan- en uittrek in die teenwoordigheid van ander te beperk, is 'n meerderheid respons ten opsigte van 'n slaapkamer, meer vertreke en groter vertreke ontvang, waarvan respondente van 10 - 30 m<sup>2</sup> woonhuise die meerderheid respons getoon het. Die resultate toon ook dat twee kategorieë, naamlik 'n eie slaapkamer en meer vertreke 'n meerderheid respons gekry het om te verhoed dat persoonlike versorging in die teenwoordigheid van ander uitgevoer word. In hierdie kategorieë het die respondente van 10 - 30 m<sup>2</sup> woonhuiskategorie 'n meerderheid respons getoon. Die kinders is van mening dat twee vraelysalternatiewe, naamlik die eie slaapkamer en meer vertreke in die toekomstige woonhuisontwerp ingesluit moet word om te verseker dat skoolwerk nie in die teenwoordigheid van ander uitgevoer word nie. Vir hierdie twee kategorieë is 'n meerderheid respons deur respondente van woonhuiskategorie 31 - 40 m<sup>2</sup> vir 'n eie slaapkamer en respondente van 10 - 30 m<sup>2</sup> vir meer vertreke, getoon. Die volwasse respondente toon 'n meerderheid respons vir drie alternatiewe, naamlik die slaapkamer, meer vertreke en groter vertreke om te verseker dat lees- en skryfwerk nie in die teenwoordigheid van ander uitgevoer word nie. Vir hierdie drie alternatiewe het die respondente van woonhuiskategorie 10 - 30 m<sup>2</sup> 'n meerderheid respons getoon.

## 5.6 SLOT

In hierdie hoofstuk is die resultate wat van die verskillende meetinstrumente verkry is, bespreek en die opvallendste resultate uitgelig. Die volgende hoofstuk sal 'n bespreking van hierdie resultate lewer om die subjektiewe belewenis van privaatheid in die informele-woonhuisontwerp onder Tswanasprekende inwoners van die Noordwes Provinsie te verklaar.

# HOOFSTUK 6

## GEVOLGTREKKING

### 6.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die resultate wat in Hoofstuk 5 bespreek is as 'n geheel te integreer. Die resultate sal aan die hand van die subdoelstellings van hierdie studie voorgestel word (vgl. Par. 1.3.2). Waar moontlik sal die resultate van vorige studies met dié van hierdie studie vergelyk word.

#### 6.1.1 Die samestelling van 'n biografiese profiel van die inwoners van informele woonhuise

Om vas te stel wat die belewenis van privaatheid van die Tswanasprekendes van informele woonhuise is, was dit nodig om eerstens te bepaal wie die inwoners van die informele woonhuise was (vgl. Tabel 5.1). Daar is gevind dat die informele huishouding hoogstens twee volwassenes en tussen drie en vyf kinders huisves, wat as gesin die informele woonhuis op weksdae en oor naweke beset. Hierdie huishouding word ook gekenmerk deur 'n gemiddelde maandelikse inkomste van tussen R200 en R599. Volgens die Witskrif van die Departement van Behuising (1994:9) het 3,30 miljoen huishoudings 'n maandelikse inkomste tussen R0 - R800 vir die jaar 1995 gehad. Die lae inkomste per huishouding kan toegeskryf word aan die feit dat slegs een van die gesinslede 'n voltydse werk het en ander gesinslede wat 'n finansiële bydrae tot die huishouding kan maak skoolgaande of werkloos is of 'n tydelike werk het. Kellett (1992:354) is van mening dat daar 'n verband tussen behuisingsomstandighede en inkomste bestaan. Volgens De Beer (1989:73) en Kellett (1992:354) het inwoners met die laagste inkomste beperkte behuisingsopsies wat hulle verplig om van behuising wat die minste finansiële implikasies het, gebruik te maak. Die inwoners van die informele woonhuise in Uitbreiding Een te Boikutso is ongeveer een tot vyf jaar

woonagtig in die informele woonhuis waarvan hulle alleeneienaars is. Die studiepopulasie is dus slegs 'n kort tyd woonagtig in die informele nedersetting wat deel van die formele munisipale uitbreiding in Lichtenburg te Boikutso is.

## **6.1.2 Die samestelling van 'n profiel van die geboude informele woonhuis**

### *6.1.2.1 Fisiese waarneming van die huidige geboude informele woonhuis (vgl. Par. 5.3.1)*

Die bevindinge van hierdie studie dui daarop dat die informele woonhuise wat in Uitbreiding Een te Boikutso voorkom, wel van gegalvaniseerde sinkplaat gebou word (vgl. Tabel 5.2). Hierdie vorm van konstruksie strook met Kganakga (1994:65) se beskrywing van informele woonhuise in Alexandra, Suid-Afrika. Weens die feit dat die informele woonhuis van nie-formele boumateriaal gebou word, word hierdie vorm van behuising in Suid-Afrika as onvoldoende beskou. Volgens De Beer (1993:113) word 'n standaardwoonhuis van bakstene gebou, bevat 'n gegalvaniseerde sinkdak en het aanvaarbare fasiliteite. Okpala (1987:141) maak melding van die feit dat alhoewel informele woonhuise van informele materiaal of tradisionele materiaal gebou word, hierdie woonhuise nie noodwendig van 'n onaanvaarbare lae standaard is nie.

Alhoewel die konstruksiemateriaal van die informele woonhuis nie aan die algemene standaard voldoen nie, beskik die informele woonhuis tog oor 'n ruimtelike organisering wat kenmerkend van 'n Westerse benadering is. Dit is veral die vorm van die vloerplan en die aard van die ruimtelike sones wat die ruimtelike uitleg van die Westerse woonhuis uitmaak.

Die vorm van die vloerplan van die informele woonhuis is hoofsaaklik reghoekig of vierkantig met 'n vloerplanoppervlakte van 10 - 30 m<sup>2</sup> en vier vertrekke van ongeveer 8 - 11 m<sup>2</sup> (vgl. Tabel 5.8). Volgens Sadalla en Oxley

(1984:403) mag die reghoekige woonhuisvorm groter in vorm waargeneem word. Kganakga (1994:65) het ook gevind dat die tipiese informele woonhuis in Alexandra Suid-Afrika gemiddeld twee by drie vierkante meter groot was. Hierdie vloerplan neem 'n geslote karakter aan wat baie voordelig vir die handhawing van privaatheid in die woonhuis is (vgl. Par. 3.3.2.2.1). Dit is ook opmerklik dat die inwoners van informele woonhuise die geslote vloerplanopsie verkies wat grootliks toegeskryf kan word aan die mate van privaatheid wat die individu of gesin binne die woonhuis verkry (vgl. Tabel 5.7). Die waarde van die geslote en afgesonderde aard van die slaapkamers as geslote vertrekke kan ook algemeen aanvaar word.

Daar is ook gevind dat die inwoners nie ten gunste van 'n oop vloerplanontwerp in die informele woonhuis was nie (vgl. Tabel 5.7). Hierdie tendens hou verband met die vermindering in privaatheid weens die feit dat vertrekke nie geheel en al akoesties en visueel privaat is as gevolg van die oop aaneengeskakelde ontwerp van die vloerruimte nie (vgl. Par. 3.3.2.2.2). Alhoewel die inwoners nie heeltemal ten gunste van 'n oop vloerplanontwerp was nie, het hulle tog gepaste vertrekke aanbeveel wat as oop vloerplankombinasies gebruik kan word, naamlik die kombuis/eetkamer of kombuis/sitkamer (vgl. Tabel 5.7). Hierdie oop vloerplankombinasies kom algemeen in die Westerse woonhuisontwerp voor (Kilmer & Kilmer, 1992:283).

Die Westerse woonhuis word verder deur die gebruik van ruimtelike sones gekenmerk. Vanuit 'n Westerse ontwerpperspektief bestaan daar drie primêre ruimtelike sones, naamlik die private, sosiale en werksone wat deur spesifieke aktiwiteite en vertrekke gekenmerk word (vgl. Par. 3.3.2.3). Hierdie drie primêre sones word ook in die informele-woonhuisontwerp aangetref.

Die private sone, volgens die Westerse perspektief, bestaan hoofsaaklik uit slaapkamers, badkamers en ander private vertrekke (Nissen *et al.*, 1994:187) (vgl. Par. 3.3.2.3.2). In die private sone van die informele woonhuis wat

hoofsaaklik uit die slaapkamers bestaan word geslaap, aan- en uitgetrek, en persoonlike versorging gedoen. Hierdie vertrek is ook deur die inwoners as die belangrikste vertrek gekies en dit is die vertrek waarheen die inwoners gaan om alleen te wees (vgl. Tabel 5.6 & 5.7). Alhoewel slaapkamers verkies word as die vertrek wat privaatheid aan die inwoners van informele woonhuise bied, is dit ook die gebruik van binnenshuise ontwerpalternatiewe wat privaatheid ondersteun (vgl. Par. 3.3.3.3). Dit is veral die gebruik van strukturele elemente soos deure, vensters en mure wat van belang is tydens die handhawing van privaatheid.

Die resultate toon dat slaapkamers van die vertreke is wat nie vensters bevat nie, maar dat die slaapkamers wat wel vensters het, glasruite het wat onder meer met kantgordyne en/of digte gordyne afgewerk word (vgl. Tabel 5.2 & 5.3). Volgens Schwartz (1968:747) reguleer die gebruik van gordyne as vensterafwerking die sigbaarheid van die individu in die fisiese struktuur (vertrek)(vgl. Par. 3.3.3.3.1(b)). Die mate waarin die afwerking van die venster privaatheid reguleer, word dus bepaal deur die digtheid en kwaliteit van die vensterafwerkings.

'n Volgende strukturele element, naamlik deuropeninge en die afwerking daarvan lewer 'n bydrae tot die handhawing van privaatheid in die woonhuis, deurdat dit die grens tussen die individu en ander vorm (Schwartz, 1968:747)(vgl. Par. 3.3.3.3.1(a)). Volgens Schwartz (1968:748) word die gebruik van deure en deuropeninge deur bepaalde reëls gekenmerk wat deur lede van die gesin gerespekteer moet word. Binne die Westerse samelewing is 'n toe deur en deuropening 'n teken van privaatheid wat deur die lede gerespekteer word. Dit blyk uit die resultate dat die inwoners van die informele woonhuis wel hierdie gebruik respekteer en nie 'n vertrek sonder toestemming sal binnegaan nie (vgl. Tabel 5.14). In die informele woonhuis word deuropeninge in die slaapkamer met gordynmateriaal afgewerk (vgl. Tabel 5.3). Dit is veral die digtheid en kwaliteit van hierdie afwerkingsmetode wat 'n effek het op die mate waarin toegang tot die individu binne die privaatheid van die slaapkamer beheer word.

Volgens Schwartz (1968:749) bied mure as strukturele element die skeiding wat interaksie beperk en wat aan die individu beheer verleen (vgl. Par. 3.3.3.3.1(c)). Die geslote voorkoms wat mure bied, dra dus by tot die handhawing van privaatheid. Die slaapkamer in die informele woonhuis wat die private sone verteenwoordig, word gekenmerk deur gordynmateriaal wat as skeidingsmure tussen slaapkamers en ander vertrekke dien (vgl. Tabel 5.4). Die aard van hierdie skeidingsmateriaal kan dus 'n invloed op die akoestiese en visuele aard van privaatheid van die individu hê. Die inwoners was dit grootliks eens dat hierdie skeidingsmateriaal nie-klankdig is en daarom nie algehele afsondering en privaatheid bied nie (vgl. Tabel 5.10).

Bo en behalwe die strukturele aard van die ontwerpalternatiewe wat vir privaatheid toegepas word, is dit die primêre belang van die private sone om te verseker dat die vertrekke werklik privaat is (Nissen *et al.*, 1994:187). Wanneer die private sone ten opsigte van hierdie kriteria geëvalueer word, blyk dit dat die slaapkamer sigbaar vanaf ander vertrekke is, vanuit die kombuis en sitkamer bereikbaar is en so geplaas is dat almal kan sien as die individu die vertrek binnegaan of verlaat (vgl. Tabel 5.4). Weens die feit dat die private sone in die informele woonhuis dus so visueel is kan die private aard daarvan betwyfel word.

Die twee laaste sones, naamlik die sosiale en werksone word gekenmerk aan 'n minder private ontwerpbenadering, maar die private aard daarvan is afhanklik van die individu wat die sones gebruik (vgl. Par. 3.3.2.3.3 & 3.3.2.3.4). In die informele woonhuis vervul hierdie sones ook 'n minder private en meer sosiale funksie wat hierdie vertrekke onbelangrik laat vir privaatheidsdoeleindes (vgl. Tabel 5.6). Die konstruksie en afwerkingsmateriaal bepaal ook hier die mate van privaatheid wat die individu sal beleef, maar dit is nie van belang vir hierdie studie nie.

### 6.1.2.2 *Ontwerp van die huidige informele woonhuis (vgl. Par. 5.3.2)*

Die Westerse benadering van die ontwerp van 'n woonhuis as beboude omgewing is dat dit deur 'n professionele ontwerper gedoen word. Anzorena (1993:59) is van mening dat hierdie 'n onbekende veld vir die inwoners van informele woonhuise is wat hul woonhuis as 'n selfgeboude struktuur oprig. Die inwoners van die informele woonhuise wat aan hierdie studie deelgeneem het, het ook hul eie woonhuise opgerig wat hoofsaaklik uit vier vertrekke bestaan het waarvan twee vertrekke slaapkamers was (vgl. Tabel 5.5).

Daar word van die professionele ontwerper verwag om 'n beboude omgewing te skep wat in die behoeftes van die individu soos onder meer privaatheid voldoen. Indien die beboude omgewing nie aan die vereiste en behoeftes van die individu voldoen nie, kan ontevredenheid met die beboude omgewing heers. Die ontevredenheid met die omgewing word toegeskryf aan die ontstaan van die ontwerp-gaping (vgl. Par. 3.4.2) weens die feit dat die professionele ontwerper nie die behoeftes van die individu geïdentifiseer het en deur die beboude omgewing daaraan voldoen het nie (Zeisel, 1981:35). Die ontwerp-gaping kan egter voorkom word deur die individu wat die verbruiker van die beboude omgewing is, in te sluit in die ontwerp en beplanning van die woonhuis, waardeur verseker word dat in die behoeftes voorsien word (Saegert en Winkel, 1990:470; Sommer, 1983:117)(vgl. Par. 3.4.3). Dit is egter die scenario wat afspeel wanneer 'n professionele ontwerper die beboude omgewing ontwerp. Vir die onprofessionele ontwerper wat die informele woonhuis oprig, geld dieselfde scenario. Die ontwerp-gaping kan ontstaan wanneer die onprofessionele ontwerper onbewus van basiese behoeftes van die individu is en 'n beboude omgewing willekeurig oprig sonder om privaatheid in ag te neem. Die ontstaan van die ontwerp-gaping kan ook by die onprofessionele ontwerper voorkom word deur die inwoners van die informele woonhuis by die ontwerp te betrek waardeur hul behoeftes geïdentifiseer en in ag geneem word (vgl. Par. 3.4.4)

In hierdie studie is daar gevind dat die ontwerp van die informele woonhuis tot ontevredenheid met die beboude omgewing mag lei en dat privaatheidsbehoefes nie noodwendig in ag geneem word nie. Daar is gevind dat die vader van die huishouding alleen die besluite tydens die ontwerp en oprigting van die woonhuis neem en dat die inwoners se insette alleenlik tydens die bou van die woonhuis gevra word (vgl. Tabel 5.5). Hierdie metode laat ruimte vir die ontwerpgaping om te ontstaan wat ontevrede inwoners ten opsigte van hul privaatheidsbehoefes betref. Die onprofessionele ontwerper dra dus die verantwoordelikheid om die privaatheidsbehoefes van die individu binne die informele beboude omgewing te akkommodeer. Volgens Wilmoth (1982:97) het die ontwerper die grootste mag om privaatheid te bepaal.

### **6.1.3 Die bepaling van die belewenis van privaatheid in die informele woonhuis**

In hierdie studie word daar deurgaans op die belewenis van privaatheid binne die informele woonhuis gefokus. Die aard van die individu se behoefte aan privaatheid word vervat in die basiese toestande van privaatheid wat verskillende vorme van alleenwees insluit. Die basiese toestande van privaatheid wat op hierdie studie betrekking het, is onder meer afsondering, reservering, intimiteit en nie-buurlikheid (Marshall, 1974:262; Westin, 1970:18). Dit blyk vanuit die resultate dat die inwoners van die informele woonhuis dit onbelangrik ag om alleen te wees (vgl. Tabel 5.11). Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die inwoners aan hul omstandighede gewoond geraak het en dat die kultuur van die inwoners die belangrikheid van die aard van privaatheid bepaal. Daar is ook gevind dat inwoners van 10 - 30 m<sup>2</sup> informele woonhuise tog somtyds alleen wil wees (vgl. Tabel 5.11). Dit blyk ook dat die inwoners van die vyf woonhuiskategorieë nooit in enige vertrek in die informele woonhuis alleen kan wees nie (vgl. Tabel 5.11). Weens die feit dat die informele woonhuis ongeveer vyf tot sewe individue huisves en die meerderheid informele woonhuise 10 - 31 m<sup>2</sup> groot is, met ongeveer vier vertrekke, is dit moontlik dat

die gebrek aan ruimte weens die aantal inwoners daartoe lei dat hulle nooit in enige vertrek alleen kan wees nie (vgl. Tabel 5.1; 5.11). Oseland en Raw (1991:347) beweer dat meer individue in die woonhuis met onvoldoende ruimte in die woonhuis geassosieer word wat toegeskryf word aan die grootte van die vertrekke.

In die vorige afdeling is daar veral gefokus op die private aard van die ruimtelike organisering van die woonhuis en is die slaapkamer as private vertrek in die informele woonhuis geïdentifiseer. Dit blyk uit die studie dat die slaapkamers in al vyf die woonhuiskategorieë met nie meer as twee ander inwoners gedeel word nie (vgl. Tabel 5.10). Kganakga (1994:65) omskryf die omstandighede in die informele woonhuis in Alexandra as tipies aan dit wat in hierdie studie gevind is. Daar is ook gevind dat 'n bed, toebehore en vloerruimte in die slaapkamer met die inwoners gedeel word (vgl. Tabel 5.10). Volgens Hollahan (1982:250) kan die slaapkamer as terrein geïdentifiseer word waardeur die individu privaatheid kan verkry. Dit blyk dat inwoners nie ruimte identifiseer wat deur hulle beheer word nie, weens die feit dat die individu die ruimte en toebehore deel (vgl. Tabel 5.10). Dit het veral na vore gekom dat die inwoners van die twee kleinste woonhuise ontevrede met die heersende omstandighede is. Daarom kan aanvaar word dat omdat inwoners slaapkamers sowel as toebehore deel, hul privaatheid benadeel word deurdat die mate van beheer wat 'n belangrike aspek in die ontwikkeling van die self is, geaffekteer word (Germain, 1991:34).

Weens die feit dat die inwoners van al vyf die woonhuiskategorieë dit nie belangrik ag om alleen te wees nie, is dit ook van pas dat die toestand van reservering nie gebruik word om privaatheid te verkry nie. Vir die inwoners wat wel hierdie toestand van privaatheid toepas, is dit al manier waardeur privaatheid verseker kan word (vgl. Tabel 5.12). Dit word moontlik toegeskryf aan die aantal inwoners van die informele woonhuis. Dit blyk ook dat hierdie privaatheidstoestand toegepas word omdat die ruimtelike ontwerp onvoldoende is weens te min en te klein vertrekke in die informele woonhuis wat veral by die kleinste woonhuiskategorie voorkom. Omdat die inwoners

van informele woonhuise van al vyf die woonhuiskategorieë dit onbelangrik ag om alleen te wees, regverdig die feit dat dit hulle ook nie plaas hulle nie alleen en privaat in die informele woonhuis kan wees nie.

Die toestand van afsondering gaan gepaard met die ontwikkeling van die self van die individu (Taylor & Ferguson, 1979:288) en dit is moontlik dat die ontwikkeling van die self van ander kulturele faktore afhanklik is. Die feit dat reservering, wat veral met die weerhouding van inligting aangaande die self gepaard gaan (Proshansky *et al.*, 1976:176), nie toegepas word nie, kan moontlik toegeskryf word aan kulturele faktore van die sosiale aard van die inwoners. Die informele woonhuis kan ook nie gedrag akkommodeer nie, wat die inwoners neig om hierdie gedrag as onbelangrik te aanvaar.

Wanneer privaatheid binne die konteks van die gesin benader word, is dit veral die toestand van nie-buurlikheid wat na vore kom. Uit die resultate is dit duidelik dat die inwoners van informele woonhuise altyd as gesin alleen gelaat word en dat dit hulle ook nie plaas indien die gesin nie privaat kan wees nie. Dit kan moontlik aan die sosiale aard van hul kultuur toegeskryf word. Dit is kenmerkend dat die inwoners van die twee kleinste woonhuiskategorieë weens die gebrek aan ruimte in die informele woonhuis deuropeninge toemaak en bure vra om hulle alleen te laat om te verseker dat hulle privaat is wat daarop dui dat van nie-verbale en verbale gedragsmeganismes gebruik gemaak word om privaatheid te verseker.

Privaatheid handel ook oor die beheer van sosiale interaksie waardeur beheer oor die onthulling van die persoonlike inligting uitgevoer word (Viljoen, 1987:103). Binne die informele woonhuis is dit veral die uitvoer van spesifieke take wat onder die soeklig van privaatheid kom (vgl. Par. 5.4.3). Daar is gevind dat die individu van die informele woonhuis dit altyd regkry om alleen te werk en nie aan of uit te trek of persoonlike versorging in die teenwoordigheid van ander toe te pas nie (vgl. Tabel 5.15; 5.17; 5.18). Dit blyk dus dat die inwoners interaksie kan beperk, maar dit is ook duidelik dat dit nie die respondente plaas hulle nie interaksie kan beperk nie. Dit is egter

opmerklik dat inwoners van die kleinste woonhuiskategorie interaksie beperk deur deuropeninge toe te maak, te wag tot donker om alleen taakverrigting uit te voer en na ander vertrekke gaan of ander vra om die vertrek te verlaat. Dit blyk dus dat die verbale en nie-verbale gedragsmeganismes in die meerderheid gevalle deur die inwoners van die informele woonhuise toegepas word om privaatheid te verkry.

#### **6.1.4 Profiel van die toekomstige woonhuisontwerp vir privaatheid**

Keeley en Edney (1983:225) het in hul studie aangaande woonhuisontwerp vir privaatheid, sekuriteit en sosiale interaksie onder voorgraadse omgewingsontwerpstudente gevind dat woonhuise vir privaatheid groter vertrekke gehad het, wat daarop dui dat inwoners hulself kan afsonder of isoleer. Die inwoners van die informele woonhuis is gevra om hul mening aangaande toekomstige woonhuisontwerp vir privaatheid te gee. Dit blyk uit die resultate dat dit veral die bewoners van die kleinste woonhuise was wat ruimtelike veranderinge sou aanbring aan die toekomstige woonhuisontwerp. Dit sluit onder meer groter en meer vertrekke in sowel as die toekenning van persoonlike of eie slaapvertrekke vir die individu (vgl. Par 5.5). Hul voorkeur het ook 'n enkelgesinwoning alleen op 'n erf met gesinslede as inwoners ingesluit. Welch (1988:27) beweer ook dat alleenstaande enkelgesinwoning verkies word wat meer privaatheid bied. Weens die feit dat die L-vormige vertrek 'n bevredigende vlak van privaatheid bied (Miller en Schlitt, 1985:31) kan hierdie vloerplanvorm ook 'n bydrae tot die handhawing van privaatheid bied, aangesien private vertrekke in een vleuel gekonsentreer word. Dus kan tot die slotsom gekom word dat die toekomstige woonhuisontwerp 'n verbetering op die grootte van die huidige informele woonhuis moet wees waardeur meer private ruimte aan die individu van die huishouding toegesê word. Alhoewel ruimtelike vergroting van die woonhuis vir die individu 'n beter opsie ten opsigte van privaatheid is, het die individu ook deure met slotte as 'n strukturele verandering aanbeveel wat dui op 'n meer versekerde en nie-indringbare vorm van privaatheid wat deur die omgewing gebied moet word. Sodoende word interaksie beperk.

### 6.1.5 Opsomming

In hierdie hoofstuk is die inwoners van informele woonhuise geïdentifiseer en omskryf. Faktore wat bydra tot die aard van hul behuisingsituasie is onder meer die lae inkomste van die huishouding. Die aantal inwoners wat 'n deel kan bydra tot die finansiële posisie van die gesin is egter ook beperk.

Die informele woonhuis as ruimtelike omgewing is omskryf en in terme van die vloerplan, grootte van die woonhuis en die gebruik van strukturele elemente geëvalueer. Die aard van hierdie komponente het almal 'n effek op die mate van privaatheid wat ervaar word. Daar is ook gefokus op die ontwerp van die informele woonhuis en die ontstaan van 'n moontlike ontwerpgaping weens die onbetrokkenheid van inwoners in die ontwerpproses.

Die belewenis van privaatheid van die inwoners van die informele woonhuis is ook ondersoek. Alhoewel die meerderheid inwoners privaatheid en die konsep van alleenwees as onbelangrik beskou, was dit tog opmerklik dat die inwoners van die kleinste woonhuiskategorie wel somtyds die behoefte aan privaatheid erken. Die enigste vertrek wat werklik privaatheid aan die individu bied, is die slaapkamer, al word hierdie vertrek met ander inwoners gedeel.

Dit blyk ook dat die inwoners nie geïmpak word indien hulle nie privaatheid beleef nie, deurdat hulle by magte is om sosiale interaksie te beheer. In sommige gevalle word verbale en nie-verbale gedragsmeganismes gebruik om die verkose vlak van privaatheid te verseker.

Daar is ook gepoog om die toekomstige woonhuis volgens die behoefte van die inwoners van die informele woonhuis te identifiseer. Hieruit is dit duidelik dat die ruimtelike en nie-indringbare aard van die woonhuis verander moet word en dat daar meer aandag aan die persoonlike individuele behoefte van die individu ten opsigte van sy/haar eie ruimte gegee moet word.

# **HOOFSTUK 7**

## **SAMEVATTING**

### **7.1 INLEIDING**

In hierdie hoofstuk word die doel en metode sowel as die hoofbevindinge van die studie kortliks saamgevat met spesifieke verwysing na die bydrae wat navorsing aangaande privaatheid binne die informele-woonhuisontwerp in Suid-Afrika kan lewer. Aanbevelings om privaatheid te bevorder word ook gemaak aangaande toekomstige woonhuisontwerp in Suid-Afrika. Moontlike leemtes betreffende hierdie studie word ook uitgewys waarna aanbevelings vir verdere navorsing gemaak word.

### **7.2 DOEL VAN DIE STUDIE**

Die doel van hierdie studie is om die subjektiewe belewenis van privaatheid in die informele-woonhuisontwerp onder Tswanasprekende inwoners van die Noordwes Provinsie te ondersoek.

### **7.3 EMPIRIESE METODE VAN DIE STUDIE**

Ten einde dit na te vors, is twee vraelyste aangaande informele-woonhuisontwerp en privaatheidsbelewenis ontwikkel. Vloerplanne is ook gebruik om die profiel van die informele-woonhuisontwerp saam te stel. Twee loodsstudies is uitgevoer waarna die studie 'n aanvang geneem het. Data is deur opgeleide veldwerkers en mede-veldwerkers ingesamel. Die data is statisties verwerk en tweerigting-frekwensietabelle is saamgestel.

## 7.4 BEVINDINGE

In die studie is eerstens gepoog om 'n profiel van die inwoners van informele woonhuise saam te stel, wat tot gevolg het dat 'n beter begrip van die individu en aard van die huishouding ten opsigte van informele inwoning verkry is. Bevindinge wys daarop dat die aard van die informele huishouding 'n bydraende faktor tot die huidige informele behuisingsituasie is, wat ook indirek privaatheid beïnvloed.

In die studie is tweedens gepoog om 'n profiel van die geboude informele woonhuis saam te stel, om sodoende 'n beter begrip van die informele-woonhuisontwerp vir privaatheidsdoeleindes te vorm. Die bevindinge ondersteun die feit dat privaatheid beïnvloed word deur die strukturele aard van konstruksiemateriaal, die uitleg en ontwerp van die vloerplan en die grootte en aantal vertrekke van die woonhuis.

In die studie is derdens gepoog om die belewenis van privaatheid in die informele woonhuis te bepaal deur scenario's wat deur die uitleg en ontwerp van die woonhuis gehandhaaf word binne die informele woonhuis te bepaal.

Die feit dat die meerderheid inwoners privaatheid as onbelangrik ag en nie geaffekteer word deur 'n tekort aan privaatheid nie wys daarop dat onderliggende kulturele faktore 'n effek op die privaatheidsgedrag van die individu kan hê. Die bevindinge dui ook daarop dat die aard van die ruimtelike omgewing nie die handhawing van privaatheidsgedrag ondersteun nie en inwoners verplig word om van ander privaatheidsgedragsmeganismes gebruik te maak. Dit is ook 'n aanduiding dat Westerse scenario's wat alleenwees en beheer van inligting insluit weens die kulturele verskil anders geïnterpreteer word. Alhoewel die informele woonhuis tog die Westerse sone-komponente vir privaatheid bevat, funksioneer die sone nie soos verwag word nie en kan optimale privaatheid nie verseker word nie. Die ruimtelike gebrek in die ontwerp van die informele woonhuis het wel 'n effek op die belewenis van privaatheid in die kleinste woonhuiskategorie wat die

vermoede dat die ruimtelike omgewing 'n invloed op privaatheidsgedrag het, ondersteun.

In die studie is laastens gepoog om die toekomstige woonhuisontwerp vir privaatheid te bepaal. Uit die navorsing is bewys gelewer dat die ruimtelike en strukturele gebrek ondervang moet word, sodat in die behoefte aan 'n persoonlike en meer private ruimtelike omgewing aan die individu voorsien kan word.

## **7.5 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN PRIVAATHEID IN DIE WOONHUISONTWERP**

- Privaatheid is 'n universele gedragfenomeen wat 'n belangrike funksie in die ontwikkeling van die self vervul. Dit is daarom belangrik om privaatheid binne hierdie konteks te plaas en die implikasies van 'n gebrek aan privaatheid met betrekking tot die individu binne alle kulture te besef.
- Weens die feit dat privaatheid 'n gedragsfenomeen is, vind dit binne 'n ruimtelike omgewing plaas. Dit is daarom belangrik om die effek van die ruimtelike omgewing op privaatheid veral met betrekking tot die woonhuis as ruimtelike omgewing te identifiseer.
- Die woonhuis as ruimtelike omgewing moet doeltreffend ontwerp word om privaatheidsgedrag te verseker. Dit kan alleenlik suksesvol uitgevoer word indien meer aandag aan die doel en funksie van die ruimtelike sones in die woonhuisontwerp gegee word en die belang daarvan by die handhawing van privaatheid (vgl. Bylae D).
- Dit impliseer dat die professionele en onprofessionele ontwerper van die woonhuis 'n beter begrip van die woonhuis as ruimtelike omgewing moet hê en ook meer bedag op die belang van privaatheid vir die individu en die privaatheidsbehoefte en die gedrag van die individu moet wees.

- Dit bring mee dat die belang van die individu binne die beboude omgewing ondersoek word, maar dat die kulturele perspektief nie buite rekening gelaat word en algemeen privaatheidsafleidings toegepas word in die ontwerp van die woonhuis nie.
- Weens die feit dat die inwoners van informele woonhuise op toekomstige woonhuise wag, kan die ontwerpers van die woonhuise die waarde van privaatheidsontwerp en die implikasies daarvan in ag neem. Sodoende kan verseker word dat woonhuise as ruimtelike omgewing 'n beter privaatheidsgeheel vorm.
- Vir die suksesvolle aanvaarde en bevredigende voorsiening van behuising kan oorweeg word om die uiteindelijke verbruiker by die ontwerp van die woonhuis betrokke te kry. Sodoende sal die privaatheidsbehoefte van die individu bepaal word en in die ontwerp van die omgewing geakkommodeer word. Hierdeur kan die ontstaan van die ontwerp-gaping ook verhoed word deurdat die individu betrokke is by die ontwerp van die omgewing waarin hy/sy moet funksioneer.

## **7.6 MOONTLIKE LEEMTES BETREFFENDE HIERDIE STUDIE**

- Die bevindinge van hierdie studie moet in die lig van moontlike leemtes geïnterpreteer word.
- Een van die probleme wat ten opsigte van hierdie studie geïdentifiseer is, is die respondente se begrip van privaatheid. Alhoewel die metode van data-insameling so konsekwent as moontlik uitgevoer is, is dit te betwyfel of die respondente werklik die vrae ten opsigte van die belewenis van privaatheid verstaan het en 'n gepaste keuse uit die alternatiewe gemaak het.

- 'n Volgende leemte wat geïdentifiseer is, is dat die alternatiewe wat in die privaatheidsscenario's van die vraelys voorgestel is nie noodwendig die korrekte moontlikhede aan die individu gebied het nie.
- Dit is ook moontlik dat die respondente populêre keuses gemaak het wat nie die werklike gedragsgevoel van die individu self geopenbaar het nie.

## **7.7 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING**

- Verdere navorsing kan bepaal wat die werklike privaatheidsbelewenis van die Tswana-kultuur in die Noordwes Provinsie is.
- 'n Meer omvattende studie kan gedoen word om die privaatheidsgedrag van die Suid-Afrikaanse bevolking ten opsigte van die fisiese beboude ruimtelike omgewing te bepaal.
- Daar kan ook gepoog word om meer studies op die ruimtelike aard van gedrag binne die konteks van die woonhuise in Suid-Afrika te fokus.

## **7.8 SLOT**

Die bevindinge van hierdie studie, hoewel beperk, behoort 'n bydrae te lewer tot die opbou van die privaatheidsliteratuur in Suid-Afrika. Dit bied moontlik ook 'n beter perspektief op die behuisingomstandighede van die inwoners van die informele woonhuise met betrekking tot hul belewenis van privaatheid in die woonhuisontwerp. 'n Beter begrip van die woonhuisomstandighede van die inwoners van informele woonhuise kan 'n spoedige voorsiening in meer aanvaarde behuising tot gevolg hê wat veral die behoefte aan privaatheid ondervang. Sodoende kan die kwaliteit van lewe van die individu verbeter word. Dit is daarom belangrik dat die individu nie onafhanklik van die ruimtelike omgewing waarin hy/sy funksioneer gesien word nie, maar as deel van 'n geïntegreerde geheel waarin die gedrag van die individu grootliks deur

die ruimtelike omgewing bepaal word. Die ruimtelike omgewing en meer spesifiek die woonhuis lewer 'n groot bydrae tot die belewenis van privaatheid.

## BIBLIOGRAFIE

- ADAMOPOULOS, J. 1982. The perception of interpersonal behavior: dimensionality and importance of the social environment. **Environment and behavior**, 14(1):29-44, Jan.
- ADLER, J. 1994. Life in an informal settlement. **Urban forum**, 5(2):98-111.
- ALSAYYAD, N. 1993. Culture and squatting: a comparative analysis of informal developments in Latin America and the Middle East. **Open house international**, 18(2):37-47.
- ALTMAN, I. 1975. The environment and social behavior: privacy, personal space, territoriality, crowding. Monterey, Calif.: Brooks/Cole. 256 p.
- ALTMAN, I. 1976. Privacy: a conceptual analysis. **Environment and behavior**, 8(1):7-29, March.
- ALTMAN, I. 1977. Privacy regulation: culturally, universal or culturally specific? **Journal of social issues**, 3(3):66-83.
- ALTMAN, I. 1979. Privacy as an interpersonal boundary process. (In Cranach, M., Foppa, K., Lepenies, W. & Ploog, D. **Human ethology: claims and limits of a new discipline**. London: Cambridge University Press. p. 95-132.)
- ALTMAN, I. & CHEMERS, M. 1984. **Culture and environment**. Monterey, Calif.: Brooks/Cole. 327 p.
- ALTMAN, I. & GAUVAIN, M. 1981. A cross-cultural and dialectic analysis of homes. (In Liben, L.S., Patterson, A.H. & Newcombe, N., eds. **Spatial representation and behavior across the life span: theory and application**. New York: Academic Press. p. 283-320.)
- ANON. 1990a. Environmentally sound shelter in informal urban settlements. **Ekistics**, 342:122-136, May/Jun.

- ANON. 1990b. Blowing down the paper houses. **Financial mail**, 111(6):28-30, Aug.
- ANON. 1992. My neighbour's neighbour. **Financial mail**, 123(8):26-29, Feb.
- ANZORENA, J. 1993. Informal housing and the barefoot architect. (In **Companion to contemporary architectural thought**: 59-62.)
- ARCHEA, J. 1977. The place of architectural factors in behavioral theories of privacy. **Journal of social issues**, 33(3):116-137.
- BARKER, B.J. 1993. Suid-Afrikaanse huisplanne. Kaapstad: Struik. 112 p.
- BARNETT, V. 1974. Elements of sampling theory. London: English Universities Press. 152 p.
- BECKER, F.D. & CONIGLIO, C. 1975. Environmental messages, personalization and territory. **Humanitas**, 11:55-74.
- BEHLOUL, M. 1993. The environment outside dwellings: residents' reaction in four housing estates in Algiers. **Open house international**, 18(4):27-34.
- BELL, P.A., FISHER, J.D., BAUM, A. & GREENE, T.C. 1990. Environmental psychology. 3rd ed. London: Holt, Rinehart and Winston. 637 p.
- BELL, P.A., GREENE, T.C., FISHER, J.D. & BAUM, A. 1996. Environmental psychology. 4th ed. New York: Harcourt Brace College Publishers. 645 p.
- BERNARD, Y. 1991. Evolution of lifestyles and dwelling practices in France. **The journal of architectural and planning research**, 8(3):192-202, Autumn.
- BERSCHIED, E. 1977. Privacy: a hidden variable in external social psychology. **Journal of social issues**, 33(3):85-101.
- BLUMER, H. 1975. Society as symbolic interaction. (In Jesser, C.J. **Social theory revisited**. Hinsdale, Ill: The Dryden Press. p. 307 -328.)

BOTES, L.J.S., STEWARD, T. & WESSELS, J. 1996. Conflict in development: lessons from the housing initiatives in Freedom Square and Namibia Square. **Development South Africa**, 13(3):453-467.

BREBNER, J. 1982. Environmental psychology in building design. London: Applied Science Publishers. 213 p.

CANTER, D.V. & CRAIK, K.H. 1981. Environmental psychology. **Journal of environmental psychology**, 1:1-11.

CANTER, D. & REES, K. 1982. A multivariate model of housing satisfaction. **International review of applied psychology**, 31:185-208.

CANTER, D. 1986. Environmental (social) psychology: an emerging synthesis. (In Canter, D., Jesuino, J.C. Soozka, C. & Stephenson, E.M., eds. Environmental social psychology. London: Kluwer Academic Publishers. p. 1-18.)

CANTER, D. & KENNY, C. 1975. The spatial environment. (In Canter, D., ed. Environmental interaction: psychological approach to our physical surroundings. London: Surrey University Press. p. 127 - 164.)

CHURCHMAN, A. & GINSBERG, Y. 1984. The image and experience of high rise housing in Israel. **Journal of environmental psychology**, 4:27-41.

CRAIK, K.H. 1977. Multiple scientific paradigms in environmental psychology. **International journal of psychology**, 12(2):147-157.

CRANKSHAW, O. & HART, T. 1990. The roots of homelessness: causes of squatting in the Vlakfontein settlement South of Johannesburg. **South African geographical journal**, 72:65-70.

DE WET, J.J., DE K. MONTEITH, J.L., VENTER, P.A. & STEYN, H.S. 1981. Navorsingsmetodes in die opvoedkunde: 'n inleiding tot empiriese navorsing. Durban: Butterworths. 348 p.

- DE BEER, F. 1989. Informal settlements in African cities. *Africa insight*, 19(2):72-81.
- DE BEER, F. 1991. Huis paleis pondok: 'n ou vraagstuk in die nuwe Suid-Afrika. *Africanus*, 21(1/2):61-69.
- DE BEER, F. 1993. Housing policy in South Africa: a view from below. *Africa insight*, 23(2):112-120.
- DEASY, C.M. & LASSWELL, T.E. 1990. Designing places for people: a handbook on human behavior for architects, designers and facility managers. New York: Watson-Guptill Publications. 144 p.
- DELERGA, V.J. & CHAIKIN, A.L. 1977. Privacy and self-disclosure in social relationships. *Journal of social issues*, 33(3):102-115.
- DREW, C.J. & HARDMAN, M.C. 1988. Designing and conducting behavioral research. New York: Pergamon. 305 p.
- DUCKITT, J. 1983. Household crowding and psychological well-being in a South African coloured community. *The journal of social psychology*, 121:231-238.
- EDNEY, J.J. 1976. Human territories comment on functional properties. *Environment and behavior*, 8(1):31-47, March.
- EDNEY, J.J. & BUDA, M.A. 1976. Distinguishing territoriality and privacy: two studies. *Human ecology*, 4(4):283-278.
- EOYANG, C.K. 1974. Effects of group size and privacy in residential crowding. *Journal of personality and social psychology*, 30(3):389-392.
- EVANS, E.W., & LEPORE, S.J. 1993. Household crowding and social support: a quasi experimental analysis. *Journal of personality and social psychology*, 65(2):308-316.

FINIGHAN, W.R. 1980. Some empirical observations on the role of privacy in the residential environment. **Man-environment systems**, 10:153-159.

FISHER, J.D., BELL, P.A. & BAUM, A. 1984. Environmental psychology. 2nd ed. New York: Holt, Rinehart and Winston. 637 p.

FODDY, W.H. 1984. A critical evaluation of Altman's definition of privacy as a dialectical process. **Journal of the theory of social behavior**, 14:297-307.

FODDY, W.H. & FINIGHAN, W.R. 1980. The concept of privacy from a symbolic interaction perspective. **Journal for the theory of social behavior**, 10:1-17.

FUHRER, U. 1990. Bridging the ecological psychological gap: behavior setting as interfaces. **Environment and behavior**, 22(4):518-537, Jul.

GERMAIN, C.B. 1991. Human behaviour in the social environment: an ecological view. New York: Columbia University Press. 543 p.

GIFFORD, R. 1987. Environmental psychology: principles and practice. Boston: Allyn and Bacon. 472 p.

GIFFORD, R. 1997. Environmental psychology: principles and practice. 2nd ed. Boston: Allyn and Bacon. 504 p.

GLENN, J.M., LABOSSIERE, R.P. & WOLFE, J.M. 1993. Squatter regulation: problems and prospects: a case study from Trinidad. **Town and regional planning**, 15:249-262.

GRIEVE, K. 1987. The built environment. (In Viljoen, H., Van Staden, F., Grieve, K. & Van Deventer, V. Environmental psychology: an introduction. Johannesburg: Lexicon Publishers. p. 179-246.)

GRIEVE, K. 1993. Residential satisfaction: successful housing design meets people's needs. **EPM**, 4(4):7-11.

- GUTHEIL, I.A. 1992. Considering the physical environment: an essential component of good practice. **Social work**, 37(5):391-395.
- HARRISON, P. 1992. The policies and politics of informal settlement in South Africa: a historical perspective. **Africa insight**, 22(1):14-22.
- HAYWARD, D.G. 1975. Home as an environmental and psychological concept. **Landscape**, 20:2-9.
- HEIMSTRA, N.W. & McFARLING, L.H. 1978. Environmental psychology. 2nd ed. Monterey, Calif.: Brooks/Cole. 259 p.
- HOLAHAN, C.J. 1982. Environmental psychology. New York: Random House. 422 p.
- HOLAHAN, C.J. 1986. Environmental psychology. **Annual review of psychology**, 37:381-407.
- HOLDEN, R.M. 1996. The role of self-reliant technology in the current South African housing scenario. **Building**, 55:14-16. Jun.
- ITTLESON, W.H., PROSHANSKY, H.M., RIVLIN, L.E. & WINKEL, G.H. 1974. An introduction to environmental psychology. New York: Holt, Rinehart and Winston. 406 p.
- JAGUN, A., BROWN, D.R., MILBURN, N.E. & GARY, L.E. 1990. Residential satisfaction and socio-economic and housing characteristics of urban black adults. **Journal of black studies**, 21(1):40-51.
- JORDAAN, W. & JORDAAN, J. 1985. Mens in konteks. Johannesburg: McGraw-Hill. 831 p.
- KAYE, S.M. 1975. Psychology in relation to design: an overview. **Canadian psychological review**, 16(2):104-110.

KEELEY, R.M. & EDNEY, J.J. 1983. Model house designs for privacy, security, and social interaction. **The journal of social psychology**, 119:219-228.

KELLETT, J. 1989. Health and housing: invited review. **Journal of psychosomatic research**, 33(3):255-268.

KELLETT, P. 1992. Residential mobility and consolidation processes in spontaneous settlements. **Town and regional planning**, 14(4):354-369.

KELVIN, P. 1973. A social-psychological examination of privacy. **British journal of social and clinical psychology**, 12:248-261.

KGANAKGA, M.C. 1994. Privacy and housing in a black urban community. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (M.-verhandeling.)

KILMER, R. & KILMER, W.O. 1992. Designing interior. New York: Harcourt, Brace, Jovanovich College Publishers. 642 p.

KIMMEY, J.M., STEPHENS, M.A.P. & BROCKMANN, A. 1987. Personal and environmental correlates of territoriality and use of space: an illustration in congregate housing for older adults. **Environment and behavior**, 19(6):722-737, Nov.

KLOPFER, P.H. & RUBENSTEIN, D.I. 1977. The concept privacy and its biological basis. **Journal of social issues**, 33(3):52-65.

KOELEY, R.M. & EDNEY, J.J. 1983. Model house designs for privacy, security and social interaction. **The journal of social psychology**, 119:219-228.

LANG, J., BURNETTE, C., MOLESKI, W. & VACHON, D. 1974. Emerging issues in architecture. (In Lang, J., Burnette, C., Moleski, W. & Vachon, D., eds. **Designing for human behavior: architecture and the behavioral sciences**. Stroudsburg, Pa.: Dowden, Hutchinson & Ross. p. 3-14.)

LANG, J., BURNETTE, C., MOLESKI, W. & VACHON, D. 1974. Fundamental processes of environmental behavior. (In Lang, J., Burnette, C., Moleski, W. &

Vachon, D., eds. Designing for human behavior: architecture and the behavioral sciences. Stroudsburg, Pa: Dowden, Hutchinson & Ross. p. 83-97.)

LAUFER, R.S. & WOLFE, M. 1977. Privacy as a concept and a social issue: a multidimensional development theory. *Journal of social issues*, 33(3):22-42.

LAUFER, R.S., PROSHANSKY, H.M. & WOLFE, M. 1976. Some analytic dimensions of privacy. (In Proshansky, H.M., Ittleson, W.H. & Rivlin, L.G., eds. *Environmental psychology: people and their physical settings*. 2nd ed. New York: Holt, Rinehart and Winston. p. 206-217.)

LAWRENCE, R.J. 1982. A psychological - spatial approach for architectural design and research. *Journal of environmental psychology*, 2:37-51.

